

Die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika en die ontwikkeling van die
koraalvoorspel as 'n genre met 'n omvattende katalogus

deur

Janánda Jacomien van Schoor

'n Mini-verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad

Magister in Musiek (Uitvoerende Kuns)

in die Departement Musiek van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

STUDIELEIER: Prof. W.D. Viljoen

Februarie 2014

Abstract

This study is unique as the basic research acknowledges the chorale prelude as a genre in South Africa. The compilation of a catalogue of organ chorale preludes by South African composers is also a first and important contribution to the knowledge of this genre. The history of the organ in South Africa is an integral part of this study and offers a background and context for the research on this specific category of music.

Knowledge of the contributions to this genre in South Africa is however limited because the available literature on these topics is dated. Due to the restricted publishing opportunities in South Africa, works are unpublished or informally published and not re-printed or even published in other countries.

All available literature was thoroughly researched whereafter there was a need to extrapolate the unsatisfactory data with the primary research. Many composers and organ specialists were approached and different library collections were consulted.

The church plays a key role in the history of the organ in South Africa, and this results in the fact that most organ repertoire, by South African composers, is liturgical (church) music. Unfortunately, knowledge of early compositions is unknown and the first documented chorale preludes date from the late 19th and early 20th century. It is only since the middle of the 20th century that South African composers have been actively contributing to the genre reaching a climax during 2010 and 2011 when two volumes of chorale preludes were published by the *Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV)*.

1170 Chorale preludes by 78 composers are catalogued with a chronological discussion of the key works, with reference to different styles and forms, as a well-developed genre.

Keywords

Organ music
South African organ music
Composers
South African composers
South African organ composers
Organ history
South African organ history
Catalogue
Chorale based music
Chorale prelude

Sleutelwoorde

Orrelmusiek
Suid-Afrikaanse orrelmusiek
Komponiste
Suid-Afrikaanse komponiste
Suid-Afrikaanse orrelkomponiste
Orrelgeskiedenis
Suid-Afrikaanse orrelgeskiedenis
Katalogus
Koraalgebaseerde musiek
Koraalvoorspel

INHOUD

HOOFSTUK 1 Inleiding	1
1.1 Agtergrond van, en motivering vir die studie	1
1.2 Probleemstelling	2
1.3 Doel van die studie	3
1.4 Waarde van die studie	3
1.5 Navorsingsmetode	4
1.5.1 Teoretiese studie	4
1.5.2 Empiriese studie	4
1.6 Literatuurstudie	5
1.6.1 Bronne oor die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika	5
1.6.2 Bronne oor Suid-Afrikaanse orrelmusiek	6
1.6.3 Navorsing vir opstel van die katalogus	8
1.6.3.1 Opstel van die katalogus	8
1.6.3.2 Uitleg van die katalogus	9
1.7 Terreinafbakening	10
HOOFSTUK 2 Die geskiedenis van die (kerk)orrel in Suid-Afrika	12
2.1 Die 17de en 18de eeu: die eerste orrels aan die Kaap	12
2.1.1 Die Gereformeerde Kerk, Kaap	12
2.1.1.1 'n Nederlandse nedersetting aan die Kaap	12
2.1.1.2 Gemeentesang in Nederland	12
2.1.1.3 Die gemeente aan die Kaap	13
2.1.1.4 Die eerste orrels aan die Kaap	14
2.1.2 Die Gereformeerde Kerk, Swartlandgemeente	16
2.1.3 Die Gereformeerde Kerk, Paarlgemeente	16
2.1.4 Die Evangelies-Lutherse Kerk, Strandstraat	17
2.1.5 Samevatting	18

2.2 Die 19de eeu: die uitbreiding van die orrel aan die Kaap	19
2.2.1 Die Evangelies-Lutherse Kerk, Strandstraat	20
2.2.2 Die Kaapse gemeente (Grootte Kerk)	21
2.2.3 Die Stellenboschgemeente	22
2.2.4 Die Paarlgemeente (Drakenstein/Strooidakkerk)	25
2.2.5 Die orrel in Grahamstad, Oos-Kaap	27
2.2.6 Samevatting	28
2.3 Die 19de eeu: die verspreiding van die orrel in Suid-Afrika	28
2.3.1 Natal	29
2.3.1.1 Orrelbouers: die Lauterbach-broers, Hermannsburg	29
2.3.1.2 Die orrelboufirma Duffil & Sons	30
2.3.1.3 Orrels wat ingevoer is in Natal	30
2.3.2 Die Oranje-Vrystaat	31
2.3.2.1 Anglikaanse Kerk St Andrews, Bloemfontein	32
2.3.2.2 Nederduitse Gereformeerde Kerk Moedergemeente, Bloemfontein	32
2.3.2.3 Nederduitse Gereformeerde Kerk, Boshof	32
2.3.3 Die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal)	33
2.3.3.1 Nederduitsch Hervormde Kerk, Potchefstroom	33
2.3.3.2 Die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria	34
2.3.4 Samevatting	35
2.4 Die 20ste eeu: die orrel in Suid-Afrika	35
2.4.1 Stadsaalorrels	36
2.4.2 Opleiding van kerk- en konsertorreliste	37
2.4.3 Samevatting	39
HOOFSUK 3 'n Bespreking van Suid-Afrikaanse koraalgebaseerde solo-orrelwerke as genre	40
3.1 Die 18de, 19de en vroeë 20ste eeu	40
3.1.1 Die repertorium van orreliste	40
3.1.2 Samevatting	42
3.2 Die laat 19de eeu: gepubliseerde bladmusiek	43

3.2.1 Karl Edmund Otto von Booth (1843–1923)	43
3.2.2 Petrus van den Burg (1856–1936)	44
3.2.3 Samevatting	44
3.3 Die 20ste eeu: koraalgebaseerde solo-orrelwerke	45
3.3.1 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke tussen 1912 en 1971	45
3.3.1.1 Pieter Kuyper de Vos de Villiers (1874–1949)	45
3.3.1.2 Wilhelm Ernst Heinrich Sönghe (1909–2002)	48
3.3.1.3 Christian (Chris) Lamprecht (1927–)	50
3.3.1.4 Walter Donald Swanson (1920–1985)	52
3.3.1.5 John Joubert (1927–)	53
3.3.1.6 Samevatting	54
3.3.2 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke deur Nederlands-gebore Suid-Afrikaanse komponiste, tussen 1930 en 1989	55
3.3.2.1 Die 20ste-eeuse orrelstyl in Nederland	55
3.3.2.2 Willem Mathleener (1909–1996)	57
3.3.2.3 Willem Zorgman (1903–1981)	60
3.3.2.4 Guurt (Gerrit) van der Tas (1912–1997)	62
3.3.2.5 Hendrik (Henk) Temmingh (1939–)	64
3.3.2.6 Hans Roosenschoon (1952–)	67
3.3.2.7 Gradus Wendt (1914–1996)	68
3.3.2.8 Roelof Willem Temmingh snr. (1913–2001)	69
3.3.2.9 Samevatting	71
3.3.3 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke tussen 1972 en 1989	71
3.3.3.1 Liturgiese orrelmusiek, Band 1–6	71
3.3.3.2 Jacobus Joubert Krige Kloppers (1937–)	74
3.3.3.3 Richard Hermann Behrens (1925–)	76
3.3.3.4 18 koraalvoorspele vir die orrel (1983)	78
3.3.3.5 Hetta Potgieter (1949–)	78
3.3.3.6 Samevatting	79
3.3.4 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke tussen 1990 en 1996	80
3.3.5 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke tussen 1997 en 2000	81

3.3.5.1 Niel Pauw (1943–)	81
3.3.5.2 Hans Babst (1934–2013)	81
3.3.5.3 Met hart en mond en hande! (1998)	82
3.3.5.4 Abraham (Awie) van Wyk (1949–)	82
3.3.5.5 Samevatting	83
3.4 Die 21ste eeu: koraalgebaseerde solo-orrelwerke	83
3.4.1 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke van 2001 tot 2009	83
3.4.1.1 Babs Brouwer (1938–)	83
3.4.1.2 Hester Eigner-van der Westhuizen (1969–)	84
3.4.1.3 Albertus Jacobus Johannes Troskie (1942–)	84
3.4.1.4 Tjaart Jakobus Petrus Krüger (1983–)	86
3.4.1.5 Christian (Chris) Lamprecht (1927–)	86
3.4.1.6 John Reid Coulter (1958–)	87
3.4.1.7 Jan Elsenaar (1967–)	87
3.4.1.8 Winfried Lüdemann (1951–)	88
3.4.1.9 Werner Retief (1965–)	89
3.4.1.10 Samevatting	89
3.4.2 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke ná 2010	90
3.4.2.1 Feesbundel (2010)	91
3.4.2.2 Erediensmusiek (2011)	92
3.4.2.3 Samevatting	93
HOOFSTUK 4 Gevolgtrekking	95
HOOFSTUK 5 'n Katalogus van koraalgebaseerde Suid-Afrikaanse solo-orrelwerke	99
5.1 Inleiding en gebruiksaanwysings	99
5.2 BABST, HANS (1934–2013)*	102
5.3 BARNARD, NIEL (1974–)	102
5.4 BEHRENS, RICHARD (R.H.) (1925–)*	103
5.5 BRITS, DALENE (1948–)	107

5.6 BROUWER, BABS (1938–)*	107
5.7 CILLIÉ, GAWIE (G.G.) (1910–2000)	111
5.8 CONRADIE, ERNS (1941–)	111
5.9 COULTER, JOHN REID (1958–)	111
5.10 CRUICKSHANK, ANDREW (1973–)	112
5.11 DE VILLIERS, DIRKIE (D.I.C.) (1921–1993)	112
5.12 DE VILLIERS, PIETER KUYPER DE VOS (1874–1949)*	112
5.13 DE VILLIERS, WYNAND GIDEON (1981–)	113
5.14 DE VRIES, GERARD (1912–1972)	113
5.15 DRIESSEN, MARTHIE (M.F.) (1934–)*	113
5.16 DURANDT, VERNA (1934–2008)	115
5.17 EIGNER-VAN DER WESTHUIZEN, HESTER (1969–)*	115
5.18 ELS, ANTON (1959–)	116
5.19 ELS, GIDEON (1969–)	116
5.20 ELSENAAR, JAN (1967–)	116
5.21 ERASMUS, JOANITA (1969–)	117
5.22 GROVÉ, STEFANS (1922–)	117
5.23 GREYLING, JOHAN (J.D.) (1939–)*	118
5.24 GROVÉ, IZAK (I.J.) (1947–)*	119
5.25 HOFMEYR, HENDRIK (H.P.) (1957–)	120
5.26 HUYSSSEN, HANS (1964–)	120
5.27 JOLLY, MARGARET (1919–2004)	120
5.28 JORDAAN, GERRIT (1964–)	121
5.29 JORDAAN, HERMAN (1975–)	121
5.30 JOUBERT, HENNIE (1926–1986)	121
5.31 JOUBERT, JOHN (1927–)*	121
5.32 KARSTEL, OLIVER AUBREY (1893–?)	122
5.33 KLOPPERS, JACOBUS (1937–)*	122
5.34 KRIGE, JACUS (1982–)	124
5.35 KRUGER, DALEEN (1956–)	125
5.36 KRÜGER, TJAART PETRUS JAKOBUS (1983–)*	125

5.37 LAMPRECHT, CHRISTIAN (CHRIS) (1927–)*	126
5.38 LAMPRECHT, DEON (1950–)	129
5.39 LÜDEMANN, WINFRIED (1951–)*	129
5.40 MATHLENER, WILLEM (1909–1996)*	130
5.41 MEYER, JACO (R.J.) (1988–)	134
5.42 NEWCATER, GRAHAM (1941–)	134
5.43 OLIVIER, GERRIT (1945–)	134
5.44 PAUW, NIEL (1943–)*	135
5.45 POTGIETER, LAURENS MARTHINUS (LAURIE) (1944–1995)	137
5.46 POTGIETER, HETTA (H.M.) (1949–)	137
5.47 POTGIETER, JOHANN (J.H.) (1934–)	137
5.48 RETIEF, WERNER (1965–)*	138
5.49 ROODE, MAARTEN CHRISTIAAN (1907–1967)	140
5.50 ROOSENSCHOON, HANS (1952–)*	140
5.51 SCHNEIDER, ULMONT VICTOR (1923–?)	140
5.52 SCHOOMBIE, ELIZE (1964–)	141
5.53 SÖNGHE, WILHELM (W.E.H.) (1909–2002)*	141
5.54 SPIES, BERTHA (1943–)	142
5.55 STAM, JOOP (1934–)*	142
5.56 STANDER, DENNIS (1952–)	142
5.57 SWANSON, WALTER (1920–1985)*	143
5.58 TEMMINGH, HENDRIK (HENK) (1939–)*	145
5.59 TEMMINGH, ROELOF (1913–2001)*	147
5.60 TEMMINGH, ROELOF (1946–2012)*	147
5.61 TEMMINGH, ZORADA (1960–)*	147
5.62 TROSKIE, ALBERT (A.J.J.) (1942–)*	148
5.63 VAN DEN BURG, PETRUS (1856–1936)*	149
5.64 VAN DER SPUY, MELVILLE (1931–)	149
5.65 VAN DER TAS, GUURT (GERRIT) (1912–1997)*	149
5.66 VAN DER WATT, NIEL (G.D.) (1962–)*	151
5.67 VAN DER WESTHUIZEN, PIETER (H.P.) (1931–)	151

5.68 VAN NAMEN, ARIE (A.A.) (1926–)*	152
5.69 VAN WYK, ATTIE (1981–)	152
5.70 VAN WYK, ABRAHAM (AWIE) (1949–)*	153
5.71 VAN WYK, THEO (1974–)	154
5.72 VENTER, MARTIN	154
5.73 VERMAAS, COR (1919–1991)	154
5.74 VERMEULEN, OCKIE (1977–)	155
5.75 VILJOEN, NICOL (1952–)	155
5.76 VILJOEN, WIM (W.D.) (1950–)*	155
5.77 VON BOOTH, KARL EDMUND OTTO (1843–1923)*	155
5.78 WENDT, GRADUS (1914–1996)*	156
5.79 ZORGMAN, WILLEM (1903–1981)*	157
BRONNELYS: MUSIEKPARTITURE	160
BRONNELYS: VERSAMELBUNDELS	170
BRONNELYS: SANGBUNDELS	172
BRONNELYS	173

HOOFSTUK 1

Inleiding

1.1 Agtergrond van, en motivering vir die studie

Verskeie musiekkompetisies in Suid-Afrika moedig deelnemers aan (of verplig hulle) om repertorium deur Suid-Afrikaanse komponiste uit te voer. Tydens deelname aan sodanige kompetisies is ek aan musiek uit die Suid-Afrikaanse repertorium blootgestel, en daardeur het ek 'n belangstelling in, en waardering vir orrelmusiek uit eie bodem ontwikkel.

Van al die repertorium lê die koraalvoorspel my, as kerkorrelis, baie na aan die hart omdat dit so lank reeds 'n besonder verdiepende bydrae tot die erediens lewer. Die koraalvoorspel is sinoniem met die orrel en met Protestantse kerkmusiek, en is in die sewentiende eeu in Duitsland deur Johann Sebastian Bach tot 'n hoogtepunt gevoer (Randel 2003:612). In Suid-Afrika het gemeentelede reeds sedert die 18de eeu 'n behoefte aan orrels in hulle gemeentes gehad (Nel 1968:34). Dat die navorsing vir hierdie studie sou toon dat die kerk 'n belangrike rol in die ontstaan en ontwikkeling van die orrel in Suid-Afrika gespeel het, is dus nie verbasend nie.

Vanweë die invloed van die kerk is die meeste Suid-Afrikaanse orrelkomposisies koraalgebaseerd, dit wil sê koraalvoorspele vir kerkgebruik. Soos hierbo gesuggereer is, is die koraalvoorspel steeds belangrik in die eietydse erediens. Navorsing oor die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika, en oor koraalvoorspele deur Suid-Afrikaanse komponiste is dus nie net relevant nie, maar gaan ook hand aan hand. Navorsing oor die historiese verloop van die orrel en die koraalvoorspel in Suid-Afrika is musiekwetenskaplik en kultuurhistories van belang, en die katalogisering van koraalvoorspele deur Suid-Afrikaanse komponiste lewer 'n belangrike bydrae tot die uitbreiding van die orrelrepertorium: dit maak orreliste en ander kerkmusici bewus van koraalgebaseerde werke wat vir die kerk geskik is, en ontsluit ook werke wat (soos in die eerste paragraaf genoem is) in konsertprogramme voorgedra kan word.

Dit is verblydend dat hierdie navorsing bo verwagting baie gepubliseerde én ongepubliseerde koraalvoorspele deur Suid-Afrikaanse komponiste aan die lig gebring het.

1.2 Probleemstelling

Daar bestaan min literatuur oor die geskiedenis van die orrel en orrelmusiek in Suid-Afrika. Die twee mees waardevolle studies oor hierdie onderwerp is bowendien taamlik verouderd, omdat dit die orrelgeskiedenis en -komposisies slegs tot onderskeidelik 1968 en 1980 behandel. Hierdie twee studies is P.G. Nel se D.Phil.-proefskrif, *Die geskiedenis en betekenis van die orrel in Suid-Afrika* (Universiteit van Pretoria, 1968) en J. Godschalk se B.Mus.(Hons.)-skripsie, *Oorsig van die gepubliseerde Suid-Afrikaanse solo orrelmusiek tot medio 1980* (Universiteit van die Witwatersrand, 1981). Meer onlangse studies is A.J.J. Troskie se twee boeke, *Pyporrels in Suid-Afrika* (1992) en *The Pipe Organ Heritage of South Africa* (2010), wat die orrelgeskiedenis en orrelbou in Suid-Afrika behandel. Ander literatuur is afgebaken tot spesifieke terreine: vrye werke, gepubliseerde werke, sekere aspekte van liturgiese orrelmusiek, en sekere Suid-Afrikaanse orrelkomponiste.

Onderwerpe soos Suid-Afrikaanse orreliste en orrelkomposisies, spesifiek koraalgebaseerde werke, is egter tot dusver verwaarloos. Daar is geen literatuur wat die ontwikkeling van die koraalvoorspel teen die agtergrond van die ontstaan en ontwikkeling van die orrel in Suid-Afrika bespreek nie. Daar bestaan ook geen volledige databasis van Suid-Afrikaanse orrelwerke of, meer spesifiek, koraalvoorspele deur Suid-Afrikaanse komponiste nie. Baie van hierdie werke is oor die algemeen onbekend en die bladmusiek is moeilik bekombaar: talle werke is ongepubliseerd, of in die buiteland gepubliseer, of word nie herdruk nie, en gaan dus verlore.

1.3 Doel van die studie

Die hoofdoel van hierdie studie is die bestudering en katalogisering van koraalvoorspele deur Suid-Afrikaanse komponiste. Terselfdertyd word die geskiedenis van die kerkorrel in Suid-Afrika as 'n sekondêre doel nagevors.¹ Die studie bevat drie hoofkomponente:

- i) 'n Beknopte (agtergrond)studie van die geskiedenis van die kerkorrel in Suid-Afrika, binne die beperkings van die beskikbare bronne;
- ii) 'n Chronologiese uiteensetting van die ontwikkeling van die koraalvoorspel in Suid-Afrika; en
- iii) Die saamstel (vir die eerste keer) van 'n omvattende katalogus van Suid-Afrikaanse koraalgebaseerde solo-orrelwerke.

1.4 Waarde van die studie

Hierdie studie lewer 'n bydrae tot die uitbreiding van kennis van die (kerk)orrel in Suid-Afrika en, veral, die katalogisering van die repertorium van orrelmusiek (spesifiek koraalvoorspele) deur Suid-Afrikaanse komponiste.

Die repertorium wat in die katalogus verskyn, is veral vanuit 'n historiese oogpunt saamgestel en weerspieël die ontwikkelingsgang van orrelmusiek in Suid-Afrika. Om hierdie rede sluit dit nie slegs werke in wat kompositories van die allerhoogste gehalte is nie. Soos reeds genoem is, lewer die katalogus van koraalgebaseerde werke in die eerste plek 'n bydrae tot die repertorium van kerkmusiek, aangesien meeste van die werke vir uitvoering in die erediens gekomponeer is. Die katalogus sluit egter ook werke in wat op koraalmelodieë gebaseer is, maar vir uitvoering in konserte of kompetisies gekomponeer is en voeg sodoende ook, in die tweede plek, waarde tot die konsertrepertorium toe. Sommige werke in die kerkmusiekrepertorium is ook vir konsertuitvoerings geskik.

¹ Vanweë die sterk verband tussen (Protestantse) kerkmusiek, die orrel in die erediens, en die koraalvoorspel as komposisie wat tydens die erediens op die orrel uitgevoer word (kyk 1.1 hierbo).

Volgens Beard & Gloag (2005:80) lê die sukses van 'n katalogus nie net in die byeenbring van die data nie, maar ook in 'n bespreking van die werke en die komponiste. Afgesien van die primêre belang dat 'n katalogus van koraalgebaseerde werke vir solo-orrel dus vir die eerste keer opgestel is, lewer hierdie studie 'n verdere bydrae deur die koraalvoorspel as genre te bespreek.

1.5 Navorsingsmetode

Hierdie geskiedkundige studie berus op sowel teoretiese as empiriese navorsing.

1.5.1 Teoretiese studie

Die vertrekpunt van hierdie studie is om 'n sintese van bestaande literatuur te maak om sodoende 'n geskiedenis van die kerkorrel in Suid-Afrika, 'n lys van orrelkomponiste, 'n lys van koraalgebaseerde werke, asook inligting oor sekere komponiste en orrelwerke daar te stel.

1.5.2 Empiriese studie

Aangesien daar leemtes binne die huidige literatuur bestaan, moet die inligting hersien en aangevul word by wyse van primêre navorsing in biblioteke soos die Nasionale Biblioteek in Kaapstad, versamelings soos die F.Z. van der Merwe-versameling aan die Universiteit van Pretoria, en die versameling van die Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (SAMRO) in Johannesburg. Een van die redes hiervoor is dat heelwat bladmusiek slegs in manuskripvorm bestaan en nie vrylik in die handel verkrygbaar is nie. Ter wille van volledigheid sal inligting ook sover moontlik by komponiste en/of hulle familie bekom en op webtuistes nagespoor word.

1.6 Literatuurstudie

1.6.1 Bronne oor die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika

Tot dusver is die belangrikste bron oor die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika P.G. Nel se (kyk 1.2) D.Phil.-proefskrif, getiteld *Die geskiedenis en betekenis van die orrel in Suid-Afrika* (1968, Universiteit van Pretoria). Die meeste van die bronne vir sy studie is argiefmateriaal, soos koerante, tydskrifte, brosjures en jaarboeke van kerke en museums (Nel 1968:128). Nel bespreek die ontwikkeling van die orrel vanaf die 17de tot en met die 20ste eeu. Onderwerpe soos die eerste orrels, vroeë orrelbouers, orreliste, asook orrelkultuur in Suid-Afrika in die loop van hierdie drie eeue word bespreek. Daar word egter geen melding van Suid-Afrikaanse orrelmusiek gemaak nie. Hierdie waardevolle studie is 'n goeie vertrekpunt vir my navorsing oor die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika.

Vir die musiekleier is die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV) se tydskrif, wat sedert 1980 verskyn. Die 39ste uitgawe van die tydskrif is in 2012 gepubliseer. Dié tydskrif bied 'n vrugbare bron van inligting vir hierdie studie, danksy talle waardevolle artikels en rubrieke oor orrelkomponiste, orrelmusiek, Suid-Afrikaanse opnames en resensies. Aanvullend tot Nel se studie is belangrike artikels oor die vroeë geskiedenis van die orrel in die tydskrif gepubliseer: “Die orrelis/sangleier in die Afrikaanse kerke ('n oorsig)” (Cillié 1980a:11–21), “Kerkmusiek in Stellenbosch” (Van der Westhuizen 1981:14–26), “Ons kerkorrels – die Ned. Geref. gemeente Stellenbosch” (De Lange 1983:46–53) en “Kerkmusiek in die Paarl tot 1945” (Cillié 1989:10–12).

Pyporrels in Suid-Afrika (1992) deur A.A.J. (Albert) Troskie is een van die belangrikste publikasies oor die pyporrels van Suid-Afrika. “Met *Pyporrels in Suid-Afrika* word 'n poging aangewend om die ryke verskeidenheid instrumente in ons land op 'n geordende wyse aan te bied” (Troskie 1992:inleiding). Hierdie bron gee die geskiedenis van die orrel en orrelbouers, asook invloede van verskillende lande op

orrelbou in Suid-Afrika noukeurig weer. In 2010 verskyn *The Pipe Organ Heritage of South Africa* deur dieselfde skrywer. In hierdie boek bespreek Troskie 135 historiese orrels wat uit die eeu van 1814 tot 1914 dateer.

1.6.2 Bronne oor Suid-Afrikaanse orrelmusiek

Alhoewel daar betreklik min bronne oor die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika bestaan, is daar heelwat meer bronne oor die Suid-Afrikaanse orrelmusiek. Die eerste skripsie oor orrelmusiek in Suid-Afrika is J. Godschalk se (kyk 1.2.)

B.Mus.(Hons.)-skripsie, getiteld *Oorsig van die gepubliseerde Suid-Afrikaanse solo orrelmusiek tot medio 1980* (1981, Universiteit van die Witwatersrand). Godschalk verdien lof vir sy deeglike navorsing in stadsbiblioteke, universiteitsbiblioteke, museums en by ander instansies. Omdat hy sy studie beperk het tot gepubliseerde werke, bestaan daar ruimte vir navorsing oor en katalogisering van 'n groot getal (destyds) ongepubliseerde komposisies én drie dekades se nuwe musiek wat sedertdien gekomponeer is.

In W.S. Luitingh se M.Mus.-skripsie, getiteld *Die Suid-Afrikaanse komponis Hendrik ('Henk') Temmingh: 'n biografie en 'n katalogus van sy orrelwerke* (2010, Universiteit van Pretoria), verskyn 'n hoofstuk oor gepubliseerde Suid-Afrikaanse orrelmusiek. Luitingh verwys na die waarde van die *South African Music Encyclopedia/Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie* (SAME) onder hoofredakteurskap van J.P. Malan, wat in 1980, 1982, 1984 en 1986 onderskeidelik in vier bande as 'n naslaanwerk deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) gepubliseer is. Hierdie ensiklopedie bevat bydraes van musiekspesialiste oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe uit die Suid-Afrikaanse musiekwêreld. Luitingh (2010:2–13) was die eerste persoon wat SAME gebruik het om 'n lys van Suid-Afrikaanse orrelkomponiste met hul geboorte- en sterfdatums op te stel.

SAME is 'n goeie bron van biografiese inligting, en word aangevul deur studies soos dié van Luitingh, en C.H.N. Carstens se M.Mus.-verhandeling getiteld *Die orrelwerke*

van Jacobus Kloppers (1937): 'n stylstudie (1995, Universiteit van Port Elizabeth), wat inligting oor individuele komponiste se werke en musiekstyle bied. *Vir die musiekleier* bevat die gereelde rubriek “Wat kan ek speel?”, asook artikels waarin Suid-Afrikaanse orrelwerke bespreek word (Troskie 1984:57). Die genoemde bronne is almal gebruik in my navorsing oor die koraalvoorspel in Suid-Afrika.

Volgens Godschalk (1981:3) is *Liturgiese orrelmusiek* 'n belangrike reeks. Dit is die eerste versameling waarin daar hoofsaaklik werke deur Suid-Afrikaanse orrelkomponiste verskyn het. Ses bande is tussen 1972 en 1989 uitgegee deur die Sinodale Eredienskommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat. Die bande is saamgestel deur die Kerkmusiekafdeling van die Musiekdepartement van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (vandag die Universiteit van die Vrystaat). W. Groenewald bespreek hierdie versameling se waarde en bydrae tot die Suid-Afrikaanse kerkmusiek in haar M.Mus.-skripsie, getiteld *'n Bespreking van Liturgiese Orrelmusiek Bande 1 tot 6* (1990, Universiteit van die Oranje-Vrystaat).

'n *Feesbundel* is in 2010 deur die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV) gepubliseer ter viering van dié vereniging se dertigjarige bestaan. Hierdie bundel is saamgestel deur Gerrit Jordaan en Daleen Kruger, en bevat 72 verwerkings vir orrel, koor en instrumente, gebaseer op liederes uit die *Liedboek van die Kerk* (N.G. Kerk-Uitgewers, 2010). Dit is die eerste bundeling van koraalvoorspele deur Suid-Afrikaanse komponiste sedert die reeks *Liturgiese orrelmusiek*. Hierdie versameling is in 2011 in 'n daaropvolgende bundel, getiteld *Erediensmusiek*, met nog 32 koraalvoorspele uitgebrei. Aan die einde van laasgenoemde bundel word kort biografiese aantekeninge oor die komponiste verstrek.

1.6.3 Navorsing vir opstel van die katalogus

1.6.3.1 Opstel van die katalogus

Die katalogus vir hierdie studie is opgestel op grond van vyf bronne oor Suid-Afrikaanse orrelmusiek. Die grootste en belangrikste bron is die katalogus van die Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (SAMRO), wat komponiste en individuele werke registreer. Daar is egter verskeie leemtes. Eerstens is Suid-Afrikaanse komponiste nie almal by SAMRO geregistreer nie. Tweedens versuim komponiste soms om 'n kopie van hul nuwe komposisies se bladmusiek by SAMRO se musiekargief in te dien. Derdens het sekere partiture, of dele daarvan, verlore geraak. Die navorser het die bestaande katalogus en musiekpartiture noukeurig deurgewerk en vergelyk om ongerymdhede uit die weg te ruim. Tog is SAMRO se katalogus van Suid-Afrikaanse solo-orrelwerke baie groter as dié van enige ander instansie.

Die tweede bron is C. Swanepoel se M.Mus.-verhandeling, getiteld *Ons gewyde musiek* (1954, Universiteit van Stellenbosch). Dit bevat 'n lys van gewyde werke deur Suid-Afrikaanse komponiste vir enige instrument of koor. Die waarde van hierdie studie lê in die lys orrelwerke van laat 19de-eeuse en vroeë 20ste-eeuse komponiste, wat nie vrylik beskikbaar is nie.

Die derde bron is S. Lategan se belangrike artikel getiteld "Geselekteerde orrelverwerkings van ons psalmmelodieë", wat in *Vir die musiekleier* nr. 9 (1985) verskyn het. Lategan bespreek verwerkings deur Duitse, Oostenrykse, Amerikaanse en Suid-Afrikaanse komponiste en verstrek 'n lys van psalmverwerkings deur, onder andere, Suid-Afrikaanse komponiste.

G.A. Jordaan (2007, Noordwes-Universiteit) se D.Mus.-proefskrif, getiteld *Die interpretasie en uitvoering van Stefans Grové se "Afrika Hymnus II"*, bevat 'n repertoriumlys van vrye orrelwerke deur Suid-Afrikaanse komponiste as bylaag.

Jordaan se lys vul die SAMRO-katalogus aan deur die toevoeging van werke van komponiste wat in SAMRO se katalogus ontbreek.

Die vyfde bron waarop die navorser gesteun het, is die katalogus van die F.Z. van der Merwe-versameling aan die Universiteit van Pretoria. Hier is werke van Suid-Afrikaanse orrelkomponiste opgespoor wat nie in die bogenoemde katalogusse of versamelings verskyn het nie, byvoorbeeld die werke van Richard Behrens.

Nadat die inligting van bogenoemde vyf bronne bymekaar gevoeg is, was daar steeds leemtes wat slegs aangevul kon word deur die komponiste of hul familie te kontak. Hierdeur kon die navorser volledige, akkurate data in die katalogus van hierdie studie opneem.

1.6.3.2 Uitleg van die katalogus

Luitingh (2010:1-3) bespreek die metodiek van die samestelling van verskillende tipe katalogusse, byvoorbeeld:

- a) Alfabeties – komponiste en hul werke word alfabeties gelys (kyk *Organ literature: A Comprehensive survey* (1995) van C.R. Arnold);
- b) Chronologies – werke word volgens die datum van komposisie gelys (kyk *Thematisches Verzeichnis der musikalischen Werke – G.J. Rheinbergers* (1974) van H.J. Irmen); en
- c) Tematies – 'n komponis se werke word in verskillende kategorieë verdeel (kyk *Oxford Composer Companions: J.S. Bach* (1999) van M. Boyd).

Vir die navorser is dit van belang dat 'n katalogus 'n sistematiese rangskikking van data is. Na gelang van die doel van 'n katalogus word verskillende rangskikkings gebruik.

Vir die doel van hierdie katalogus van Suid-Afrikaanse koraalvoorspele is die inligting (data) deur die navorser op die volgende metode saamgestel:

- a) Komponiste is alfabeties volgens hul vanne gelys;
- b) 'n Komponis se naam, geboorte- en (waarskynlike) sterfdatum is aangedui;
- c) Komponiste se werke is tematies verdeel in gepubliseerde koraalvoorspele en ongepubliseerde koraalvoorspele;
- d) Die koraalvoorspele is in die spesifieke tematiese afdeling volgens titel (soos deur die komponis aangedui) alfabeties gelys; en
- e) In die gevalle waar die titels van die koraalvoorspele slegs die liednommers van 'n spesifieke sangbundel weergee, is die werke numeries gelys.

1.7 Terreinafbakening

Die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika dien as agtergrondstudie en konstekstualisering. Dit bring inligting uit verskillende bronne (kyk 1.6) vir die eerste keer in een dokument byeen. Aangesien die geskiedenis binne die raamwerk van die kerk bespreek word, word minder aandag aan konsertinstrumente soos stadsaalorrels gegee.

Vanweë die omvang van die studie is dit nie vir die navorser moontlik om al die komponiste en al die werke wat in die katalogus verskyn, te bespreek nie, asook aan te dui waar alle musiekpartiture beskikbaar is nie.

Die katalogus word tot koraalvoorspele beperk. 'n Koraalvoorspel word omskryf as 'n oorspronklike werk, gebaseer op 'n koraalmelodie, vir solo-orrel. Inleidings, tussenspele, naspele en alternatiewe harmoniserings, selfs van groter omvang, word nie as koraalvoorspele beskou nie en vorm dus nie deel van hierdie studie nie.

Die studie word voorts beperk tot Suid-Afrikaanse komponiste wat na 1840 gebore is, omdat geen Suid-Afrikaans gekomponeerde koraalvoorspele van voor 1850 opgespoor kon word nie. Komponiste word volgens Luitingh (2001:2-4) se drieledige klassifisering getipeer as:

- a) "Outentiek" Suid-Afrikaanse komponiste (in Suid-Afrika gebore);

- b) Suid-Afrikaanse komponiste wat elders gebore is, maar in Suid-Afrika woon;
en
- c) “Verplaaste” Suid-Afrikaans-gebore komponiste (woon nie in Suid-Afrika nie).

Die navorser vind hierdie indeling van waarde en dit word derhalwe as riglyn vir die studie gebruik.

Die Universiteit van Pretoria vereis dat die komponiste toestemming vir die vrystelling van ongepubliseerde werke, wat nie in bestaande literatuur genoem word óf by argiewe en biblioteke beskikbaar is nie, gee. Hierdie toestemmingsbriewe is aan die einde van 2012 afgehandel en dus word die katalogus beperk tot werke wat tot en met 2012 gekomponeer is.

HOOFSTUK 2

Die geskiedenis van die (kerk)orrel in Suid-Afrika

2.1 Die 17de en 18de eeu: die eerste orrels aan die Kaap

2.1.1 Die Gereformeerde Kerk, Kaap

2.1.1.1 'n Nederlandse nedersetting aan die Kaap

Toe Jan van Riebeeck en sy geselskap in 1652 voet aan wal sit aan die Kaap om 'n nedersetting daar te vestig in opdrag van die Nederlandse regering, het Nederlandse en Britse skepe die Kaap reeds meer as vyftig jaar lank gebruik as 'n halfwegstasie op reis na Indië. 'n Georganiseerde en moontlik winsgewende verversingspos was 'n nuttige toevoeging tot die Nederlandse skeepsverkeer (Muller 1985:21).

Muller (1985:22) noem die "Van Riebeeck se gebed" aan boord van sy skip, die *Dromedaris*, wat bevestig dat hierdie groep mense diep gelowig was. Die nedersetting het onder die kerklike gesag van die Gereformeerde Kerk van Nederland gestaan (Muller 1985:35). Hierdie nedersetting se verbintenis met die kerk het meegebring dat daar met verloop van tyd 'n orrelkultuur aan die Kaap geskep is (Nel 1968:33).

Godsdienstige byeenkomste het in die fort plaasgevind, tot die winterreëns die gebou in 1663 onbruikbaar gemaak het (Muller 1985:36). Die hoeksteen van die kasteel is in 1666 gelê en 'n houtgebou is op die kasteelplein gebou. Hierdie was die eerste kerkgebou in Suid-Afrika, maar dit is soms ook as 'n pakhuis gebruik (Nel 1968:11).

2.1.1.2 Gemeentesang in Nederland

In Nederland is die psalmberymings wat in 1566 deur Petrus Dathenus uit Frans in Nederlands vertaal is, gesing. Calvyn was 'n voorstander van onbegeleide sang, in

ooreenstemming met die praktyk in die vroeë kerk (Strydom 1994:81,82). Calvinistiese gemeentes in Nederland volg hierdie denkskool na en sing ongebeleid, maar met die hulp van 'n voorsanger, gewoonlik die skoolmeester. Die toonhoogte, tempo en ritme is aan die begin van elke frase deur die voorsanger bepaal (Strydom 1994:90).

Die 17de eeu was die goue eeu van orrelbou in Nederland, en 'n gemeenskap van ontwikkelde vakmanne in die orrelboukuns het verskeie indrukwekkende orrels gebou (Troskie 1992:1). Ook die orrels in kerkgeboue het aan die stadsraad behoort. Sommige kerkrade het met die stadsrade gereël dat die psalms voor en na eredienste op die orrel voorgespeel word om die aanleer van nuwe melodieë te vergemaklik (Strydom 1994:91).

Die gemeentesang (wat toe nog ongebeleid was) was egter onbevredigend. Vanaf die vroeë 17de eeu het hierdie kwessie tot breedvoerige besprekings oor die gepastheid van die orrel as begeleidingsinstrument aanleiding gegee (Ingelse 1996:57). Enkele gemeentes het besluit om die orrel as begeleidingsinstrument vir die gemeentesang te gebruik, byvoorbeeld Arnhem (1632), Delft (1634), Leiden (1636) en Dordrecht (1638) (Ingelse *et al* 1996:56). Die manier waarop die orrel in die erediens gebruik is, het ontwikkel by wyse van 'n langsame proses wat tot in die 19de eeu geduur het (Ingelse *et al* 1996:58).

2.1.1.3 Die gemeente aan die Kaap

Die gemeente aan die Kaap was die dogtergemeente van die Gereformeerde Kerk Amsterdam, wat die orrel sedert 1680 as begeleidingsinstrument gebruik het (Nel 1968:8). Die aanleer van die Geneefse psalmmelodieë met die Datheense beryming was deel van die Kaapse skoolonderrig. Die gemeentesang sou hieruit voordeel kon trek (Bouws 1996:3), maar uit Adam Tas se skrywe van 1703 kan afgelei word dat die gemeentesang onder leiding van die voorsanger nie na wense was nie (Nel 1968:12).

In 1679 is die houtgebou op die kasteelplein gesloop. Vir meer as twintig jaar lank word daar gebou aan 'n nuwe, swierige kerkgebou in die Barokstyl, wat in 1704 ingewy word. Gegewe die klein gemeenskappie van slegs 402 mans, 224 vrouens en 521 kinders in 1699 (Muller 1985:44), is dit merkwaardig dat daar in die uitleg van die kerkgebou 'n ruimte vir 'n orrel voorsien is (Nel 1968:11).

Sestien jaar nadat die kerkgebou voltooi is, dit wil sê in 1720, is die eerste amptelike versoek vir 'n orrel aan die Politieke Raad (die leiers van die Kaap) gerig. Dit is nie onwaarskynlik nie dat so 'n versoek al vroeër gerig is, maar omdat kerkraadsnotules uit hierdie tyd verlore gegaan het (Nel 1968:13), kan dit nie bevestig word nie.

Die aansoek van 1720 was vir die invoer van 'n tweemanuaalorrel met sestien registers uit Nederland, en vir 'n bekwame Nederlandse orrelis (Troskie 1992:1). Hierdie wens is nie verwesenlik nie, moontlik omdat daar te min ruimte op die seilskepe was om groot instrumente in te voer. Hieruit kan afgelei word dat daar teen 1720 geen orrels of orreliste aan die Kaap was nie (Nel 1968:14).

2.1.1.4 Die eerste orrels aan die Kaap

In die 18de eeu het die pionierstydperk in die Kaap aangebreek en is daar gepoog om orrels plaaslik te bou (Nel 1968:34).

In 1735 het goewerneur Jan de la Fontaine aan Jan Posse (Poosen) opdrag gegee om 'n klein orrel van tien tot twintig registers vir De la Fontaine se dogter Barbara Elizabeth te bou (Troskie 1992:1). Jan Poosen, 'n Duitse Kompanjiesamptenaar aan die Kaap, was 'n orrelbouer van beroep. Troskie (1992:1) meen dat hierdie instrument 'n kabinetorrel was, maar Nel (1968:15) beskryf dit as 'n huisorrel. Cillié (1980a:11) noem dit weer 'n traporrel of serafyn, waaruit afgelei kan word dat die instrument vir huisgebruik bedoel was. Dit word as die eerste orrel in Suid-Afrika beskou (Troskie 1992:1).

By goeweneur De la Fontaine se terugkeer na Nederland in 1737 het die Kaapse gemeente hom versoek om die orrel aan die gemeente te skenk. Hy het die orrel teen 500 Nederlandse gulde te koop aangebied, en aangesien die Stellenbosch-gemeente ook in die goewerneur se aanbod belanggestel het, was die Kaapse gemeente genoodsaak om hierdie bedrag vir die aankoop van die orrel te betaal. Hierdie orrel word dus die eerste kerkorrel in Suid-Afrika (Troskie 1992:1).

Die eerste orrelis van die Kaapse gemeente, Paul Kraker, was 'n soldaat in diens van die Kompanjie (Malan 1984:387). Na 'n jaar is Kraker opgevolg deur Ignatius Stichau (Stechau) uit Meyerdorf (Malan 1984:387). Van 1749 af begelei Nicolaas Godfried Heijns (1725–1792), die eerste Suid-Afrikaans-gebore orrelis, die Kaapse gemeente (Nel 1968:27). Heijns is in Kaapstad gebore en het as musiekonderwyser gewerk (Malan 1982:180). Hy was egter berug vir sy wangedrag, en toe die De la Fontaine-orrel teen 1752 onspeelbaar geword het (Nel 1968:15), het die kerkraad dit as rede voorgehou om Heijns van sy pligte te onthef.

Die kerkraad moes 'n nuwe orrel bekom, en nader toe vir Stephanus Baier, die tweede aktiewe orrelbouer in Suid-Afrika, om twee orrels vir die gemeente te bou. Die groot orrel was 8,5m hoog en het sestien registers gehad (Troskie 1992:1). Die kleiner instrument was 'n tweemanuaalorrel met ses registers. Baier het (met die hulp van timmermanne) die pype, en selfs die sensitiewe tongwerke, windlaaie, blaasbalke, manuaaltoetse en registerknoppe uit rou materiaal wat by die Kompanjie se pakhuis aangekoop is, vervaardig (Troskie 1992:2).

Na voltooiing van bogenoemde twee orrels in 1754 (Malan 1984:388) tree die volgende persone as orreliste op:

- a) Korporaal Jan Hendrik Bieleveldt, wat ná tien jaar weens drankmisbruik afgedank is;
- b) Georg Nicolaas Starck, 'n Amsterdamse soldaat wat teruggekeer het na Europa;

- c) J.F. Modemann, 'n jong, gebore Kapenaar, wie se opgewekte spel die sang bevorder het, maar wat ongelukkig weens swak gesondheid moes uittree; en
- d) Heinrich Franz Gründler (Grondeler), 'n Switserse soldaat, wat orrelis was van 1790 tot en met sy dood in 1818.

2.1.2 Die Gereformeerde Kerk, Swartlandgemeente

Twee ander Gereformeerde gemeentes wat voor die einde van die 18de eeu 'n orrel in die erediens gebruik het, was die gemeentes van Paarl (Drakenstein) en die Swartland. In 1775 het nuwe berymings van die psalms in Nederland verskyn. Dié berymings staan bekend as die *Stateberyming* (Strydom 1994:111), en stel nuwe eise aan die voorsangers aan die Kaap (Nel 1968:17).

Die Swartlandgemeente, wat in 1745 gestig is, het in 1782 'n orrel aangeskaf, juis om te help met die aanleer van die *Stateberyming*. Nel (1968:23) beskryf die instrument as "... 'n onbevredigende huisorreltjie en feitlik onbruikbaar". Die gemeente was arm en het die Kaapse gemeente boonop geld geskuld. Talle aansoeke om finansiële steun van die Politieke Raad (die leiers van die Kaap) was tevergeefs, en gevolglik het die gemeente nie oor genoeg fondse vir 'n nuwe orrel beskik nie (Nel 1968:23). Hierdie gemeente se behoefte aan 'n nuwe instrument is eers in 1830 vervul, toe die Kaapse gemeente se klein Baier-orrel aan hulle geskenk is (Troskie 1992:2).

2.1.3 Die Gereformeerde Kerk, Paarlgemeente

Die Paarlgemeente, destyds bekend as die Drakenstein-gemeente en vandag ook bekend as die Strooidakkerk, is in 1691 gestig. Dié gemeente sing 'n honderd jaar lank onder leiding van 'n voorsanger (Nel 1968:19). In 1791 bou Johann Ludewig Hodderson egter 'n eenmanuaalorrel vir die gemeente (Troskie 1992:3).

Hodderson het in 1779 as Duitse soldaat in diens van die Kompanjie aan die Kaap aangekom en in 1809 weer na Europa teruggekeer. Nadat hy in 1780 uit die

Kompanjie bedank het, word hy die eerste professionele orrel- en klavesimbelbouer aan die Kaap (Malan 1982:198). Die belangrikste instrument wat hy gebou het, is die eenmanuaalorrel vir die Drakenstein-gemeente. Hierdie orrel se fronttekening en disposisie het behoue gebly. Die disposisie was: *Bourdon 16'*, *Prestant 8'*, *Holpijp 8'*, *Fluyt 4'*, *Quint 3'*, *Octaav 2'*, *Mikstuur IV*, *Vox Humana 8'*, *Cornet III*. Die front was in Barokstyl, met vergulde pype en ornamente soos serafyne, en die houtsneewerk aan die kas is deur die Kaapse argitek Anton Anreith gedoen (Troskie 1992:3).

Aangesien daar 'n tekort aan orreliste was, het die Paargemeente die koster se seun, Helmond Luttig, vroeg reeds gevra om die orrel te leer bespeel (Malan 1984:400).

2.1.4 Die Evangelies-Lutherse Kerk, Strandstraat

Daar het Duitse soldate, in diens van die Kompanjie, in die Kaap gewoon. Hulle was by militêre en kerkmusiek betrokke en het ook as onderwysers gewerk (Bouws 1966:3). Aangesien die Gereformeerde Kerk die enigste denominasie was wat aan die Kaap toegelaat is, het die Duitsers van 1742 tot 1778 'n stryd gevoer om van die Nederlandse owerheid toestemming te verkry vir die oprigting van 'n amptelike Evangelies-Lutherse Kerk in die Kaap (McIntyre 1934:6). Die Evangelies-Lutherse gemeente het egter alreeds sedert 1774, vier jaar voor amptelike toestemming verkry is, eredienste gehou in 'n eenvoudige houtskuur sonder enige uiterlike kentekens soos 'n toring, altaar of liturgiese simbole (Nel 1968:25).

In Duitsland is die Lutherse korale aanvanklik eenstemmig en onbegeleid gesing tot die gemeentesang van die 17de eeu af op die orrel begelei is (Strydom 1994:61). Instrumentale musiek, soos kantates en passies, is liturgies gebruik om die erediens te verryk, en sou uitgevoer word deur 'n kantory, pyporrel, koperblaasensemble en begeleidingsorkes (Strydom 1994:65). Die Duitsers aan die Kaap was waarskynlik vertrouwd met die Lutherse kerkmusiektradisie soos in Duitsland beoefen, en dus is 'n nuwe dimensie tot die bestaande kerkmusiek aan die Kaap toegevoeg.

Die Evangelies-Lutherse gemeente het in 1778 'n inventaris van hul bates vir die Politieke Raad opgestel (Malan 1984:385). Hierin is 'n orrel gelys. Toe die Kaapse gemeente dit te wete kom, was hulle só ongelukkig daarvoor dat hulle daarop aangedring het dat die orrel verwyder moes word. Hieraan het die Evangelies-Lutherse gemeente hom nie gesteur nie (Nel 1968:26).

Hierdie klein orrel is in 1778 vervang deur 'n groter instrument, wat by Elisabeth la Fèbre gekoop is. August Heinrich Heyne (Heine) en Gregorius Penz het die instrument geïnstalleer. Heyne, 'n trompetspeler uit Leipzig, was ná die amptelike stigting van die gemeente in 1780 vir veertien jaar lank die gemeente-orrelis. Hy moes die orrel ook stem en in stand hou (Malan 1984:385).

In 1783 is Hodderson as orrelbouer gekontrakteer (Malan 1982:198). Die orrelfront is versier met houtsniewerk deur Anton Anreith en beskilderde, vergulde pype deur Jan Oostendorp (Malan 1984:385). Hodderson kry in 1786 opdrag om die orrel uit te brei. Hy voeg, met die hulp van timmerman Joachim Pieter Leopold, onder andere 'n *Vox Humana* tot die orrel toe. Die werk aan hierdie hoogstaande instrument is in 1788 voltooi (Troskie 1992:2).

In teenstelling met die Kaapse gemeente het die Evangelies-Lutherse gemeente 'n geskiedenis van betroubare orreliste gehad. Ná Heyne se uittrede in 1793 het Jan Coenraad Wahl, 'n bekende klavieronderwyser, hom as orrelis opgevolg. Wahl het hierdie pos 22 jaar lank bekleed (Nel 1968:28,61).

2.1.5 Samevatting

Teen die einde van die 18de eeu was daar talle huisorrele aan die Kaap. Hulle was harmoniums of serafyne (d.w.s. instrumente sonder 'n pedaalbord), waarop enige klawerbordspeler die gemeentesang kon begelei (Cillié 1980a:13). Vier gemeentes het orrels gehad: Kaapstad, Paarl (Drakenstein), Swartland en die Evangelies-Lutherse Kerk. Dit is merkwaardig dat die orrelbou binne sowat sestig jaar gegroei

het van 'n beskeie begin met 'n klein orreltjie in 1737 tot 'n (weliswaar klein) versameling indrukwekkende, selfgeboude instrumente teen die einde van die 18de eeu (Nel 1968:33). Vir orrelbegeleiding moes gemeentes egter op onopgeleide orreliste staatmaak.

2.2 Die 19de eeu: die uitbreiding van die orrel aan die Kaap

Net soos vir die Hollandse VOC, was die Kaap ook vir Brittanje 'n belangrike hawe op die handelsroete na Indië. Hul aanvanklike militêre besetting in 1795 het slegs sewe jaar geduur (Muller 1985:104), en van 1803 af was die Kaap 'n volwaardige Hollandse kolonie (Muller 1985:113). Slegs drie jaar later, in 1806, het Brittanje die Kaap egter binnegeval en tot 'n Britse kolonie verklaar (Muller 1985:119). Die Kaap sou tot in die 20ste eeu onder Britse beheer staan, wat verskeie politieke en sosiale veranderinge meegebring het (Muller 1985:120).

Die Britse Setlaars se koms in 1820 was die bevestiging van 'n proses van verengelsing wat reeds in 1814 aan die gang gesit is (Muller 1985:129). Die feit dat Engelse Calvinistiese predikante, Skotse Presbiteriaanse predikante en Engelse onderwysers na die Kaap gestuur is, het die intensiteit van die verengelsingproses skerp laat toeneem, en teen 1822 is Engels tot die enigste omgangstaal verklaar (Muller 1985:131).

Bogenoemde veranderinge het die Kaapse orrelkultuur beïnvloed. Aanddienste in sommige Gereformeerde gemeentes is in Engels gehou (Nel 1968:43). Die aanvraag na orrels het groter geword, en die dominante Britse teenwoordigheid het die geleentheid geskep om orrels uit Engeland in te voer (Troskie 1992:6). Engelse orreliste het vir eredienste in Protestantse kerke gespeel, soos in die N.G. Kerk Mosselbaai, waar F. McIntyre, Livesley, Emily Kitching en Willis Howard orreliste was (Nel 1968:64). Waar die karakter van eredienste en orrelinwydings voorheen stigtelik en eenvoudig was, het hierdie byeenkomste dikwels weens die Engelse invloed in spoggerige, flambojante geleenthede verander (Nel 1968:38). Die spel van die

Engelse orrelis Insor met die inwyding van die Caledongemeente se orrel in 1857 was byvoorbeeld 'n teleurstelling vir die gemeentedele omdat Insor se spel nie in die styl was wat die gemeente verwag het nie (Nel 1968:49).

Die orreliste van hierdie tyd het nie slegs op kerkmusiekterrein die leiding geneem nie, maar ook wat sekulêre musiek betref (Nel 1968:33). Vanweë die Afrikaner se sterk belangstelling in orrelmusiek, en die feit dat orreliste die hart van die musieklewe was (Bouws 1957:13), is eersgenoemde aan sekulêre musiek blootgestel. Verbyvarende skepe het die Kaap voortdurend aan sekulêre musiek ook uit Europa blootgestel (Nel 1968:35). Dansmusiek, uitgevoer deur violiste en konsertinaspelers, het 'n groot rol in die gemeenskap gespeel. Die militêre orkeste het ook gereeld konserte aangebied (Bouws 1957:13). In 1806 verskyn daar in die plaaslike koerant advertensies dat viole, altviole, fluite, harpe en musiekboeke in Boomstraat te koop is (Nel 1968:35). Musiekonderrig in klavesimbel, viool, fluit en orrel is reeds op informele wyse aangebied, en in 1802 stig die bakker Carel Pabst die eerste musiekskool (Bouws 1966:4).

2.2.1 Die Evangelies-Lutherse Kerk, Strandstraat

In 1814 word die eerste Britse pyporrel na Suid-Afrika ingevoer. Dit kom van die firma Thomas Simpson & Co. in Londen, en sou 122 jaar lank in die Evangelies-Lutherse gemeente diens doen (Troskie 1992:6). In 1936 is die instrument deur Rushworth & Dreaper vervang, maar ten spyte van die installering van die nuwe orrel, is Anreith en Oostendorp se oorspronklike front tot vandag toe onveranderd behou (Troskie 2010:1).

Thomas Simpson & Co. het 'n kontrak met Edward Knolles Green (1788–1828) gesluit om die orrel in Suid-Afrika te installeer. Die 21-jarige Green was 'n werknemer in Muzio Clementi se bekende klavierfabriek in Londen (Ottermann 1963:42). Dit het Green net 'n paar dae geneem om die orrel suksesvol te installeer, en daarna het hy besluit om 'n musiekwinkel in Breestraat te open (Malan 1982:128).

F. Osmitius was, van 1814 af, die eerste orrelis van die gemeente se nuwe orrel. Na vyf jaar word hy opgevolg deur Wilhelm Brandt (1840–1873), wat deur Osmitius in orrel, klavier en viool onderrig is (Malan 1980:227). Brandt was agtien jaar lank orrelis van hierdie gemeente (1820–1838) en hy word beskryf as 'n veelsydige musikus wat, naas sy werk as orrelis, ook onderrig in klavier, viool en kitaar gegee het (Bouws 1966:11). Na Brandt se uittrede in 1838 is Frederick Logier (1801–1867) 'n jaar lank orrelis van die gemeente. Hy was die seun van 'n Duitse pedagoog, en wou juis sy pa se musiek-didaktiese sisteem propageer en stig in 1826 'n musiekakademie saam met die musiekhandelaar Edward Knolles Green (Malan 1984:194). Logier is die komponis van die oudste musiekstuk wat in Suid-Afrika gedruk is. Dit is 'n gesangwysie, *Jesus de ware Zondaars Vriend*, wat in 1840 deur die Gazetkantoor in Kaapstad gedruk is (Nel 1968:64).

2.2.2 Die Kaapse gemeente (Grote Kerk)

Ná Heinrich Grondeler se dood in 1818 het Frans Christiaan Grondeler (1795–1856/57) Heinrich se seun, sy vader se pligte as orrelis van die gemeente ten volle oorgeneem. Frans Grondeler is vermoedelik deur sy vader in musiek opgelei. Hy het sy inkomste aangevul deur musieklesse aan te bied en klaviere te stem, maar steeds het hy lewenslank finansiële sake gehad (Malan 1982:132). Aangesien Frans ook tot en met sy dood orrelis van die gemeente was, was pa en seun bykans sewentig jaar lank die orreliste van hierdie gemeente (Malan 1984:388).

Teen 1788 reeds het Joachim Pieter Leopold bevind dat die groot Baier-orrel nie meer in 'n goeie toestand was nie (Malan 1984:389), maar 'n nuwe orrel is eers in 1826 deur bemiddeling van die plaaslike musiekhandelaar, Green, by die firma Bevington & Sons in Londen bestel danksy 'n ruim skenking deur die ryk koopman Jan Hoets (Troskie 1992:6). Weens Green se dood in 1828 het 'n jong orrelbouer, Thomas Joël Hitchcock, namens Bevington & Sons Kaap toe gekom om die orrel op te rig. Hitchcock het homself daarna as orrelbouer aan die Kaap gevestig (Troskie 1992:7).

Met die feestelike inwyding van die Hoets-orrel op 11 Julie 1830 was die kerk stampvol. Naas die gemeente-orrelis, Frans Grondeler (Nel 1968:38), het die Anglikaanse gemeente se orrelis, die Engelsman Thomas Corder, ook opgetree en lof vir sy improvisasie ontvang (Bouws 1966:46). Anglikaanse dienste is naamlik van 1807 af in die Kaapse gemeente se kerkgebou gehou (Nel 1968:44), en nie net aan Corder se uitvoering nie, maar ook aan die glansrykheid waarmee hierdie inwyding in die teenwoordigheid van vooraanstaande persone geskied het, was die Engelse invloed duidelik sigbaar (Nel 1968:38) – so anders as die eenvoud en stigtelikheid wat inwydings voorheen gekenmerk het. Vir die eerste keer in Suid-Afrika is solo- en koorsang tydens die erediens uitgevoer. Twee kore het opgetree, en die oggenddiens is afgesluit met die sing van die “Hallelujakoor” uit Handel se *Messias* en die uitvoer van ’n ouverture deur ’n orkes.

Daar is nog twee keer in die 19de eeu aan die orrel verander. In 1856 is die orrel deur Adam Bredell herbou onder toesig van Frederick Logier, wat die orrel in 1857 opnuut ingewy het (Malan 1984:390). Net voor die eeuwending, in 1898, het G.W. Price van Grahamstad die orrel uitgebrei tot ’n instrument met 48 registers en altesaam 2 456 pype (Malan 1984:390). In hierdie periode was die Engelsman George Denholm Walker (1868–1917) die gemeente-orrelis en het koorsang in die gemeente ’n bloeityd beleef (Malan 1968:474). Die inwyding van die orrel het hierdie keer nie tydens Sondag se erediens plaasgevind nie, maar op ’n Maandag (Nel 1968:41).

2.2.3 Die Stellenboschgemeente

Hierdie gemeente het in 1687 hul eerste kerkgebou opgerig (Muller 1985:41). Vir langer as ’n eeu het ’n voorsanger die Stellenboschgemeente se sang suksesvol gelei (Nel 1968:16). In 1801 koop die gemeente, onder leiding van ds. Borchers, inderdaad ’n orrel en hierdie instrument lewer ’n groot bydrae tot die eredienste (Nel 1968:18,19), al moes die gemeente voortdurend herstelwerk aan die orrel laat doen (Nel 1968:19; De Lange 1983:46).

C.T. Weitzmann, 'n Duitse oudsoldaat, was die eerste orrelis en in 1804 neem J.C. Ade die pos oor. Van 1811 af begelei J.N. Knoop die gemeente vir twintig jaar (Van der Westhuizen 1981:14). In 1832 word Pieter Jan Ernst Hugo (1811–1861) op 21-jarige ouderdom as orrelis van die Stellenboschgemeente aangestel. Hugo is in Stellenbosch gebore, maar dit is onbekend waar hy sy musiekopleiding ontvang het. Hy bring 'n orkes in Stellenbosch op die been, en dié tree soms tydens die eredienste op. Hy vorm ook 'n kerk- en kinderkoor om die gemeentesang te bevorder (Cillié 1989:10). Cillié (1989:10) beskou Hugo as 'n pionier op die gebied van kerkmusiek in Suid-Afrika.

In 1830 skenk die Kaapse gemeente hul groot Baier-orrel (kyk 2.2.2) aan die Stellenboschgemeente, en Thomas Hitchcock verskuif die orrel op onkoste van die Stellenboschgemeente. Omdat die Stellenboschkerk se galery te klein was vir die volledige orrel, moes die instrument ongelukkig verklein word. Jan Hugo wy die orrel in 1832 in, maar dit gee soveel probleme dat die gemeente dadelik geld begin insamel om 'n nuwe orrel te koop (De Lange 1983:46).

Die feit dat die kerkraad in 1837 sekere riglyne vir gepaste musiek tydens die erediens neergelê het (Nel 1968:62), dui waarskynlik daarop dat Hugo, gemeet aan die standaard van sy tyd, nie 'n tradisionele orrelis was nie: "...sekulêre musiek het blykbaar sy orrelspel beïnvloed..." (Nel 1968:62), en volgens die gemeente "...het die musiek nie verband gehou met die kerkliedere in die diens nie" (Cillié 1989:10).

Die kerkraad se riglyne, vervat in twaalf artikels, bepaal onder meer dat die inleiding tot 'n psalm of gesang nie uitgereg mag wees nie, maar uit slegs twee of drie rustige mate mag bestaan. In die naspel word die orrelis beperk tot liedere wat in die diens gesing is, of tot "Gezang 96, *Halleluja, eewig dank en eere*" (Nel 1968:62). Verder mag daar tydens die erediens geen ongemagtigde persone op die galery wees nie. Toe die Paargemeente Hugo 'n orrelpos aanbied teen dubbel sy salaris, dien hy sy bedanking by die Stellenboschgemeente in (Cillié 1989:11).

Tien jaar later, in 1847, gee die Stellenboschgemeente se orrel probleme en kom die huidige orrelis, J.N. Knoop, te sterwe. Die gemeente vra Hugo om die orrel te herstel en stel hom weer as orrelis aan, met die spesifieke opdrag om 'n koor te stig om die swak gemeentesang te verbeter (Nel 1968:63).

Teen 1853 was die Stellenboschgemeente se orrelfonds sterk genoeg om 'n nuwe orrel te koop. Hugo het die spesifikasies vir die nuwe orrel opgestel, en nadat plaaslike orrelbouers se tenders onsuksesvol was, is die Londense firma Robson & Co. gevra om die orrel te bou (Nel 1968:71). Troskie (1992:12) skryf dat die skip met die nuwe orrel aan boord gestrand het, en dat die orrelbouers Hill & Sons die orrel voltooi het. In 1858 word die gemeente se derde orrel ingewy; vir die tweede keer deur Hugo (De Lange 1983:46). Hierdie instrument sou 95 jaar lank, tot in 1953, in gebruik bly (Troskie 1992:9).

In 1859, met die opening van die Teologiese Kweekskool in Stellenbosch, tree Hugo se kerkkoor op. Danksy die oprigting van die Rynse Meisieskool (1860), die Gimnasium (1866, waaruit die Universiteit van Stellenbosch later sou ontwikkel) en die Bloemhof Meisieskool (1875) ontwikkel Stellenbosch tot 'n belangrike opvoedkundige sentrum vir skoliere en studente (Van der Westhuizen 1981:15).

Hugo was tot en met sy dood in 1861 orrelis van die Stellenboschgemeente. Hierna was W.P. de Villiers, F. Hauptfleisch, Collins, A. Hofmeyr en N. Hofmeyr orreliste van die gemeente (Van der Westhuizen 1981:15).

In 1887 word Friedrich Wilhelm Jannasch (1853–1930) as die orrelis van die Stellenboschgemeente aangestel. Jannasch was die seun van 'n Morawiese sendeling van die sendingstasie op Mamre. Hy is op sesjarige ouderdom na Europa gestuur om sy skoolopleiding aan 'n Morawiese sendingskool in Christiansfeld te ontvang en het sy tersiêre opleiding – in kerkmusiek – in Stockholm, Breslau en Berlyn ontvang. Na tien jaar se ondervinding as orrelis, koorleier, musiekonderwyser en dirigent by die Evangeliese Broedergemeente in Gnadefrei, Silesië, verhuis

Jannasch in 1883 op uitnodiging van prof. N.J. Hofmeyer van die Stellenbosse Teologiese Kweekskool na laasgenoemde dorp, waar hy (soos genoem) vier jaar later orrelis van die Stellenboschgemeente word (Van der Westhuizen 1981:15).

Jannasch was 43 jaar lank, tot net voor sy dood, orrelis van die Stellenboschgemeente. Hy het ook orrelles aangebied, aanvanklik op 'n harmonium met twee manuale, en later op die orrel van die kerk (Ottermann 1971:78). Jannasch, wat een van die belangrikste figure in die geskiedenis van kerkmusiek in Suid-Afrika sou word, het sterk standpunte oor kerkmusiek gehuldig (Ottermann 1971:158). Hy was 'n voorstander van goeie, geestelike musiek tydens die erediens, met die orrel, gemeentesang en koorsang wat 'n integrale deel van die liturgie vorm (Ottermann 1971:162). Hy het groot agting vir die psalms en die gesange gehad en was nie ten gunste van die liedere soos die Sankey- en Moodieliedere wat in die sangbundel *Die Halleluja* opgeneem is nie (Van der Westhuizen 1981:15,16). Sy bydraes tot die nuwe kerklied word steeds vandag gesing: sy toonsettings van Psalms 23, 61, 90 en 92 is in die *Liedboek van die Kerk* (2001) opgeneem.

2.2.4 Die Paargemeente (Drakenstein/Strooidakkerk)

Die eenmanuaalorrel wat in 1791 deur Hodderson gebou is (kyk 2.1.3), was teen 1830 onspeelbaar en die gemeente het hulle beywer vir die aankoop van 'n nuwe instrument. Met die hulp van ene Wernick, 'n Nederlandse predikant wat in Londen gewoon het, het die Paargemeente 'n orrel uit Londen bestel. In 1831 is daardie instrument ingewy deur die orrelis E.K. Green, 'n Engelsman wat in die drankhandel bedrywig was (Malan 1984:401).

In 1847 volg Jan Stephanus de Villiers (1827–1902) sy onderwyser Jan Hugo (kyk 2.2.3) as orrelis van die Paargemeente op, en beklee hierdie pos agt jaar lank (Cillie 1989:11). De Villiers is in die Paarl gebore en het die bynaam “Jan Orrelis” gehad. Hy het onderrig in orrel, klavier, viool en harp gegee, en die “Paarlse Philharmoniese Geselskap” gestig en gedirigeer. Sy komposisies sluit (onder andere) vier oratoria en

talle vokale werke met verskillende begeleidingskombinasies in (Malan 1980:330). Hy was gemoeid met die Afrikaanse taal en die Eerste Afrikaanse Taalbeweging van 1875. As deel van sy bydrae tot genoemde Taalbeweging komponeer hy volksliedere, onder andere *Die Vierkleur* (Bouws 1957:15). S.J. du Toit (Totius) het Jan Orrelis selfs die “Afrikaanse Beethoven” genoem (Nel 1968:68).

In 1887 word Rocco Catorzia de Villiers (1838–1902) as orrelis van die Paarlgemeente aangestel. Hy was ’n neef en student van Jan de Villiers en was voorheen vir 22 jaar lank musiekhandelaar en orrelis van die Nederduitse Gereformeerde (N.G.) Gemeente op Caledon (Malan 1980:343). De Villiers, van Italiaanse herkoms, het sy pos as orrelis met erns bejeen (Malan 1980:328). Een van sy grootste bydraes tot die kerkmusiek is die *Koraalboek vir die Nederlandse Psalm- en Gezangboek*. Hierdie koraalboek was die eerste volledige sangbundel wat deur ’n Suid-Afrikaner saamgestel en deur gemeentes gebruik is. Dit bevat die Geneefse psalmmelodieë genoteer met lang ewe note, maar ook alternatiewe melodieë, soos Afrikaanse Liedewysies en selfs Duitse melodieë. Die koraalboek is ná Rocco de Villiers se dood in 1903 deur sy seun uitgegee (Cillié 1989:12). Jan Orrelis en Rocco de Villiers het gereeld saamgewerk. By die inwyding van die Gemeente Noorder-Paarl het Jan de Villiers en Rocco de Villiers byvoorbeeld die “Hallelujakoor” uit die *Messias* van Handel as ’n duet uitgevoer (Malan 1980:328).

Bogenoemde orreliste het albei die ideaal nagestreef van kerkmusiek wat goeie gemeente- en koorsang ingesluit het. Sommige van die koraalmelodieë is as “onsingbaar” beskou, en die twee neefs het probeer om van hierdie melodieë te vervang. In 1883 is *Halleluja! Ene Bloemlezing uit de Psalmen en Gezangen der Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika* deur J.C. Juta in Kaapstad uitgegee. Hierdie was ’n proefbundel wat deur Andrew Murray saamgestel is en op die jeug gerig was. In die bundel verskyn nuwe psalmmelodieë deur Jan Orrelis en nuwe gesangmelodieë deur Rocco de Villiers (Cillié 1989:12). Drie van hierdie melodieë verskyn in die *Liedboek van die Kerk*: Psalms 31 en 48 deur Jan de Villiers, en Lied 258 deur Rocco de Villiers.

Die orrel van die Paargemeente het mettertyd só agteruitgegaan dat Rocco de Villiers die orrel op Saterdag met “Hoffmansdruppels” vir Sondae se eredienste moes herstel. By die inwyding van die nuwe orrel in 1894 het ’n spesiale koor en ’n basuinkoor saam met De Villiers opgetree (Malan 1984:401). Geen besonderhede oor die Paargemeente se tweede en derde orrels is bekend nie (Troskie 1992:5).

2.2.5 Die orrel in Grahamstad, Oos-Kaap

Namate die sukkelende landboubedryf gegroei het, het boere hulself in die omgewing van Grahamstad in die Oos-Kaap gevestig (Muller 1985:135). Voortdurende konflik tussen die boere en die Xhosas het tot verskeie oorloë gelei, en die Britse bewindhebbers het talle Engelse militêre grensposte in dié gebied opgerig (Muller 1985:144). Kolonel Graham het Grahamstad met hierdie doel in 1812 gestig. Na 1820, met die koms van die Britse Setlaars, het die burgerlike bevolking van Grahamstad merkbaar begin groei. Verskeie kerke is gevolglik opgerig, waaronder die Wesleyaanse Kerk, wat uit 1822 dateer (Malan 1982:110).

Die eerste pyporrel in die Oos-Kaap is deur die Engelse orrelboufirma William Hill & Sons vervaardig. Troskie (1992:8) noem dat “die instrument se ontstaansdatum op tussen 1832 en 1837 vasgestel kan word”. Hierdie huisorrel is ingevoer deur Majoor Henry Somerset, die adjunklanddroos van Grahamstad en seun van Lord Charles Somerset, as ’n geskenk vir sy vrou en het in Oatlands, hul huis in Grahamstad, gestaan (Troskie 2010:44).

In 1852 verlaat Somerset die land en skenk die orrel aan Fort England se kapel. Die orrel word in 1914 na die Wesleyan Methodist Church verskuif, waar dit in 1960 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is (Troskie 1992:8).

Hierdie eenmanuaalorrel met sewe registers is nie net die oudste, steeds werkende orrel in Suid-Afrika nie; dit is vermoedelik ook die oudste, onveranderde orrel deur William Hill & Sons in die wêreld (Troskie 2010: 44).

2.2.6 Samevatting

Nadat die Kaap in 1806 tot 'n Britse kolonie verklaar is, het dit 'n tendens geword om orrels uit Engeland in te voer. Volgens Troskie (1992:5) is dit “onmoontlik om 'n omvattende rekord van alle ingevoerde orrels op te stel”. Namate nuwe gemeentes aan die Kaap gestig is, is meer orrels (selfs serafyne en harmoniums) aangeskaf deur gemeentes soos Swellendam (1803), Colesberg (1857), D'Urban (1860), Napier (1865), Heidelberg (1877), George (1879) en Ceres (1881). Gemeentes het 'n orrel as 'n statussimbool beskou en sou selfs vir spesiale geleenthede 'n orrel leen (Nel 1968:41).

Prominente orreliste soos Grondeler, Brandt, Logier, Hugo, J.S. (Jan) de Villiers, R.C. (Rocco) de Villiers en Jannasch het die grondslag van die Suid-Afrikaanse kerkmusiek gelê.

2.3 Die 19de eeu: die verspreiding van die orrel in Suid-Afrika

Gedurende die 19de eeu het Afrikaanstalige pioniers die noordelike gebiede van die land verken en, omdat hulle hulself nie met die proses van verengelsing en die Britse bewind aan die Kaap kon vereenselwig nie, het die Groot Trek na verskillende gedeeltes van die land tussen 1834 en 1854 plaasgevind (Muller 1985:149).

Die tweede helfte van die 19de eeu is gekenmerk deur die ontdekking van diamante in Kimberley en goud aan die Witwatersrand. Hierdie gebeure het 'n groot invloed op die bevolkingsverspreiding, die ekonomie, die ontwikkeling van die mynbedryf, en die bou van spoorweë onder die Britse bewind aan die Kaap uitgeoefen (Muller 1985:210).

Die eerste gemeentes wat in die noordelike gebiede van Suid-Afrika gestig is, was Pietermaritzburg (1839) in Natal; Potchefstroom (1842) in die Transvaal; en Winburg (1842) en Bloemfontein (1848) in die Oranje-Vrystaat (Nel 1968:56). Talle gemeentes, soos Schoemansdal (1865), Rustenburg (1873), Heidelberg (1876) en

Lydenburg (1891) het 'n harmonium vir musiek tydens die erediens gebruik (Nel 1968:59). Die geskiedenis en die ontwikkeling van die orrel en orrelmusiek in elk van die (eertydse) provinsies buite die Kaap word vervolgens afsonderlik beskryf.

2.3.1 Natal

Die Voortrekkers wat na Port Natal getrek het, is in 1837 aanvanklik vriendelik deur die Britse Setlaars ontvang (Muller 1985:166). Die konflik tussen die Voortrekkers en die Zoeloes oor die besit van grondgebied het in 1838 tot 'n einde gekom met die Slag van Bloedrivier, toe die Voortrekkers die Zoeloes verslaan het. Die Voortrekkers het hul grondgebied tot die Republiek Natalia verklaar, maar na ses jaar het die Britte Natal geannekseer en in 1844 het die gebied deel van die Kaapkolonie geword (Pretorius 2012:142–145).

Orrelbou het gedurende die 1870's opgang in Natal gemaak. Dieselfde tendens as in die Kaap is gevolg, naamlik om orrels vanuit Engeland in te voer en die instrumente deur plaaslike orrelbouers te laat installeer (Malan 1984:361). In Natal het sowel die Lauterbach-broers van Hermannsburg as die orrelboufirma C.C. Duffil & Sons van Pietermaritzburg self orrels vervaardig.

2.3.1.1 Orrelbouers: die Lauterbach-broers, Hermannsburg

In 1845 het die eerste Duitse sendelinge in Port Natal aangekom en hulle in Hermannsburg gevestig (Malan 1982:28). Twee Duitse broers, Adam Lauterbach (1833–1889) en Johannes Lauterbach (1850–1919), het in 1867 van Bayreuth in Duitsland na Port Natal gekom. Hulle het in 1870 'n orrel vir die Evangelies-Lutherse gemeente in Hermannsburg gebou (Troskie 1992:43).

Adam Lauterbach was 'n opgeleide orrelbouer en was voorheen moontlik in diens van die bekende Duitse orrelbouer E.F. Walcker (Troskie 1994:43). Al die komponente van die instrument is in Hermannsburg vervaardig (Malan 1982:31): die orrel het twee manuele met ses registers, plus 'n pedaalafdeling met twee registers

gehad. Die orrel is in 1872 ingewy en het vir 38 jaar diens gedoen (tot in 1910). Hierdie instrument het ongelukkig verlore gegaan (Malan 1982:31).

Die twee broers het omstreeks 1885 nog 'n orrel gebou, maar dit is eers in 1909 deur die Evangelies-Lutherse gemeente Wartburg aangekoop en ingewy. Die orrel is deur Johannes Lauterbach en sy seun geïnstalleer, en sommige van die onderdele is waarskynlik deur die Duitse orrelbouer Steinmeyer verskaf. Hierdie instrument is tot en met 2011 in sy oorspronklike vorm (Troskie 1992:44) in die gemeente gebruik. Die orrel is in 2012 gerenoveer en in die Shamrock Chapel in die Oos-Kaap geïnstalleer (Spoormaker 2012:11).

2.3.1.2 Die orrelboufirma Duffil & Sons

Duffil & Sons het in hul werkswinkel in Durban 'n orrel vir die Kongregasionalistiese Kerk in Aliwalstraat gebou. Daar is beweer dat hierdie die eerste koloniale orrel in Natal was, maar “hierdie prestasie het die Lauterbach-broers reeds in 1870 behaal” (Troskie 1992:45).

Hierdie instrument is in 1885 ingewy deur die orrelbouer se dogter Sarah Elizabeth Duffil, 'n begaafde jong musikant. Sy het solowerke uitgevoer en die koor van sewentig lede begelei. “The heavens are telling” uit Haydn se oratorium *The Creation* en die “Hallelujakoor” uit die *Messias* deur Handel is uitgevoer (Malan 1984:361).

In die plaaslike koerant is skerp kritiek op die orrel uitgespreek: daar is selfs beweer dat 'n ingevoerde orrel beter sou gewees het (Malan 1984:361). Die orrel het egter 52 jaar lank diens gedoen (Troskie 1992:45).

2.3.1.3 Orrels wat ingevoer is in Natal

Die Anglikaanse St Cyprian's Church, Durban was die eerste van vele gemeentes wat orrels in Natal ingevoer het. Die instrument is in die tydelike kerkgebou in

Commercial Road [vandag bekend as Dr AB Xuma Street] opgerig en in 1878 ingewy (Troskie 1992:5). Hele & Co. van Plymouth het die orrel met 'n trekkermeganiek ("tracker action") toegerus (Malan 1984:358), en dit was waarskynlik die eerste orrel in Durban (Troskie 1992:18).

Na voltooiing van die nuwe kerkgebou in Smith Street in 1881 moes die orrel verskuif word. Die orrel is in 1892 vergroot, en dit is by geleentheid van 'n spesiale diens deur J. Ferguson Brown heringewy. In Malan (1984:358) word die orrel beskryf as 'n tweemanuaalorrel met agtien registers, waarvan 'n 16'-register op die swelwerk is. Die orrel is later weer vergroot, na die kerkgebou in Umbilo Road verskuif, en van 'n elektriese meganiek voorsien.

In 1877 het Postill van Monkgate twee orrels van York na Pietermaritzburg uitgevoer vir die St Saviour's Cathedral en die Wesleyan Church (Troskie 1994:15). Bryceson Bros. & Ellis van Londen het 'n klein orrel, wat in 1881 ingewy is, na die St Peter's Church in Pietermaritzburg uitgevoer (Troskie 1992:17).

In 1883 het die Anglikaanse gemeente St Paul 'n tweemanuaalorrel van die bekende orrelboufirma Henry Willis van Londen ingevoer. Die orrel is deur Duffil & Sons geïnstalleer en deur Sarah Elizabeth Duffil ingewy. Sy was tot en met haar dood in 1885 die orrelis van hierdie gemeente (Malan 1984:359). Die kerkgebou het in 1906 afgebrand en die orrel is vernietig.

2.3.2 Die Oranje-Vrystaat

Die eerste gemeentes wat deur die Voortrekkers gestig is, was Winburg (1842), Fauresmith (1848), Bloemfontein (1848), Smithfield (1848), Harrismith (1849) en Boshof (1855). Dit is interessant dat hierdie gemeentes eers heelwat later orrels geïnstalleer het (Nel 1968:56).

2.3.2.1 Anglikaanse Kerk St Andrews, Bloemfontein

'n Onbekende Britse orrelboufirma het in 1867 die eerste pyporrel in die Oranje-Vrystaat in die Anglikaanse kerk St Andrews in Bloemfontein geïnstalleer (Troskie 1994:5). Nel (1968:65) verwys na die belangrike bydrae van hierdie gemeente se orrelis, Samuel Barrett. Hy was 'n koor- en orkesdirigent en het as orrelis en pianis by openbare geleenthede opgetree.

2.3.2.2 Nederduitse Gereformeerde Kerk Moedergemeente, Bloemfontein

Toe hierdie gemeente se kerkgebou in 1852 ingewy is, is die sang deur 'n voorsanger gelei (Nel 1968:56). In 1880 voer die Britse orrelboufirma Gray & Davison, 'n tweemanualorrel met dertien registers na Bloemfontein uit. Die orrel is ingewy deur William Barret, 'n musiekonderwyser en broer van Samuel Barrett (kyk 2.3.2.1) (Nel 1968:65). Hierdie orrel is gekenmerk deur die goeie vakmanskap waarvoor Gray & Davison bekend was, aangesien die instrument 57 jaar diens gedoen het (Troskie 1994:2).

2.3.2.3 Nederduitse Gereformeerde Kerk, Boshof

In 1884 het die Boshofgemeente 'n orrel van die Duitse orrelbouer Julius Ströbel, ingevoer. Die orrel is deur Ströbel se seun geïnstalleer, en is in 1914 deur die Britse orrelboufirma Norman & Beard vervang met 'n nuwe instrument (Troskie 1994:30).

Die orrelis van die gemeente, P.J. de Villiers, het in 1891 die eerste Suid-Afrikaanse musiekboek, *Musical gids*, uitgegee. Dié boek bespreek teoretiese en praktiese aspekte van die bestudering van die klavier en harmonium (Nel 1968:69). De Villiers was ook by die koorvereniging betrokke en het soms as koordirigent opgetree. In 1887 het hy die harmonium bespeel tydens 'n konsert waar daaroorwegend Engelse "drawing room" liedere uitgevoer is (Nel 1968:69). Hierdie sentimentele liedere was baie gewild aan die einde van die 19de eeu in Engeland en is tipies na ete in die

woonkamer uitgevoer (Ward 1970:74). Die navorser vind dit interessant dat Nel (1968:69) na hierdie term verwys aangesien hierdie tipe musiek deels as middelmatig beskou word (Lunn 1866:397).

2.3.3 Die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal)

2.3.3.1 *Nederduitsch Hervormde Kerk, Potchefstroom*

Die eerste gemeente in Potchefstroom, die Nederduitsch Hervormde Kerk Potchefstroom, is in 1842 gestig en die eerste kerkgebou is in 1866 ingewy. Die gemeentesang is aanvanklik deur Susanna Zinn, en later deur Daly, op 'n harmonium begelei (Malan 1984:405).

J.S. Perold, die derde orrelis van die Potchefstroomgemeente, het hom sedert sy aanstelling in 1888 beywer vir die aanskaf van 'n pyporrel. Omdat daar geen orrelbouer in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) was nie, moes hy 'n orrel uit 'n advertensiepamflet van Bevington & Sons in Londen bestel (Nel 1968:60).

Die orrel is per trein tot in Vryburg gebring, waarna dit met ossewaens tot in Potchefstroom vervoer is. Die dorp het die orrel op daardie historiese dag ingewag. Dit is merkwaardig dat Perold, wat geen orrelbou-opleiding gehad het nie, die orrel binne vier weke geïnstalleer het met behulp van twee assistente en 'n instruksieboek (Troskie 1992:7).

Hierdie orrel – die eerste pyporrel in die ZAR – is in November 1891 ingewy. Perold was 25 jaar lank orrelis van die gemeente, en ook verantwoordelik vir die instandhouding van die orrel (Nel 1968:60). In die 20ste eeu is die instrument uitgebrei en van 'n elektriese motor voorsien. Die orrel is vandag steeds in gebruik (Malan 1984:405).

2.3.3.2 Die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria

In 1891 is daar nog 'n orrel in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) geïnstalleer (Malan 1984:405). Die Nederduitsch Hervormde gemeente op Kerkplein in Pretoria het deur bemiddeling van Petrus van den Burg (1856–1936) 'n orrel by die Duitse orrelbouer Wilhelm Sauer aangekoop (Troskie 1992:33).

Petrus van den Burg (1856–1936) is in Amersfoort, Nederland gebore en het 'n musiekonderwysdiploma in viool, orrel, klavier en komposisie in Keulen, Duitsland behaal. Nadat daar na 'n geskikte musiekonderwyser vir dié omgewing gesoek is, vestig Van den Burg hom in 1884 in Pretoria (Malan 1986:409). Hy sou altesaam 52 jaar lank orrelis in Pretoria wees: vir die Nederduitsch Hervormde Kerk op Kerkplein, die Gereformeerde Kerk, en die Nederduitsch Hervormde Kerk in Du Toitstraat (Malan 1986:410).

Van den Burg het die firma Sauer by twee geleenthede in Duitsland besoek, waarna hy 'n orrel vir die Nederduitsch Hervormde Kerk op Kerkplein bestel het. Hy het nog drie Sauer-orrels na Pretoria ingevoer: vir die Gereformeerde Kerk oorkant die Presidentswoning (1892; tans nog in sy oorspronklike vorm), die Luthers-Evangeliese Kerk in Skinnerstraat (1896; tans in die Luthers-Evangeliese Kerk in Bryanston) en die Nederduitsch Hervormde Kerk in Du Toitstraat (1906; later herbou) (Malan 1986:410; Troskie 1992:33).

In 1894 gee Van den Burg die boek *Beknopt overzicht der kerktoonaarden voor onderwys in de Z.A. Republiek* uit, en lewer daarmee 'n bydrae tot die onderrig van kerkmusiek (Nel 1968:70). In artikels vir *Die Kerkblad* spreek Van den Burg hom uit ten gunste van vinniger psalmsang en goed uitgebreide musikale voor- en naspele. Van den Burg se opvatting oor kerkmusiek is deur Luther beïnvloed. Van den Burg het ook nuwe psalmmelodieë gekomponeer, en drie daarvan – vir Psalm 41, Psalm 45 en Psalm 92 – is in 1937 in die *Afrikaanse Psalmboek* opgeneem (Malan 1986:410).

2.3.4 Samevatting

Die 19de eeu is gekenmerk deur die verspreiding van 'n groot deel van die (blanke) bevolking vanuit die Kaap na die noorde en die ooste van die land, stigting van verskeie dorpe en, in die Boererepublieke, immigrasie vanuit Nederland. Die ontdekking van diamante en goud het tot twee oorloë teen Brittanje gelei. Die harmonium is “volop in huise aangetref” (Nel 1968:73) en was “'n gewilde hulpmiddel by sekulêre sang en gewyde sang by die huisgodsdien...” (Nel 1968:76). Gemeentes het egter daarna gestreef om 'n pyporrel aan te koop, en verskeie orrels is “volledig vanaf Engeland, Duitsland, Denemarke en Amerika ingevoer, en hier volgens die voorskrifte van die vervaardiger opgerig” in kerke in Natal, die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) (Troskie 1992:40). Orrelbou is op klein skaal beoefen, byvoorbeeld in Natal, maar daar was nog nie sprake van die nastreef van 'n kultuur van orrelbou in Suid-Afrika nie (Troskie 1992:41).

In teenstelling met die Kaapse orreliste, oor wie daar heelwat inligting bekend is, maak die literatuur minder melding van die orreliste in die res van die land. Die enkele orreliste wat wel genoem word, soos Sarah Elizabeth Duffil, William Barret, Samuel Barret, J.S. Perold en Petrus van den Burg, het egter baie belangrike bydraes gelewer tot die ontwikkeling van die orrelkultuur in Suid-Afrika.

2.4 Die 20ste eeu: die orrel in Suid-Afrika

Troskie (1992:49) skryf die volgende oor die orrel gedurende die 20ste eeu in Suid-Afrika:

Gedurende die eerste dekades van die twintigste eeu het die aanvraag na pyporrels skerp gestyg. Faktore wat hiertoe bygedra het was die voortdurende stigting van nuwe gemeentes, die kentering wat in die Gereformeerde Kerk ingetree het ten gunste van die gebruik van die orrel, die begeerte by baie gemeentes om harmoniums of ou orrels te vervang, asook 'n algemene kulturele bewuswording wat onder die Afrikaners posgevat het.

In die tweede helfte van die 20ste eeu het 'n volwaardige orrelboukultuur in Suid-Afrika tot stand gekom, met orrelboufirmas soos die Suid-Afrikaanse Orrelbouers (SAOB), Suidelike Orrelbouers, De Waard Orrelbouers en orrelbouers soos Heinrich Schaffrath, Christian Ganser, Colin Hele, Selway Robson, Jan Roeleveld, Jan Zielman, Jan Pekelharing en Jan Elsenaar (Troskie 1992:58–91).

Die belangrikste kenmerk van die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika gedurende die 20ste eeu, is dat die orrel nie meer slegs tot die kerk beperk was nie (Nel 1968:86). Vanaf die laat 19de eeu is orrels ook in stadsale en konsertsale geïnstalleer (Troskie 1992:92).

Die 20ste eeu word ook gekenmerk deur die ontstaan van opleiding vir kerkorreliste, aangesien die kerk liturgies bewus geword het (Cillie 1980a:15). Hierdie georganiseerde milieu van kerkmusiek in Suid-Afrika, het die geleentheid geskep vir die komposisie van koraalvoorspele.

2.4.1 Stadsaalorrels

In Brittanje was daar talle konsertsaalorrels en stadsaalorrels, en feeskonsertere het hoogty gevier. 'n Aansienlike en groot orrel in 'n stadsaal was 'n statussimbool (Malan 1984:365). Hierdie tendens het ook in Suid-Afrika posgevat. Ses stadsaalorrels is in die laat 19de eeu en vroeg 20ste eeu in Suid-Afrika geïnstalleer, te wete in die Veremarksaal van Port Elizabeth (1893), Pietermaritzburg (1893), Durban (1894), Kaapstad (1905), Johannesburg (1916) en Pretoria (1935), en in die Veremarksaal in Port Elizabeth (1996–1999). Vyf van hierdie instrumente is uit Engeland ingevoer en een uit Amerika (Troskie 1992:92).

Deur die skep van stadsorrelisposte het die orrelis nie net 'n prominente rol in die kerk en op onderwysgebied gespeel nie, maar word die gebruik van die orrel na die sekulêre en kulturele terrein uitgebrei (Nel 1968:89). Van hierdie orreliste was egter nie net stadsorreliste nie, maar het ook kerkorrelisposte beklee, soos:

- a) Roger Ascham (1864–1934): stadsorrelis van Port Elizabeth, en 44 jaar lank orrelis van die Trinity Church in Pearsonstraat (Malan 1980:53);
- b) John Connell (1891–1955): stadsorrelis van Johannesburg, en betrokke by drie gemeentes, naamlik St George in Parktown, St Mary's Cathedral, en die Nederduitse Gereformeerde (N.G.) Kerk Johannesburg-Oos (Malan 1980:283);
- c) George Denholm Walker (1868–1917): stadsorrelis van Kaapstad, en orrelis van die Grootte Kerk (Malan 1986:474); en
- d) Gerrit Bon (1901–1983): stadsorrelis van Pretoria, en kerkorrelis van, onder andere, die Nederduitse Gereformeerde (N.G.) Kerk Pretoria-Oos (Malan 1980:205).

Daar is aan stadsorreliste die geleentheid gebied om 'n groot aantal konserte op gereelde basis in die stadsale aan te bied. Hierdie konserte was gewild en is goed deur die publiek ondersteun. Roger Ascham het onder andere meer as 'n duisend uitvoerings in die Veremarksaal in Port Elizabeth gehou, met 'n gemiddelde bywoning van 'n duisend konsertgangers per konsert (Malan 1980:53). Dit lyk asof hierdie orreliste hul programme volgens die smaak van die publiek saamgestel het, met oorwegend transkripsies van gewilde orkeswerke of selfs klavierwerke (Malan 1980:54). Cillié (1980a:14) noem ook dat George Denholm Walker transkripsies van orkeswerke gespeel het. Daarenteen was een van die hoogtepunte van Gerrit Bon se loopbaan die uitvoer van J.S. Bach se volledige orrelwerke in die Presbiteriaanse Kerk (Malan 1980:205). Malan (1980:283) beskryf die doel van John Connell se konserte as “to reach the people at the existing level of musical appreciation with the intention of gradually raising the standard of the programmes and enlarging the acquaintances of the audience with the classics.”

2.4.2 Opleiding van kerk- en konsertorreliste

Nel (1968:100) noem dat daar teen 1950 'n bloeitydperk in die Suid-Afrikaanse orrelkultuur ontstaan het. Reeds in 1948 het die Nederduitse Gereformeerde (N.G.)

Kerk besef dat daar ruimte is vir die opleiding van meer bekwame kerkorreliste. Vroeë pogings ter bevordering van kerkmusiek het ingesluit: die aanbied van 'n kerkmusiekkongres (1950) in Pretoria, die stigting van die Interkerklike Vereniging van Orreliste (1953), en die stigting van 'n Kerk- en Orrelboukommissie bestaande uit onpartydige deskundiges wat raad kon gee oor die installering van orrels in kerke (Nel 1968:102,104).

Die bied van opleiding vir orreliste, wat omstreeks 1950 begin het, het 'n groot bydrae tot die Suid-Afrikaanse kerkmusiek gelewer. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het in 1951 'n Raad vir Kerkmusiek in die lewe geroep en in 1954 die Kerkmusiekskool in Krugersdorp gestig. Hierdie instansies het later gelei tot die stigting van die Konservatorium vir Musiek in Pretoria, waar studente van 1960 tot 1983 onder direkteurskap van Willem Mathlener musiekonderrig ontvang het (Groenewald 1993:11). Die Konservatorium vir Kerkmusiek, onder die vaandel van die Nederduitsch Hervormde Kerk, is steeds in Pretoria met die bevordering van kerkmusiek besig. Ses praktiese eksamens, asook kerkmusiekdiplomas, word aangebied. In 1958 stig die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n soortgelyke Kerkmusiekskool in Pretoria en hierdie skool smelt in 1961 met die Departement Musiek aan die Universiteit van Pretoria saam (Malan 1984:157).

In 1972 roep die Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, in samewerking met die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die Oranje-Vrystaat, die Sinodale Kommissie in verband met die Instituut vir Kerkmusiek in die lewe. Hierdie was 'n tussentydse kommissie, wat "leiding kon bied ten opsigte van Kerkmusiek en Liturgie en ander verwante aangeleenthede" (Groenewald 1990:5). Hierdie verbintenis sou uiteindelik lei tot die stigting, in 1977, van 'n Afdeling Kerkmusiek binne die Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (Groenewald 1990:16).

Die aanbied van orrel as vak aan tersiêre opleidingsinstansies het die standaard van orrelspel merkbaar verhoog. Studente kan vandag aan die Universiteit van Pretoria,

die Noordwes-Universiteit, die Universiteit van die Vrystaat, die Universiteit van Stellenbosch, Die Universiteit van die Witwatersrand, die Universiteit van Kaapstad, die Universiteit van Suid-Afrika (Direktoraat Musiek), Rhodes-universiteit en die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit as kerk- en konsertorreliste opgelei word. Indrukwekkende orrels is (en word) gevolglik in bogenoemde universiteite se konsertsale geïnstalleer, soos in die Odeion aan die Universiteit van die Vrystaat (1967); die Musaion aan die Universiteit van Pretoria (1977); die Endlersaal aan die Universiteit van Stellenbosch (1980); en in Unisa se ZK Matthews-saal in Pretoria (1995) (Troskie 1992:100,102,104).

Tog vind vele orrelkonserte steeds in kerkgeboue plaas, omdat sommige groot kerkorrels ook geskik is vir die uitvoer van konsertrepertorium. Kerkorrels wat gereeld vir konserteksamens gebruik word, sluit byvoorbeeld dié van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Somerstrand in Port Elizabeth en die Nederduitse Gereformeerde Kerk Universiteitsoord in Pretoria in.

2.4.3 Samevatting

Gedurende die 20ste eeu is 'n volwaardige orrelboukultuur in Suid-Afrika gevestig, wat meebring het dat nuwe orrels gebou en bestaande orrels vervang is. Die orrel word in hierdie tyd nie net meer met die kerk geassosieer nie, maar ook op die gebied van sekulêre musiek gebruik. Die instel van tersiêre opleiding vir orreliste het 'n vernuwing in die kerkmusiek meebring (Cillié 1980a:15).

HOOFSTUK 3

'n Bespreking van Suid-Afrikaanse koraalgebaseerde solo-orrelwerke as genre

3.1 Die 18de, 19de en vroeë 20ste eeu

3.1.1 Die repertorium van orreliste

In die voorafgaande bespreking van die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika (kyk Hoofstuk 2), is bevind dat die orrel reeds vir meer as 250 jaar 'n tuiste in die Suid-Afrikaanse kerk gevind het. Daardie verbintenis tussen die kerk en die orrel het daartoe gelei (soos ook deur Jordaan (2012:26) bevestig) dat die grootste deel van die Suid-Afrikaanse orrelrepertorium vir die liturgie geskryf is.

Dit is onbekend watter repertorium orreliste gedurende die 18de eeu gespeel het. Bouws (1966:42) meen dat sekere orreliste moontlik hul improvisasies kon neergeskryf het, maar dat dit tot op hede nie opgespoor kon word nie.

Cillié (1980a:13) skryf die volgende oor die orreliste van daardie tyd:

Die eerste orreliste was meesal soldate in diens van die VOC wat toevallig orrel kon speel. 'n Mens kan jou indink hoe dit soms met die Geneefse Psalm in die erediens moes toegegaan het: 'n onopgeleide persoon voor 'n traporreltjie, teenoor 'n kerk vol mense, party met sterk stemme.

Dit sou wel van historiese waarde wees om te weet watter repertorium orreliste soos Paul Kraker, Helmond Luttig, August Heinrich Heyne en Jan Coenraad Wahl gedurende die erediens gespeel het.

Soos in Hoofstuk 2 bespreek (kyk 2.2.3 paragraaf 4 en 5) het die Stellenboschkerkraad hul in 1837 sterk uitgespreek teen die gebruik van sekulêre musiek tydens die erediens. Kort, rustige inleidings en naspele tot die erediens mag slegs gebaseer word op liedere wat in die erediens gesing is of tot "Gezang 96, *Halleluja, ewig dank*

en eere” (Nel 1968:62). Hierdie is die vroegste beskrywing van die aard van koraalgebaseerde orrelmusiek aan die Kaap gedurende die vroeë 19de eeu. Die opmerkings van Van den Burg (kyk 2.3.3.2 paragraaf 4) aan die einde van die 19de eeu oor vinniger psalmsang asook die nut van goeie musikale voor- en naspele, werp ook interessante lig op die aard van die algemene kerkorrelbegeleiding aangesien hy nie hierdie apekte sou bevorder het, as dit nie reeds so beoefen was nie.

Meer inligting bestaan oor die repertorium wat gedurende die 19de eeu uitgevoer is. Die “Hallelujakoor” uit die *Messias* van Handel is dikwels by orrelinwydings uitgevoer; saam met ’n koor, of selfs as ’n orrelduet (Malan 1980:328). Die “Dodemars” uit *Saul* deur Handel is tydens begrafnisse gespeel, byvoorbeeld by die begrafnis van ds. Herold in 1857 vanuit die Stellenboschgemeente (Cillié 1980a:14). Cillié (1980a:13) noem ook dat uittreksels uit Haydn se “Militêre” simfonie tydens ’n diens in die Lutherse Kerk in Strandstraat gespeel is. Dat orreliste wel geïmproviseer het, blyk uit die feit dat Thomas Corder in 1830 lof vir sy improvisasie ontvang het (Bouws 1966:46). In ’n koerantberig uit die laat 19de eeu word die algemene orrelspel beskryf as “...vroolijke getokkel op harmonium en kerkorgels” [*sic*] (Cillié 1980a:13).

Gedurende die vroeë 20ste eeu is transkripsies van orkeswerke tydens die stadsaalkonserte gespeel (Malan 1980:54). Die stadsorrelis John Connell het hom juis ten doel gestel om die gehoor se musiekkennis sodoende te verbreed (kyk 2.4.1 paragraaf 3) (Malan 1980:283). Die navorser vind dat ernstige orrelliteratuur (geskryf deur komponiste soos J.S. Bach en C. Franck), hetsy godsdienstig of sekulêr, oor die algemeen nie uitgevoer is nie. Cillié (1980a:14) maak die volgende stelling: “Ek kan my nie herinner dat ek in my skool- en universiteitsdae ooit ’n koraalvoorspel in die erediens gehoor het nie.” Hy verwys hier na Stellenbosch van ongeveer 1916 tot 1929 (Van der Westhuizen 2000:71). Cillié (1980a:14) bespreek die *voluntaries* wat deur orreliste in die kerk gespeel is. *Voluntaries* vorm deel van die Engelse orrelrepertorium en is kort werke van improvisatoriese karakter, spesifiek vir erediensgebruik gekomponeer (Randel 2003:964). Orreliste het waarskynlik

voluntaries verkies, soos Cillié (1980a:14) noem, juis omdat daardie werke tegnies minder veeleisend is. Dit dui weereens op die Engelse invloed in Suid-Afrika.

Cillié (1980a:14) meen dat die orrels van die 19de eeu en vroeë 20ste eeu nie vir kerkmusiek soos dié van J.S. Bach geskik was nie. Die orrels was oor die algemeen Romantiese orrels uit Engeland, wat gekenmerk is deur 'n uitgebreide hoofwerk met sterk tonge, 'n sagte swelwerk en 'n beperkte pedaalwerk (Cillié 1980a:14). Die Engelse orrel wat van 1814 tot 1936 in die Evangelies-Lutherse Kerk Strandstraat bespeel is, se hoofwerkafdeling het gestrek van 'n *Double Diapason 16'* tot 'n *Mixture XII* met 'n *Posaune 8'*. Hierdie driemanuaalorrel se pedaalafdeling het uit slegs vier registers bestaan: *Open Diapason 16'*, *Bourdon 16'*, *Cello 8'* en *Flute 8'* (Troskie 1992:137). Cillié (1980a:14) bevind dat die swelafdeling van die Stellenbosch-orrel wat van 1853 tot 1953 gebruik is se pype, weens hul eng mensuur, heelwat sagter as die hoofwerk was.

Die navorser is van mening dat *voluntaries* goed op hierdie instrumente sou geklink het. Die “dik” klank van die Engelse orrels, asook die beperkte pedaalafdeling wat gebalanseer moes word deur die pedaal met een van die manuaalafdelings te koppel, was vir eersgenoemde komposisies geskik, maar nie vir polifoniese musiek, wat 'n helder klank vereis nie. Die eggo's in die *voluntaries* sou effektief op die sagte swelwerk uitgevoer kon word.

3.1.2 Samevatting

Gedurende die 18de eeu was die meeste orreliste soldate wat geen opleiding in orrelspel gehad het nie. Hulle het dus noodgedwonge geïmproviseer. Heelparty van die 19de-eeuse orreliste het egter musiekopleiding ontvang, en kon gevolglik die grondslag vir die Suid-Afrikaanse kerkmusiek lê. Daar is telkemale opgeteken dat transkripsies uitgevoer is, veral van die “Hallelujakoer” uit Handel se *Messias*. *Voluntaries* was geskikte repertorium vir die Engelse orrels van die vroeë 20ste eeu.

Die navorser kon geen bewyse vind dat orreliste gedurende hierdie tydperk gepaste koraalvoorspele tydens die erediens uitgevoer het nie.

3.2 Die laat 19de eeu: gepubliseerde bladmusiek

3.2.1 Karl Edmund Otto von Booth (1843–1923)

In 1895 is Karl Edmund von Booth (1842–1923) se werk *Fantasia on the Hymn: Jerusalem the Golden* deur E. Donajowski in Londen uitgegee. Hierdie komposisie het ook in die reeks *English Organ Music* verskyn, maar die uitgewer en datum van uitgawe is onbekend (Godschalk 1981:7).

Godschalk (1981:7) het die werk in sowel die Stadsbiblioteek van Johannesburg as die *British Library* opgespoor. Uit 'n navraag van die navorser aan die Stadsbiblioteek van Johannesburg het geblyk dat dié werk nie meer by hierdie biblioteek beskikbaar is nie. Die *British Library* is wel nog in besit van die werk.

Von Booth (soms net as 'Booth' geskryf) is in 1842 in Duitsland gebore en het jonk reeds as violis opgang gemaak. Nadat die gesin omstreeks 1853 na Birmingham, Engeland verhuis het, ontvang Von Booth ook onderrig in orrel en komposisie. Teen 1890 vestig Von Booth hom in Suid-Afrika en tree hy oorwegend as konsertviolis op (Malan 1986:463).

Fantasia on the Hymn: Jerusalem the Golden is 'n stel variasies op die Engelse koraalmelodie *Jerusalem the Golden*. Godschalk beskou hierdie orrelwerk, wat vermoedelik in Suid-Afrika gekomponeer is (1981:7), as Von Booth se beste:

Dit is, op enkele plekke na, orrelisties geskryf, maar nie altyd ewe maklik om te speel nie; veral die pedaalseksie is by tye moeilik. Daarbenewens vertoon dit heelwat ritmiese en harmoniese verskeidenheid. Die registrasie is, soos te verwagte, tipies romanties.

3.2.2 Petrus van den Burg (1856–1936)

In die 1890's komponeer deur Petrus van den Burg *Zeven koraalbewerkingen voor orgel met de melodie van Ps. 42*. Dit word deur die Amsterdamse Boekhandel uitgegee (Godschalk 1981:7). Aangesien Van den Burg sedert 1884 in Suid-Afrika gewoon het, is die werk waarskynlik in Suid-Afrika gekomponeer. Godschalk kon die werk nie met behulp van die indeksnommer in die Stadsbiblioteek van Johannesburg opspoor nie (Godschalk 1981:7), en die navorser kan bevestig dat hierdie biblioteek nie meer in besit van die werk is nie.

Luitingh beskik gelukkig oor hierdie komposisie. Hy beskryf die verwerkings as sewe verskillende vierstemmige harmoniserings van die koraalmelodie (kyk Luitingh 2010:2-7). In die eerste vier verwerkings verskyn die melodie opeenvolgend in die sopraan-, alt-, tenoor- en basparty. Die vyfde verwerking se altparty is beweegliker, en die sesde verwerking se baslyn is kontrapuntaal van aard. Hoewel die sewende verwerking die titel “Het vier dubbele kontrapunt” het, word die onderste drie stempartye slegs met akkoordvreemde note, oorwegend deurgangsnote, ingevul (Luitingh 2010:2-7). “Hierdie werk getuig van ’n tekort aan harmonie- en komposisievindingrykheid” (Luitingh 2010:2-8).

3.2.3 Samevatting

Bogenoemde werke is al twee gekomponeer deur komponiste wat in die buiteland gebore is, maar in Suid-Afrika gewoon het. Ofskoon die komposisies in die buiteland uitgegee is, is dit op Suid-Afrikaanse bodem gekomponeer. Sover die navorser uit Godschalk se inligting kon aflei, is Von Booth se koraalvariasies in die laat-Romantiese, Engelse styl gekomponeer. Sover die navorser kon vasstel, is hierdie werk die vroegste koraalgebaseerde orrelwerk waarin komposisietegnieke gebruik word, sodat die werk as die eerste koraalvoorspel vir die doeleindes van hierdie studie (kyk 1.7) bestempel kan word. Luitingh se inligting oor Van den Burg se komposisie (kyk 3.2.2) dui daarop dat dit eerder harmoniserings is as ’n volwaardige

koraalvoorspel. Ter wille van volledige dokumentering lys die navorser nietemin laasgenoemde werk.

3.3 Die 20ste eeu: koraalgebaseerde solo-orrelwerke

3.3.1 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke tussen 1912 en 1971

3.3.1.1 Pieter Kuyper de Vos de Villiers (1874–1949)

Die komponis P.K. de Villiers se *Cantilené Aurelia* en *Chorale with Variations for organ* is onderskeidelik in 1912 en 1936 in Engeland gepubliseer terwyl hy in Suid-Afrika gewoon het. Ofskoon De Villiers moontlik nog ander koraalgebaseerde werke gekomponeer het, kon geen bewyse daarvan vir die doeleindes van hierdie studie opgespoor word nie.

P.K. de Villiers het musiekonderrig by sy vader, Rocco Catorzia de Villiers, ontvang. Hy was bevoorreg om een van die eerste Suid-Afrikaners te wees wat die ARAM-diploma aan die *Royal Academy of Music* in Londen, Engeland, behaal het (Malan 1980:341). Hy het ook die RCO-diploma aan hierdie akademie voltooi. In 1944 het De Villiers 'n erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang vir sy grootse bydrae as skoolinspekteur en komponis in Suid-Afrika. As onderwyser het hy talle prominente studente onderrig, soos P.J. Lemmer en S. le Roux Marais. Hy het as dirigent orkeste en kore gelei en gestig.

As gerekende orrelis is hy dikwels na selfs verafgeleë dorpe in Suid-Afrika genooi om uitvoerings te gee en orrels in te wy. Vier van sy talle nuwe melodieë vir psalms en gesange (Malan 1980:342) is as steeds geliefde liederes in die *Liedboek van die Kerk* opgeneem: Psalm 18, Psalm 100, Psalm 147 en Lied 250. Te midde van die lof wat hy ingeoes het, meen Swanepoel (1954:101) egter dat De Villiers se bydraes tot die kerklied onoorspronklik is en 'n sterk Engelse inslag toon.

Cantilené Aurelia is gedurende De Villiers se studentejare gekomponeer, met as aanvanklike titel *Cantilene Nuptiale* (Godschalk 1981:11). Die komposisie is in 1912 deur *The Vincent Music*, Londen, in die reeks *Ecclesiae Organum* (Boek XII, nr. 70) uitgegee (Stanford 1965:231).

Die werk is in drieledige vorm (A-B-A). Die *Andante*-gedeelte in A-mol majeur open met 'n viermaat-inleiding wat verwys “na die Huweliksmars van Mendelssohn” (Stanford 1965:231). Daarna volg 'n “sentimentele hooftema” (Stanford 1965:232) in die regterhand, begelei deur lang pedaalnote en 'n agstenoot-figuur in die linkerhand. “Die werk begin met 'n gedeelte wat die indruk skep van salon klaviermusiek” [*sic*] (Godschalk 1981:11).

Die tweede gedeelte bestaan uit 'n vierstemmige harmonisering van die volledige koraalmelodie en 'n variasie op *AURELIA* deur Samuel Wesley (Stanford 1965:232). Soos Godschalk (1981:11; kyk voorafgaande paragraaf), vind die navorser die soetsappige salonmusiek en die gekose modulاسies onoortuigend in kombinasie met 'n statige koraalmelodie soos *AURELIA*.

Die *Chorale with Variations for organ* is in 1936 deur Augener in Londen uitgegee (Godschalk 1981:12). Dié werk is 'n stel variasies op die Duitse koraalmelodie “*Wachet auf*”, *ruft uns die Stimme*. “Hierdie variasiewerk gee meer die indruk van 'n improvisasie as dié van variasies op 'n tema” (Stanford 1965:229).

Die dramatiese, lang inleiding in C mineur is gebaseer op die eerste frase van die koraalmelodie en bestaan meestal uit tonika- en dominantharmonieë (Stanford 1965:229). In die eerste variasie verskyn die koraalmelodie volledig in die sopraanparty teenoor agstenoot-beweging in die alt- en die tenoorparty (Stanford 1965:230). In die tweede variasie verskyn die koraalmelodie in die linkerhand met heelnootakkoorde wat deur die pedaal ondersteun word. Die regterhand speel 'n hoë, herhalende, ritmiese staccato-figuur. “Dié lang variasie word op die lange duur baie vaal en eentonig” (Stanford 1965:230). In die derde variasie verskyn die

koraalmelodie vierstemmig vir die hande teenoor 'n indrukwekkende pedaalparty wat uit agstenote bestaan, en die variasie sluit af met die terugkeer van die herhalende staccato-figuur uit die tweede variasie. Die koda het 'n fantasieagtige karakter wat uit akkoorde bestaan, en die werk eindig met 'n lang pedaalpunt (Stanford 1965:230). Die navorser vind die *Chorale with Variations for organ* 'n flambojante, dog eenvoudige werk, wat De Villiers se tydgenootlike gemeentelede waarskynlik sou geniet het.

Dit is opvallend dat die komponis in albei hierdie werke die registrasie, wat as tipies Engels beskryf kan word, noukeurig aangedui het. Met die registrasie-aanduiding in *Cantilené Aurelia* sou die werk op enige tweemanuaalorrel uitgevoer kon word. In die *Chorale with Variations for organ* word spesifieke registers voorgestel: *Oboe, Clarabella, Dulciana, Voix Céleste, Vox Humana, Gedacht* en *Clarinet*. Hierdie registers kom nie so algemeen op vandag se orrels in Suid-Afrika voor nie, maar was gewilde registers vir die Engelse orrels wat in daardie tydperk in Suid-Afrika geïnstalleer is. Verder maak die komponis van dinamiese aanduidings gebruik, byvoorbeeld *ff, f, mf, p* en *pp*. Die aanduidings *cresc.* en *dim.* in die eerste en tweede variasie verwys na die stand van die swelkas.

“Oor die algemeen is De Villiers se werke tegnies maklik en ons moet in gedagte hou dat hy sekerlik die verkoopsdoeleindes moes konsidireer” [*sic*] (Stanford 1965:234). Die orrel het 'n duidelike invloed op De Villiers se klavierkomposisies gehad, en sy klavierwerke kan maklik ook op die orrel uitgevoer word (Stanford 1965:234). Godschalk (1981:12) stem met Stanford saam dat hierdie werke nie met die beste internasionale orrelliteratuur vergelyk kan word nie, omdat dié komposisies aan oorspronklikheid en musikale waarde ontbreek. Desnieteenstaande beskou Stanford (1965:234) De Villiers se komposisies as op 'n hoër peil as dié van sy Suid-Afrikaanse tydgenote.

3.3.1.2 Wilhelm Ernst Heinrich Sönghe (1909–2002)

Die feit dat Sönghe se werke nog nie uitvoerig bestudeer is nie (Luitingh 2010:2-9), bied ruimte vir primêre navorsing; gevolglik het die navorser 'n groot aantal manuskripte in die Universiteit van Pretoria se F.Z. van der Merwe-versameling geraadpleeg. Dit sluit egter nie al Sönghe se koraalgebaseerde orrelwerke in wat Malan (1986:206), met noukeurige vermelding van datums van 1952 tot 1982, in die *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie* lys nie. Die navorser wou slegs werke in die katalogus opneem waarvan die bladmusiek tot haar beskikking was.

Sönghe is in Worcester gebore en in 1929 ontvang hy 'n BA-graad aan die Universiteit van Stellenbosch. Daarna sit hy sy studies in teologie aan die Kweekskool van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika voort, waarvan twee jaar aan die Universiteit van Tübingen, Duitsland, voltooi is. Hy was betrokke by die bediening in verskillende gemeentes (Troskie 1989:43).

Sönghe het klavierles by 'n mej. Hugo begin neem op 'n plaas naby die Rynse sendingstasie Saron, en het daarna verder les geneem in Wellington en Worcester. Op Stellenbosch neem hy twee-en-'n-half jaar by Jannasch les, en begin in hierdie tydperk reeds om kort koraalvoorspele te komponeer. Sönghe was lewenslank as predikant en orrelis by die bevordering van kerkmusiek betrokke. Malan (1986:204) noem dat Sönghe meer as 112 orreluitvoerings, waarvan 66 orrelinwydings was, gegee het. Hiernaas het hy op vele kommissies gedien, byvoorbeeld die Kommissie vir Kerkmusiek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal, en het meegewerk aan die hersiening van *Die Halleluja*. Hy was by die Nederduitse Gereformeerde Kerkmusiekskool in Pretoria betrokke, en het himnologie onderrig aan die Universiteit van Pretoria se Departement Musiek; 'n vak wat hy in 1957 vir vier maande lank aan die kerkmusiekskool in Schlüchtern, Duitsland, bestudeer het (Malan 1986:204).

Sönghe was ook as koorkomponis aktief en het in 1965 'n belangrike bydrae tot hierdie genre gelewer met die bundel *Die nuwe lied*, wat 34 koorstukke bevat (Troskie 1989:44).

In die katalogus wat vir hierdie studie saamgestel is, is 34 van Sönghe se komposisies opgeneem. Hierdie werke is in sy handskrif neergeskryf, wat nie altyd maklik leesbaar is nie. Die komponis spesifiseer die manuskripte as koraalvoorspele en koraalnaspele. Elke partituur bevat oor die algemeen slegs aanduidings oor die dinamiek en karakter van die musiekstuk. Soos in Malan (1986:206) aangedui, verwys die koraalgebaseerde werke se liednommers na verskillende sangbundels, soos die 1933- en 1954-uitgawes van die *Psalms en Gesange*, *Die Halleluja* en die *Evangelisches Kirchengesangbuch*.

Godschalk (1981:21) skryf dat ses van Sönghe se koraalvoorspele, op onderskeidelik Gesang 21, 22, 76, 89, 100 en 181, deur Studio Holland uitgegee is in 'n bundel in die reeks *Uit ons koraalskat*. Die navorser kon hierdie bundel nie opspoor nie. Godschalk (1981:21) beskryf die styl van die werke as “stereotiep”, die ritmiese aspekte as “oninteressant” en die harmonie as “konvensioneel”.

Die navorser het bevind dat die werke die indruk van polifonie skep, maar in werklikheid in 'n homofoniese styl gekomponeer is. Die harmoniese progressies is voorspelbaar en word met akkoordvreemde note en chromatiese note opgevul, sodat die binnestemme onophoudelik beweeg. Die koraalmelodie word streng hanteer en is soms nie duidelik hoorbaar nie as gevolg van oormatige versiering. Die regterhand en linkerhand is oor die algemeen op dieselfde manueel, en die pedaalparty is oorwegend vir die onderste oktaaf van die pedaalbord geskryf. Sönghe was nie 'n orrelkomponis in die ware sin van die woord nie, en sy werke is betreklik verbeeldingloos.

3.3.1.3 Christian (Chris) Lamprecht (1927–)

Gaan deur sy poorte (1955), 'n versameling verwerkings van dertien bekende kerkliedere, was die eerste gepubliseerde, koraalgebaseerde versameling komposisies deur 'n Suid-Afrikaanse orrelkomponis.

Chris Lamprecht is in Bloemfontein gebore en het die graad B.Mus. in 1948 aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy behaal in dieselfde jaar die Voordraerslisensiate van UNISA in klavier, orrel en sang. In 1954 sit hy sy studies aan die *Westfälische Kirchenmusikschule* in Herfort, Duitsland voort, en neem ook orrel- en sanglesse in Wene, Oostenryk.

By sy terugkeer na Suid-Afrika in 1955 werk Lamprecht eers as skoolinspekteur, en van 1958 af as direkteur van die Kerkmusiekskool van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en orrelis van N.G. Gemeente Pretoria-Oos. Toe die Kerkmusiekskool in 1961 met die Universiteit van Pretoria se nuutgestigte Departement Musiek saamsmelt, gee hy tot 1963 as senior lektor in orrel les, waarna hy bedank om musiekonderwys te gee en as orrelis van NG Gemeente Aasvoëlkop in Johannesburg te dien. In 1968 tree hy in diens van die Departement Kultuursake (later Departement Nasionale Opvoeding), en in 1979 stel die Universiteit van Pretoria hom weer aan; hierdie keer as direkteur van die Kultuurburo (Malan 1984:157,158). In 1987 tree hy as professor en hoof van die Departement Musiek af.

Lamprecht was 'n besondere orrelis van die NG Gemeente Universiteitsoord (1969–1992), waar hy elke Sondag 'n menigte studente begelei het. Hy is ook bekend vir sy bydrae tot die optekening van volksliedjies, en as stigter en dirigent van verskeie kore, en as komponis van koormusiek (Van der Westhuizen 2006:105,106).

In die bundel *God het ek lief*, waarin Lamprecht se volledige orrelwerke tot en met 2006 gepubliseer is (Kruger 2006:97), word aangedui dat die verwerking op die koraalmelodie *God het ek lief* in 1952 gekomponeer is. In 1955 is *Gaan deur sy*

poorte, 'n versameling van verwerkings op dertien bekende kerkliedere, in Minden, Duitsland, gepubliseer (Kruger 2006:97). Soos in die inleidende paragraaf genoem is, was laasgenoemde die eerste gepubliseerde, koraalgebaseerde versameling komposisies deur 'n Suid-Afrikaanse orrelkomponis.

“Lamprecht se voorspele is geskryf in 'n ligte Barokstyl” (Godschalk 1981:24). Die navorser vind die koraalvoorspel, *God het ek lief*, 'n goeie voorbeeld van Lamprecht se eenvoudige, deursigtige kontrapuntale skryfwyse. Hierdie koraalvoorspel is 'n driestemmige werk, wat by tye met nog stemme uitgebrei is. Dié kort werk open met 'n *ritornello* vir een manueel en pedaal. Die karaktervolle artikulasie, wat noukeurig deur die komponis aangedui is, dra by tot die vreugdevolle atmosfeer van die werk. Lamprecht se gebruik van melodiese en ritmiese nabootsing in die werk is kenmerkend van sy styl, soos Godschalk (1981:24) ook noem. Die Geneefse koraalmelodie vir Psalm 116 word met die regterhand op 'n tweede manueel gespeel. Lamprecht hanteer die melodie streng en die koraal word frase vir frase teenoor die *ritornello* afgewissel. Cillié (1981:49) skryf dat dié werk, “wat so dikwels as voorspel vir godsdienste oor die radio gehoor word, nie juis maklik [is] nie”. Lamprecht se daaropvolgende bydraes tot die genre, het daartoe gelei dat hy as een van die belangrikste Suid-Afrikaanse orrelkomponiste beskou word.

Daar is slegs 2000 bundels van *Gaan deur sy poorte* gedruk, en die boek is nie meer beskikbaar nie (Godschalk 1981:24). Uit hierdie versameling is dit duidelik dat Lamprecht se koraalvoorspele in 'n Duitse Barokstyl geskryf is. Hoewel Lamprecht se werke oor die algemeen kort is, is *Hou Christus self sy kerk in stand* 'n langer werk. “Dit is 13 variasies op die slotreël van *Ein feste Burg ist unser Gott* [sic], waarby hierdie slotreël as tema in die bas gebruik word” (Godschalk 1981:24). Die oorspronklike ritme van die laaste frase van die koraalmelodie word behou om die basis van die *passacaglia* te vorm. Lamprecht maak ook van trio's gebruik, byvoorbeeld in die koraalvoorspel *Gaan deur sy poorte*, waar die koraalmelodie op 'n 4'-register op die pedaal gespeel word. Ses van die werke in die bundel *Gaan deur sy poorte*, is manualitêr, en kanoniese nabootsing kom dikwels voor. Lamprecht se

hantering van die koraalmelodie is oor die algemeen streng (m.a.w. onveranderd), maar in *God is my lied* en *O God van Jakob, deur u hand* word die koraalmelodie vry hanteer en dien die koraalmelodie slegs as die basis vir die kontrapuntale materiaal.

Kyk 3.3.3.1, 3.4.1.5, 3.4.2.1 asook 3.4.2.2 vir die besprekings van die koraalgebaseerde orrelwerke wat Lamprecht later in sy lewe gekomponeer het.

3.3.1.4 Walter Donald Swanson (1920–1985)

Die manuskripte van twee koraalgebaseerde solo-orrelwerke deur Swanson is in SAMRO se musiekargief ter insae. Een hiervan, *Paraphrase 'STABAT MATER' for organ*, is in 1955 gekomponeer.

Swanson is in Londen, Engeland, gebore en het komposisie aan die *Royal Academy of Music* in dieselfde stad studeer. In 1924 emigreer hy na Suid-Afrika. Swanson was in 1932 en 1934 die orrelis van *St Michael's* in Queenstown, en vanaf 1946 orrelis van *St Saviour's* in Kaapstad (Malan 1986:316). Sy orrelkomposisies verteenwoordig net 'n klein gedeelte van sy oeuvre, wat oorwegend vir orkes, koor, ensemble, stem, asook vir radio en teater, geskryf is.

Paraphrase 'STABAT MATER' for organ is op die Franse tradisionele koraalmelodie gebaseer. Die teks van die koraal handel oor Maria se droefheid tydens die kruisiging van haar seun, Jesus Christus. Die werk is vir Goeie Vrydag, 9 April 1955 gekomponeer in 'n Engelse, laat-Romantiese styl met 'n definitiewe, logiese struktuur. Die tempo-aanduiding is *Poco adagio*, en die komponis skep 'n stemmige, ingetoë atmosfeer. Die komponis het geen registrasievoorkeure gegee nie, maar wel dinamiese en swelkas-aanduidings. Die partituur, in sy handskrif, is moeilik leesbaar en heelwat korreksies is aangebring. Hoewel Swanson verkies dat die werk op 'n driemanuaalorrel uitgevoer word, sou dit ook vir 'n tweemanuaalorrel aangepas kon word. Die navorser vind die slotkadens en slotakkoord ongewoon aangesien dit nie op die tonika eindig nie, maar op die submediant-akkoord. Die navorser se vermoede

is dat die komponis 'n plagale kadens wou noteer en sou hierdie as 'n moontlike oplossing kon aanbeveel.

Swanson se tweede koraalgebaseerde solo-orrelwerk heet *Short Hymn Tune Variations*. Dit is 'n versameling van 48 kort variasies, waarvan die datum van komposisie onbekend is. In hierdie verhandeling verteenwoordig dié versameling die grootste bydrae tot die Engelse kerkmusiektradisie. Dit is duidelik vir erediensgebruik bedoel, en is eerder 'n werk in wording as 'n finale komposisie. Hierdie driestemmige, manualitêre variasies is nie noemenswaardig nie.

3.3.1.5 John Joubert (1927–)

Twee werke van Joubert is onderskeidelik in 1956 en in 1971 gepubliseer: *Prelude on the 'Old 100th'* en *Prelude on 'Picardy'*.

John Joubert is in Kaapstad gebore en het van 1946 tot 1950 met 'n komposisie-studiebeurs van die Performing Right Society aan die Royal Academy of Music studeer, en gelyklopend hiermee 'n B.Mus. aan die Universiteit van Durham verwerf. Hierna vestig hy hom permanent in Engeland (Malan 1984:61), en verwerf hy internasionale bekendheid as komponis.

Godschalk bespreek twee koraalvoorspele wat deur Joubert gekomponeer is. Albei hierdie werke is op Franse koraalmelodieë gebaseer, maar is bekende liederes binne die Engelse kerkmusiektradisie. Oxford University Press het *Prelude on the 'Old 100th'* in 1956 in die Oxford Organ Series gepubliseer (Godschalk 1981:18), en *Prelude on 'Picardy'* in 1971 in die reeks Easy Modern Organ Music (Boek 2), uitgegee (Godschalk 1981:19). Die navorser het met die komponis bevestig dat geeneen van hierdie werke in Suid-Afrika gekomponeer is nie.

Prelude on the 'Old 100th' is in moderne idioom gekomponeer, met die koraalmelodie in oktawe vir die linkerhand op die hoofwerk met 'n solo-tongwerk. Die sagter

begeleiding op die swelwerk vir die regterhand dien ook as inleiding en tussenspele tussen frases van die koraalmelodie. Die begeleiding word gekenmerk deur die afwisseling van twee agstenote en agstenoot-triole (Godschalk 1981:18). Die werk bereik 'n klimaks met die finale frase van die koraalmelodie in akkoorde op die hoofwerk. Die dinamiekaanduiding is *ff*, waarna die dinamiek stadig afneem tot dit eindelijk sag op die swelwerk eindig. Die pedaalparty, in langer nootwaardes, vervul 'n ondersteurende rol.

Prelude on 'Picardy' is volgens Godschalk (1981:19) “'n mooi, eenvoudige werk van korte duur wat bruikbaar is vir die kerk, maar kan tegelyk ook nuttige lesmateriaal uitmaak vir die beginner orrelleerling, om sodoende kennis te maak met moderne orrelmusiek”.

In 1990 is hierdie twee werke saam met vier ander koraalvoorspele deur Chester Novello uitgegee onder die titel *Six short preludes on English hymn tunes*. Die ander vier koraalvoorspele is getiteld *Song one*, *Southwell*, *Abridge* en *Mon Dieu, prete-moi l'oreille*. Die uitgawe was 'n opdragwerk vir die Peterborough Festival en gefinansier deur *Peterborough Cathedral Arts*.

3.3.1.6 Samevatting

Koraalgebaseerde komposisies deur vyf Suid-Afrikaanse komponiste is in die voorafgaande afdeling bespreek. De Villiers, Sönghe en Lamprecht is “outentieke” Suid-Afrikaanse komponiste: hulle is hier gebore en het hier gewerk. Swanson is elders gebore maar het na Suid-Afrika geëmigreer en hier gewerk, terwyl Joubert in Suid-Afrika gebore is maar sy lewenswerk in Engeland verrig het. Hy word as 'n “verplaaste” Suid-Afrikaans-gebore komponis geklassifiseer.

Twee van P.K. de Villiers se koraalgebaseerde orrelwerke is onderskeidelik in 1912 en 1936 in Engeland uitgegee. Hulle is homofonies en in die tipiese styl van die Engelse laat-Romantiese musiek soos dié van Alec Rowley gekomponeer. Swanson

se twee komposisies sluit stilisties by De Villiers s'n aan deurdat hulle ook in die Engelse laat-Romantiese styl gekomponeer is. Albei bestaan slegs in manuskripvorm, en ofskoon dit bekend is dat sy *Paraphrase 'STABAT MATER' for organ* in 1955 gekomponeer is, is die ontstaansdatum van die versameling met 48 kort variasies onbekend. Ofskoon hulle nie noemenswaardig is nie, is laasgenoemde werk 'n interessante toevoeging tot die katalogus. Joubert se twee kort koraalvoorspele, wat in Engeland gekomponeer is, is eweneens in 'n Engelse, maar moderne, idioom. Hulle is onderskeidelik in 1956 en 1971 in Engeland gepubliseer.

Stilisties verskil Söhnge en Lamprecht se werk van dié van die voorafgenoemde drie komponiste. Die styl van Söhnge se koraalgebaseerde orrelwerke is homofonies, met onafgebroke beweging in die binnestemme. Hulle dateer sedert 1952, en geeneen van die 34 werke wat in die katalogus gelys is, is nog gepubliseer nie. Lamprecht se komposisies wat hier bespreek is, is in 'n kontrapuntale Barokstyl geskryf. Soos Söhnge se vroegste koraalgebaseerde orrelwerk, is ook Lamprecht se eerste koraalvoorspel in 1952 gekomponeer. Waar Söhnge se (hier gelyste) werk ongepubliseer is, is daar egter in 1955 'n bundel met van Lamprecht se komposisies in Duitsland uitgegee.

3.3.2 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke deur Nederlands-gebore Suid-Afrikaanse komponiste, tussen 1930 en 1989

3.3.2.1 Die 20ste-eeuse orrelstyl in Nederland

Van 1940 af het 'n aantal Nederlandse orreliste na Suid-Afrika geïmmigreer. Die meeste van hulle was opgelei as kerkorreliste, komponiste en musiekonderwysers. In 'n tydperk toe daar nog geen vaste grondslag vir kerkmusiek in Suid-Afrika gelê was nie, het die Nederlandse immigrante, met hul voorliefde vir die kerklied en spesifieke styl (kyk 3.3.2.1 paragraaf 3) 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van die koraalvoorspel hier te lande gelewer. Deurdat hierdie orreliste vertrouwd was met die

styl van Jan Zwart, het dié Nederlandse orrelis se invloed ook na Suid-Afrika uitgekring.

Aan die begin van die 19de eeu het daar in Nederland min belangstelling in die orrel geheers (Godschalk 1981:15). Die Amsterdamse orrelis Jan Zwart (1877–1937) het met sy unieke styl populariteit verwerf en die publiek opnuut van die orrel bewus gemaak (Temmingh 1987:13). Zwart was goed bekend met die orrelliteratuur, en het sy studente aan die werk van Mendelssohn, Widor en Guilmant blootgestel (Troskie 2007:38). Hy het ook oor die geskiedenis van die Calvinistiese kerkmusiek en oor Nederlandse kerkmusiekkomponiste soos Sweelinck geskryf (Temmingh 1987:13). Zwart was geensins 'n voorstander van die speel van transkripsies van orkes-, viool- en klavierwerke óf transkripsies van operas of oratoriums in die erediens nie, maar van oorspronklike, koraalgebaseerde orrelmusiek wat op 'n hoë peil uitgevoer word (Troskie 1988:55). Tydens konserte het hy op psalm- of gesangmelodieë geïmproviseer, en hy het juis sy komposisies gepubliseer om sodoende die kerklied te bevorder.

Godschalk (1981:15) gee die volgende beskrywing van Zwart se unieke styl: “Hierdie styl is hoofsaaklik homofonies van aard en vertoon 'n oordadige gebruik van dominant sewendes, modulerende sekwense, dominant verhoudings in die bas en chromatiese verlope.” [*sic*] Die dinamiese vlakke in sy komposisies wissel van sagte registrasie tot die volle orrel, soms met die hulp van die swel- en *crescendo*-pedaal. Oktaafspel op die manuele en pedale word gereeld gebruik, wat soms 'n grootse effek skep, maar meestal oortollig is. Die inhoud van die teks dien as die inspirasie waaruit die improvisasies spruit, en bepaal dus die karakter van elke komposisie. Aangesien hierdie improvisasies so gewild was, is dit neergeskryf en uitgegee (Godschalk 1981:15).

Temmingh (1987:13) beskryf Zwart se styl as sentimenteel en styloos. Troskie (2007:47) skryf die volgende:

Hoewel sommige van Zwart se komposisies seker as gedateerd beskou kan word, is ek oortuig dat 'n aansienlike hoeveelheid werke tog soveel inhoudelike waarde het dat hulle verdien om sorgvuldig bestudeer en met integriteit gespeel te word.

Ongeag of die kommentaar oor Zwart se styl positief of negatief is, is dit volgens dié navorser 'n feit dat hierdie Romantiese styl vandag steeds 'n wesenlike invloed op Suid-Afrikaanse orrelmusiek uitoefen.

Die navorser ag die groot getal koraalgebaseerde orrelwerke deur Nederlandse komponiste wat in Suid-Afrika woonagtig was, as waardevol. Talle van hierdie komponiste se komposisies word deur 'n spesifieke formaat gekenmerk: 'n uitgebreide inleiding op die koraalmelodie, 'n vierstemmige harmonisering van die koraalmelodie, en 'n naspel. Hierdie werke is uiters bruikbaar vir gemeentesangbegeleiding. Ten spyte van die grootse omvang van die inleidings, is hierdie koraalgebaseerde werke egter nie in die katalogus opgeneem wat vir die doel van hierdie studie saamgestel is nie (kyk die terreinafbakening onder 1.7).

3.3.2.2 Willem Mathlener (1909–1996)

Volgens Malan (1984:239) is sommige van Mathlener se eerste koraalgebaseerde orrelwerke reeds in 1930 in Nederland gekomponeer. In die meegaande katalogus is daar 92 van sy koraalvoorspele opgeneem.

Mathlener is in Delft, Nederland gebore en het musiekopleiding in klavier, orrel, komposisie en dirigeerkuns aan die Konservatorium in Den Haag ontvang. Na sy studies word hy as musikonderwyser en orrelis in De Lier aangestel. Van 1932 af is hy orrelis, koorleier en musikonderwyser van die Onze Lieve Vrouwe-kerk te Breda. Sedert 1940 is hy, tydens die Tweede Wêreldoorlog, dirigent van die orkes van die 6de Regiment Infanterie en van 1942 tot 1946 dirigeer hy ook subskripsie-simfoniekonserte in Breda (Malan 1984:239).

In 1948 immigrer Mathlener na Suid-Afrika. Hy word in Vereeniging as orrelis en musiekonderwyser aangestel. Van 1949 tot 1953 behartig hy die programreeks “Die Kerk en sy musiek” vir die SAUK. In 1952 verhuis hy na Krugersdorp, waar hy (onder meer) sekretaris van die Nederduitsch Hervormde Kerk se Raad vir Kerkmusiek word. Met die oprigting van die Konservatorium vir Musiek in Pretoria in 1960 verhuis hy na hierdie stad toe om direkteur van dié instansie te word. In hierdie hoedanigheid, en as dosent, oefen hy 23 jaar lank (tot die Konservatorium ontbind word) ’n groot invloed op die vorming van musiekonderwysers in Pretoria uit (Troskie 1989:41). In hierdie tyd kry Mathlener weer die geleentheid om as dirigent op te tree (Malan 1984:239).

In opdrag van die Nederduitsch Hervormde Kerk ontwerp Mathlener meer as tweehonderd orrels. Hy was ook by die installering en instandhouding van orrels betrokke. Tydens die samestelling van die *Psalm- en Gesangboek* van 1978 was hy die verteenwoordiger van hierdie susterskerk (Troskie 1989:42). Een van sy melodieë vir Psalm 7 verskyn in die *Liedboek van die Kerk*.

Mathlener se oeuvre bestaan hoofsaaklik uit kerkmusiek (Luitingh 2010:2-9). Hiervan is ses boeke met koraalvoorspele deur die Raad vir Kerkmusiek uitgegee. Hoewel die publikasiedatums nie aangedui is nie, kon die navorser met die hulp van Mathlener se seun René die datums wel by benadering bepaal (Mathlener, 2008). *Boek 1: Partita oor “Kom herwaarts getroues”* is vermoedelik in 1963 uitgegee. *Boek 2 en Boek 3* het waarskynlik in 1975 verskyn en bevat kort koraalvoorspele. Van die werke in *Boek 4 en Boek 5*, wat omstreeks 1976 gedruk is, is saam met nuwe werke in *Dertig uitgesoekte gesange met voorspele* uitgegee. Laasgenoemde bundel het definitief in 1978 verskyn, aangesien die komponis die voorwoord tot die bundel met die datum onderteken het. *Boek 6* is eers in 1988 gepubliseer (kyk Pauw 1991:67).

Mathlener verduidelik in die voorwoord tot *30 uitgesoekte gesange met voorspele* dat sy koraalvoorspele kort en eenvoudig geskryf is sodat die gemiddelde orrelis sy/haar repertorium met min voorbereiding en sonder tegniese inspanning kan uitbrei. Hy het

ook langer koraalgebaseerde orrelwerke gekomponeer, soos die *Partita oor “Kom herwaarts getroues”* (Boek 1) en *Variasies en fuga oor Ps. 116* (Boek 3) (Godschalk 1981:25).

Met die publikasie van die nuwe *Psalm- en Gesangboek* in 1978 wou Mathlener met sy koraalvoorspele die aanleer van nuwe liedere bevorder. Die *cantus firmus* is om hierdie rede gewoonlik duidelik hoorbaar in die sopraan-, alt-, tenoor- of basparty (Pauw 1991:67). Al is die meeste werke op twee balke genoteer vir manualitêre uitvoering, beveel die komponis ook in die voorwoord (sien die vorige paragraaf) aan dat die werke met die pedaal gespeel moet word.

Mathlener se tempo-aanduiding is 70 tot 80 polsslake per minuut vir die betrokke taktus. Godschalk (1981:26) dui aan dat Mathlener slegs by enkele van sy werke registrasies voorskryf. Mathlener noem in sy voorwoord dat die orrelis met die registrasie kan eksperimenteer binne die aard en karakter van die teks van die betrokke kerklied. Pauw en Troskie (1991:67) vind “dit ’n jammerte dat Mathlener nie aandui hoe hy sy werke geregistreer en geartikuleer wil hê nie”.

Die kort koraalvoorspele is kontrapunktaal (Godschalk 1981:25). Godschalk (1981:26) noem dat Mathlener se styl konvensioneel is, maar soms na die styl van Jan Zwart neig, byvoorbeeld in die *Partita oor “Kom herwaarts getroues”*. Die navorser stem saam met Godschalk dat Mathlener se werke egter nie so oorgevoelig is soos Jan Zwart se komposisies is nie.

Volledigheidshalwe het die navorser besluit om die werke in manuskripvorm ook in die katalogus op te neem, ten spyte daarvan dat hier ruimte vir verdere navorsing is. Hierdie manuskripte is ’n samestelling van die werke wat in Malan (1984:239) se werklys verskyn het en in besit van René Mathlener is, asook in die katalogus van F.Z. van der Merwe, in die gelyknamige versameling van die Universiteit van Pretoria, te vinde is. Van die vroeëre werke in manuskripvorm het waarskynlik in die sesde bundel verskyn. Die meeste van die manuskripte bevat die titel van die koraalmelodie, asook die nommer van die lied uit die bepaalde sangbundel.

Mathlener het egter by die gepubliseerde werke slegs die liednommer aangedui, en selde die titel van die lied bygevoeg. Ter wille van groter volledigheid is die titels van liedere in hierdie studie bygevoeg.

3.3.2.3 Willem Zorgman (1903–1981)

Die meeste van hierdie komponis se koraalgebaseerde orrelwerke is tussen 1931 en 1948 in Nederland gekomponeer en gepubliseer, voordat hy na Suid-Afrika geëmigreer het. Twee kort werkies is egter deur die *Kerkmusiekskool* in Krugersdorp gepubliseer.

Zorgman is in die Zaanstreek in Noord-Holland gebore. Hy ontvang reeds op skool onderrig in klavier en harmonie by Cor Kee, en brei sy studies ná skool na orrel, improvisasie en komposisie uit, eweneens as 'n leerling van Kee. Hy is aanvanklik orrelis van die Grote Kerk in Maassluis, en later van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Breda en in Velp. Hy studeer ook onder Cornelis de Wolf en Alex Paepen, orrelis van die Onze Lieve Vrouwe-katedraal in Antwerpen, en behaal in 1936 die *B-Diploma voor Kerk-Concertspel en Onderwijs* (Troskie 1981:54).

Na Cornelis de Wolf se dood word Zorgman in 1935 as orreladviseur van die Nederlandse Hervormde Kerk aangestel. In 1938 word hy tot bestuurslid van die "Nederlandse Organistenvereniging" verkies, en 'n jaar later tot sekretaris. Hy tree ook vir hierdie vereniging as eksaminator in Amsterdam op (Troskie 1981:54). In die veertiende uitgawe van *Vir die musiekleier* verskyn Jan Zwart en Willem Zorgman saam op 'n foto wat geneem is op 'n Nederlandse orreldag in 1931, waar albei as sprekers opgetree het (Temmingh 1987:17). Hieruit kan afgelei word dat Zorgman as 'n goed onderlegde orrelis bekend was.

In 1948 emigreer Zorgman na die Kaap. Hy behaal in 1955 'n Lisensiaat in Harmonie en Kontrapunt aan Unisa (Troskie 1981:75). Van 1960 tot en met sy dood in 1981

woon hy in Krugersdorp, waar hy betrokke is by die opleiding van kerkorreliste en vir vele jare orrelis van die Gereformeerde Kerk was.

Slegs daardie werke wat met sekerheid opgespoor kon word, is in hierdie katalogus opgeneem. Die navorser het by die komponis se dogter Elize Zorgman navraag gedoen en die familie het bevestig dat alle bladmusiek wat in hulle besit was aan SAMRO geskenk is. Die werklys wat in hierdie studie vervat is, is moontlik nie volledig nie – Godschalk (1981:16) noem onder andere nóg koraalgebaseerde werke. Daar behoort nog meer navorsing oor Zorgman se komposisies gedoen te word.

Van ongeveer 1930 tot 1950 was Zorgman redakteur en administrateur van twee orrelmusiekreekse, getiteld *Protestantsche Kerkmuziek* en *Nederlandsche Orgelwerken* (Godschalk 1981:16). Die meeste van Zorgman se komposisies het in hierdie reekse verskyn, en die titels en liednommers verwys na Nederlandse sangbundels. Die partiture is in sy eie, netjiese handskrif uitgegee.

Sy mees uitstaande werke is die vier *Koraalsonates*, wat tussen 1934 en 1939 ontstaan het. Soos sy ander koraalgebaseerde orrelwerke wat in Nederland gekomponeer is, is die *Koraalsonates* lang, uitgebreide werke. Godschalk noem (1981:15) dat Zorgman "basies" in die Nederlandse styl van Jan Zwart gekomponeer het, maar dat hy "effens avontuurliker" is, soos met die gebruik van heeltoon-tonlere. Zorgman maak ook gebruik van verskillende komposietegnieke, wat variasie, fuga, kanon en nabootsing insluit. Sy musiek is oor die algemeen op twee notebalke geskryf, en die pedaalparty word aangedui. Die komponis dui egter geen registrasievoorskrifte aan nie; slegs dinamiese voorkeure.

Twee werke is in Suid-Afrika deur die Kerkmusiekskool in Krugersdorp uitgegee. Na beraming is dié werke dus tussen 1960 en sy dood in 1981 gekomponeer. Hierdie werke is baie kort in vergelyking met die werke wat in Nederland uitgegee is, en is

waarskynlik vir lesdoeleindes gekomponeer, veral die trio op *Psalm 25:2*. Albei die werke is in sy eie handskrif.

Koraalbewerking Gesang 39 nr. 1 is op die koraalmelodie *Jesus, meine Zuversicht* (ook as *Jesus neem die sondaars aan!* bekend), gebaseer. Hierdie eenvoudige werk is in C majeur. Die koraalmelodie kom in halfnote in die regterhand voor, en hierteenoor speel die linkerhand 'n vreugdevolle, geartikuleerde, eenstemmige begeleiding wat die goeie tyding van die teks uitbeeld. Die pedaalparty is beperk: dit dien as skakel tussen frase 2 en 3, en frase 4 en 5 van die koraalmelodie, en pedaalnote kom ook in die slotkadens voor. Hierdie komposisie is in 2011 in die SAKOV-bundel *Erediensmusiek* herdruk.

Die koraalverwerking *Kanoniese voorspel evangeliese gezang 238 op. 19*, wat op die koraalmelodie *O, dass ich tausend Zungen hätte* (ook as *O kon ek jubel, Hemelvader* bekend), gebaseer is, is eweneens in 2011 in *Erediensmusiek* herdruk. Dit is 'n kort, eenvoudige, kontrapuntale werk vir twee manuele en pedaal. Die koraalmelodie verskyn in kanon in die regterhand en linkerhand, met 'n bewegende binnestem. Die pedaalparty is nie slegs ondersteunend nie, want soms kom van die materiaal van die koraalmelodie ook in dié party voor.

3.3.2.4 Guurt (Gerrit) van der Tas (1912–1997)

In die katalogus verskyn daar 46 koraalgebaseerde orrelwerke deur hierdie komponis. Al die werke is in manuskripvorm, behalwe *Laat my lewe om te loof!*, wat in 1972 deur Studio Holland in Kaapstad uitgegee is. Aangesien min inligting oor hierdie komponis beskikbaar is (Luitingh 2010:2-9), het die navorser op die biografiese inligting en musiekpartiture in die SAMRO-argief gesteun.

Van der Tas is in Amsterdam, Nederland gebore. In 1939 verhuis hy en sy gesin na Suid-Afrika, waar hy as onderwyser werk en in 1956 die graad D.Ed. aan die

Universiteit van Pretoria verwerf. In 1968 word hy 'n senior inligtingsbeampte by die Departement van Inligting en raak hy ook by die weermag betrokke.

Op musiekgebied lê hy eksamens in orrel en musiekteorie by Unisa af. In 1968 behaal hy die eerste plek in die Konservatorium van Musiek, Pretoria se improvisasiekompetisie, en van 1980 af is hy orrelis van die Gereformeerde Kerk Strand, Somerset-Wes.

Baie van Van der Tas se kerkmusiek moes vir hierdie studie uit die katalogus weggelaat word, want hierdie komposisies was bedoel om as inleidings en harmoniserings vir gemeentesang te dien. Die werke is netjies met die hand genoteer en meestal van voorblaaie voorsien. Aan die einde van elke werk het die komponis die komposisiedatum aangedui.

Laat my lewe om te loof! is by geleentheid van Feike Asma, 'n bekende Nederlandse orrelis (Temmingh 1985:56), se besoek aan Suid-Afrika in 1972 gekomponeer. Die werk open met P.K. de Villiers se vierstemmige harmonisering van die koraalmelodie, Psalm 119, gevolg deur vyf variasies (deur Van der Tas) op die koraalmelodie. Die komponis dui elke variasie se karakter en registrasie aan. Die werk is grotendeels verteenwoordigend van Van der Tas se styl, met gebruikmaking van variasie, sekwense, dominantverhoudings en uitermatig baie chromatiek, soos in Jan Zwart se musiek (Godschalk 1981:21).

Maak my hart bly is in 1973 gekomponeer; dié keer vir Feike Asma se tweede besoek van aan Suid-Afrika. Die werk is gebaseer op die Duitse melodie *Jesu, meine Liebe*, en open met 'n harmonisering van die koraal. Daarna volg vier variasies waarvan die laaste variasie ook 'n harmonisering van die koraalmelodie is. Die navorser meen dat die derde variasie, *Allegro molto*, geïnspireer is deur die finale, tokkate-agtige variasie uit die eerste beweging van Felix Mendelssohn se Sonate nr. 6. Die koraalmelodie verskyn in die pedaal, terwyl die hande vinnige sestiendenootloopies speel.

Kerstdag, skooner dan die dae, gebaseer op 'n tradisionele 17de-eeuse Nederlandse Kerslied, is ook in 1973 gekomponeer. Die baslyn van die passacaglia is die eerste twee frases van die koraalmelodie waarop die verskillende variasies geskryf is. Die werk toon egter sterk ooreenkomste met J.S. Bach se *Passacaglia* BWV 582, deurdat Van der Tas van dieselfde toonsoort en komposisietegnieke as Bach gebruik maak, byvoorbeeld in die uitbou van motiewe en ritmiese patrone. Op soortgelyke wyse was J.S. Bach se "*Wachet auf*", *ruft uns die Stimme* BWV 645 die model vir *Gott ist König*, wat Van der Tas in 1975 gekomponeer het. Die Nederlandse koraalmelodie *Rust mijn ziel, uw God is Koning* klink frase vir frase op in die linkerhand op 'n 4'-tongwerk teen die *ritornello* in die regterhand, met 'n ondersteunende pedaallyn. By wyse van uitsondering dui Van der Tas nie registrasie aan nie, maar wel dinamiek, byvoorbeeld *p*, *mp*, *mf*, *f*, *ff* en selfs *ffff*.

Van der Tas se oeuvre is omvangryk, maar die navorser vind (soos hierbo bewys) dat sy werke weinig oorspronklikheid toon: dit adem trouens die konvensionaliteit van ander komponiste se style.

3.3.2.5 Hendrik (Henk) Temmingh (1939–)

Henk Temmingh (gebore 1939) kan gereken word as een van Suid-Afrika se toonaangewendste orrelkomponiste. Ofskoon min Suid-Afrikaanse orreliste vertrouwd is met die komponis se *volle* bydrae ten opsigte van kerkmusiek, het hy tog bekendheid verwerf deur maklike, kort en bruikbare inleidings en koraalvoorspele vir die Suid-Afrikaanse kerkmusikus te verskaf (Luitingh 2010:1-1).

Henk Temmingh is in Amsterdam, Nederland, gebore. Sy vader, Roelof Temmingh, was sy eerste musiekonderwyser. Die gesin immigrer in 1958 na Suid-Afrika, waar Temmingh matrikuleer en die graad B.Mus. (1962), die Diploma in Kerkmusiek (1962), en die grade B.Mus.(Hons.) (1963) en M.Mus. (1964) aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (tans die Noordwes-Universiteit) verwerf. In 1966 en 1967 studeer hy met 'n beurs aan die Koninklike Konservatorium in Den Haag, Nederland, onder Adriaan Engels (in orrel), Cor Kee

(in improvisasiekuns), Louis Stotijn (in dirigeerkuns) en Kees van Baaren (in komposisie) (Luitingh 2010:3-3). Die Universiteit van Pretoria ken in 1970 'n D.Mus. aan hom toe op grond van ses komposisies (Luitingh 2010:3-4).

Terug in Suid-Afrika doseer Temmingh aan verskeie universiteite. Hy is orrel- en teoredosent aan die Universiteit van Port Elizabeth (vandag die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit) en die Universiteit van die Witwatersrand, en word in 1986 professor en hoof van die Departement Musiek aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. In 1993 word hy hoof van die Departement Musiek aan die Universiteit van Pretoria, en beklee hierdie pos tot en met sy aftrede in 2000 (Luitingh 2010:3-4).

Temmingh se idiomatiese skryfstyl (Luitingh 2010:3-5) getuig volgens Jordaan (2009:63) van 'n praktiserende orrelis vir wie die inhoud van die teks en die melodie self as inspirasie vir sy koraalvoorspele dien. Die invloed van die Gereformeerde Kerk (waar hy lank orrelis was) op Temmingh se kerkmusiek blyk onder meer uit sy gereelde gebruik van die modale Geneefse psalmmelodieë (Luitingh 2010:3-10). Daar kan twee kategorieë in Temmingh se orrelmusiek onderskei word: enersyds is daar die koraalverwerkings, wat meestal kort is en vir gebruik in die erediens bedoel is; andersyds is sy langer orrelwerke eerder vir konsertdoeleindes gekomponeer (kyk ook Luitingh 2010:4-4).

Seven Preludes on Genevan Psalm Melodies is Temmingh se eerste koraalvoorspele, wat in 1972 gekomponeer en in 1974 deur Concordia gepubliseer is. Hierdie vroeë werk vertoon in baie opsigte reeds die kompositoriese eienskappe wat hierdie komponis se koraalvoorspele vier dekades later steeds sou kenmerk. Alhoewel die koraalvoorspele in *Seven Preludes on Genevan Psalm Melodies* slegs een of twee bladsye lank is, ontgin Temmingh die teks en karakter van die koraalmelodie suksesvol.

Die *Seven Preludes on Genevan Psalm Melodies* bevat kontrapuntale Barokvorms soos die trio (kyk byvoorbeeld Psalm 21 en Psalm 98) en kanon (Psalm 86 alio modo), en tipiese Barokversierings (Psalm 86). (Raadpleeg Luitingh 2010:4-5 vir meer inligting oor die gebruik van Baroktegnieke in Temmingh se orrelwerke.)

Ondanks sy aansluiting by die Barok (soos in die voorafgaande paragraaf beskryf) het Temmingh 'n eie, individuele, kontemporêre styl geskep (Pauw 1991:65). Die komponis beskryf sy harmoniese styl as “eklekties”, met gebruikmaking van modale, tonaal diatoniese en chromatiese harmonieë (Jordaan 2009:64). Volgens Luitingh (2010:3-10) lei “[d]ie aanwending van (soms gewaagde) onkonvensionele akkoorde en akkoordopeenvolgings [...] daartoe dat Temmingh se orrelmusiek as harmonies opwindend en kleurvol beskou kan word”.

Vanaf 1973 tot en met 1989 het Temmingh nog vier werke (wat binne die terreinafbakening van hierdie studie val, kyk 1.7), van Temmingh onderskeidelik in Bande 2, 5 en 6 van *Liturgiese orrelmusiek* gepubliseer (kyk 3.3.3.1). Temmingh se versameling koraalgebaseerde werke, *Twaalf koraalvoorspele*, gekomponeer in 1981, is egter nog nie gepubliseer nie, maar bestaan slegs in manuskripvorm. Vir Henk Temmingh is dit van groot belang dat orreliste kan improviseer en het sy studente aangepor om kreatief te wees en nie net voorgeskrewe werke aan te leer nie (Jordaan 2009:61–62). Temmingh se kreatiewe vermoëns het tot gevolg dat hy koraalgebaseerde orrelwerke komponeer wat as kunsmusiek beskou kan word. Die navorser is van mening dat die algemene kerkganger nie noodwendig aanklank by sy werke sal vind nie, maar hierdie werke sal die musiekkenner oor die betrokke lied se melodie en teks voorwaar laat besin.

Kyk ook 3.3.3.1, 3.4.2.1 en 3.4.2.2 vir verdere verwysings na Temmingh se werke.

3.3.2.6 Hans Roosenschoon (1952–)

Een jaar ná sy geboorte (in 1952) emigreer Roosenschoon saam met sy gesin uit Nederland na Suid-Afrika (in 1953). Hy studeer van 1969 tot 1971, en weer in 1974 en 1975 aan die Konservatorium vir Musiek in Pretoria. Danksy 'n studiebeurs van die Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (SAMRO) studeer hy in 1977 komposisie aan die *Royal Academy of Music* in Londen. Ná sy terugkeer na Suid-Afrika behaal hy in 1989 die graad M.Mus. in komposisie aan die Universiteit Stellenbosch, en die graad D.Mus. in 1991 aan die Universiteit van Kaapstad. Hy is professor in komposisie aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy van 1998 tot 2006 hoof van die Departement Musiek was (Roosenschoon, 2012).

Roosenschoon bundel sy volledige orrelwerke in 1978 in *Orrelboek 1973/1978*. In korrespondensie met die navorser (Roosenschoon, 2011) maak die komponis bekend dat nommers II, IX en XIII van die sestien werke in die bundel deur een van sy studente gekomponeer is. Elf van Roosenschoon se orrelkomposisies is in 1973 gekomponeer; die ander twee – die koraalvoorspel *Verlosser, Vriend ons Hoof en Heer* en die koraalnaspel *Lofsing die Here* – dateer uit 1978. Die komponis het ook teenoor die navorser aangedui dat die werke wat uit 1973 dateer se liednommers na die Nuwe Apostoliese Kerk se sangbundel verwys (Roosenschoon, 2011).

Verlosser, Vriend ons Hoof en Heer en *Lofsing die Here* is in opdrag van die Eredienskommissie van die Afdeling Kerkmusiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat gekomponeer. Dié werke is “tonaal geskryf en val in die kategorie van ‘Gebrauchsmusik’ [gebruiksmusiek]” (Jacobs 1987:186). Die styl van die werke is meer konvensioneel as dié van Roosenschoon se nie-orrelwerke (Jacobs 1987:186). *Verlosser, Vriend ons Hoof en Heer* is 'n trio waarin die linkerhand die *cantus firmus* op 'n solo-register speel. Die *ritornello* van die regterhand is gebaseer op die materiaal van die koraalmelodie en is polifonies van aard. Die voortdurend dalende en stygende chromatiese lyne in die pedaalparty herinner die navorser aan die verlossingsaspek van die koraal.

Jacobs (1987:189) beskryf die koraalnbspel *Lofsing die Here* as “’n [b]aie lewendige en uitdrukkingsvolle werk gebaseer op die geliefde Gesang 63”. Die werk is ’n tokkate, met die koraalmelodie wat in die pedaalparty klink. Die komponis moduleer heelwat in die werk, en volgens Jacobs (1987:189) “skerp [dit] die kragtigheid van die melodie by die luisteraar in”.

3.3.2.7 Gradus Wendt (1914–1996)

Daar bestaan min biografiese inligting oor hierdie komponis, en daar is nog min navorsing oor sy musiek gedoen. Ná Wendt se dood het *Vir die musiekleier* ’n kort artikel deur Troskie (1995:82) oor hierdie komponis gepubliseer. Wendt was onder andere orrelis van die Bovenkerk in Kampen, Nederland, en het waarskynlik daar bekendheid as orrelis verwerf. In 1954 emigreer hy vandaar na Suid-Afrika, waar hy eers in Murraysburg en daarna in Graaff-Reinet orrelis en musiekonderwyser is. Daarna is hy vyftien jaar lank orrelis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Vrijzee in Goodwood, Kaapstad, en na sy aftrede vir sestien jaar orrelis van die Gereformeerde Gemeente Belville. Hierbenewens was Wendt ook ’n aktiewe koorleier, dirigent en komponis, en uitsaaier van radioprogramme soos “Meesters van die Orrel”, “Die Orrelis” en “Grand Organ” (Troskie 1995:82). Ook in Nederland is hy postuum gehuldig in die voorwoord tot *Koraalbewerkingen* Deel 1, waar die redakteur, Albert van der Hoeven (1996:i), bondig oor Gradus Wendt skryf as Feike Asma se mees talentvolle leerling.

Die grootste deel van Wendt se koraalgebaseerde orrelwerke is van 1979 af in twaalf bundels deur die Stichting Orgelcentrum in De Bilt, Nederland, uitgegee terwyl Wendt in Suid-Afrika gewoon het. Hoewel die datum van uitgawe nie in hierdie bundels verskyn nie, dui Godschalk (1981:22) aan dat die eerste vier bundels in 1979 verskyn het. Uit die feit dat hy nie die ander agt bundels noem nie, kan afgelei word dat die res van Wendt se bundels moontlik na Godschalk se studie van 1981 uitgegee is. Die werke is netjies gedruk, meestal met die pedaalparty op ’n derde notebalk, en die titels en liednommers verwys na die Nederlandse sangbundels (Godschalk 1981:23).

Ná Wendt se dood (in 1996) het sy seun sy bladmusiek en opnames van sy musiek in die 23ste uitgawe van *Vir die musiekleier* geadverteer. SAMRO se argief besit nie net al twaalf hierdie bundels nie, maar ook ander, ongepubliseerde manuskripte van komposisies deur Wendt wat deur die navorser in die katalogus van hierdie studie opgeneem is.

Wendt se kerkmusiek vertoon oor die algemeen die tipiese formaat van 'n inleiding, koraal en naspel. Hierdie inleidings vorm nie deel van die studie nie, aangesien die koraalmelodie nie volledig in die bewerkings gebruik word nie. Sowel Van der Hoeven (1996:i) as Godschalk (1981:15) meld dat Wendt in die tipiese Nederlandse styl van Jan Zwart gekomponeer het. Die navorser is van mening dat die herhalende gebruik van 'n motief, asook dalende en stygende sekwense soos deur Zwart gebruik, 'n onoorspronklikheid aan die werke verleen. Wendt dui slegs die dinamiek aan en laat die keuse van registrasie aan die orrelis oor, maar Van der Hoeven (1996:i) noem dat gebruikmaking van die swelkas soms goeie effekte kan skep.

3.3.2.8 Roelof Willem Temmingh snr. (1913–2001)

Roelof Temmingh snr. is minder bekend vir sy orrelkomposisies as vir sy improvisasies. “In die sestiger- en sewentiger jare het min orreliste [in Suid-Afrika] dié vaardigheid beoefen. Ook onder invloed van Roelof Temmingh se baanbrekerswerk – sy talle lesse, lesings en artikels oor die onderwerp, het improvisasie 'n algemeen-aanvaarde begrip geword” (Troskie 2003:73).

Roelof Temmingh snr. is in Gorinchem, Nederland, gebore (Malan 1986:345). Van 1929 tot 1939 werk hy as kantoorklerk, en van 1939 tot 1953 as speurder by die Amsterdamse Polisie. Hy ontvang informeel orrelles by Jan Zwart en studeer van 1947 tot 1950 (danksy 'n beurs) vir die Staatseksamen in musiekteorie aan die Konservatorium in Den Haag. In 1953 word hy as dosent in musiekgeskiedenis aan die Christelike Hogere Burgerschool in Amsterdam aangestel. Tegelykertyd neem hy orrelles by Cor Kee. In 1956 lê hy die Staatseksamen in orrel af (Malan 1986:345).

In 1958 emigreer Temmingh met sy gesin na Suid-Afrika. “Klassieke musiek in Suid-Afrika is deur die Temminghs se koms verryk” (Troskie 2003:71). Hy werk aanvanklik as musiekonderwyser en orrelis op Griekwastad, Klerksdorp en Belville. Daarna is hy orrelis van die Groote Kerk (1960–1967) en die Gereformeerde Kerk (1967–1983) in Kaapstad (Troskie 2003:71; Malan 1986:345). Tydens sy verblyf in die Kaap beklee Temmingh ook deeltydse poste as orrel-, harmonie- en kontrapunt dosent aan die College of Music (vandag die University of Cape Town) en die Universiteit van Port Elizabeth (vandag die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit).

Reeds in Nederland het Temmingh in optredes vir Radio Nederland bekendheid verwerf vir sy buitengewone improvisasietalent (Malan 1986:345). In 1960 bied hy tien programme oor improvisasiekuns vir die SAUK aan (Malan 1986:345) en in 1981 maak hy ’n opname getiteld “Roelof Temmingh improviseer op 10 Afrikaanse Psalms en Gesange” vir die Suider-Afrikaanse Kerkorrelisteverening (SAKOV) (Troskie 2001:75). Hierdie opname was destyds gewild en is steeds inspirerend.

Ofskoon Temmingh goed in die Romantiese, chromatiese styl van Jan Zwart en Feike Asma kon improviseer, was hy eerder ’n aanhanger van die Franse improvisasiekuns soos dit deur Marcel Dupré en Maurice Duruflé beoefen is (Troskie 2003:73). Tog het hy sy “eie, onmiskenbare klankidroom gehad” (Troskie 2001:28). In Malan (1984:346) word melding gemaak van koraalvoorspele in manuskripvorm deur Temmingh, maar hierdie werke kon nie opgespoor word nie. Tot op hede is slegs een van Temmingh se koraalvoorspele bekend, naamlik *Kom, o volk van God*. Hierdie werk is in 1980 in *Liturgiese orrelmusiek, Band 4* gepubliseer. Dit bestaan uit vier variasies op hierdie Kerslied, en die navorser vind dat hierdie werk Temmingh se musikale vaardighede goed ten toon stel. Cillié (1981:52) skryf dat die eerste variasie, ’n harmonisering, die uitbeelding van die misterie van die Goddelike geboorte, is. Die gebruik van ongewone kwart- en kwintakkoorde val die navorser op, en met die voorgestelde registrasie van strykers en die *Voix Céleste* word ’n unieke effek geskep. Die tweede en vierde variasies, in die styl van ’n tokkate, vertolk die blydskap van Kersfees (Cillié 1981:52). Die gebruik van die kanon in die derde

variasie is slegs een van die menige vormtipes, soos deur Troskie (2003:73) genoem, waarin Temmingh kon improviseer.

Temmingh se bydrae tot die koraalvoorspel is weliswaar tot een gepubliseerde koraalvoorspel en 'n paar onbekende manuskripte beperk, maar sy bydrae tot die ontwikkeling van die koraalvoorspel in Suid-Afrika moet nie misgekyk word nie. “Sy passie was kerkorrelspel, en die kuns om gemeentesang musikaal sinvol en met oortuiging te begelei” (Troskie 2011:75). Deur sy nalatenskap het hy 'n bewustheid van die noodsaaklikheid van liturgiese orrelmusiek geskep.

3.3.2.9 Samevatting

Die Romantiese styl van Jan Zwart met sy kenmerkende gebruik van chromatiek, word steeds vandag in Suid-Afrika waardeer. Die Nederlands-gebore orreliste het improvisasie in Suid-Afrika bevorder as 'n belangrike hulpmiddel tot 'n suksesvolle liturgie. Mathlener, Zorgman, Van der Tas en Wendt het, in teenstelling met die res van die komponiste in Suid-Afrika, in die tydperk van 1930 tot 1988 'n groot bydrae tot koraalgebaseerde orrelwerke, gelewer. Sommige van Mathlener se werke en die werke van Van der Tas, Wendt en Zorgman, toon die inslag van Zwart se styl.

Roosenschoon en Henk Temmingh komponeer nie in die styl van Jan Zwart nie. Henk Temmingh het sy eie, unieke, komtemporêre styl geskep, gegrond op die kontrapuntale styl van die Barok. Hy word as een van Suid-Afrika se belangrikste orrelkomponiste beskou.

3.3.3 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke tussen 1972 en 1989

3.3.3.1 Liturgiese orrelmusiek, Band 1–6

Volgens die 1970-notule van die Oranje-Vrystaat Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is erediensmusiek indringend bespreek (Groenewald 1990:5). 'n

Liturgiese bewustheid was van belang, waar die musiek tot die woordverkondiging bydra (Groenewald 1990:50). Hierbenewens het dié sinode daarop aangedring dat Mendelssohn en Wagner se huweliksmarse, asook Handel se dodemars, afgeskaf moes word (Groenewald 1990:5).

Die orreliste van Bloemfontein het voor 1970 reeds 'n behoefte gehad aan orrel-musiek wat op kerkliedere gebaseer is (Groenewald 1990:4). Barbara Louw en Jacobus Kloppers, destyds albei dosente aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se Departement Musiek, het die leiding geneem om koraalvoorspele in te samel. In opdrag van die Sinodale kommissie het Louw en Kloppers as samestellers van *Liturgiese orrelmusiek, Band 1* opgetree (Groenewald 1990:5). Hierdie bundel is in 1972 uitgegee en het uit gepaste orrelmusiek vir huweliksbevestigings en begrafnisdienste bestaan. Slegs twee koraalgebaseerde werke van 'n Suid-Afrikaanse komponis, Jacobus Kloppers (een van die twee samestellers), is hierin gepubliseer, naamlik *Wie deur Gods vrees bewoë* en *Ek weet aan wie 'k my toevertrou het*.

Tydens die beplanning van *Liturgiese orrelmusiek, Band 2* het die samestellers besluit om Suid-Afrikaanse komponiste te vra om komposisies wat gebaseer is op Psalm 42 tot die bundel by te dra. Al die komposisies wat ingestuur is, is in 1975 in Band 2 gepubliseer (Groenewald 1990:11). Daar het altesaam agt koraalgebaseerde verwerkings deur ses Suid-Afrikaanse komponiste verskyn, naamlik Willem Mathlener, Henk Temmingh, Joop Stam, Stefans Grové, Chris Lamprecht en Roelof Temmingh jnr.

Liturgiese orrelmusiek, Band 3 is in 1979 uitgegee, 'n jaar nadat die *Afrikaanse Psalm- en Gesangbundel* in 1978 vrygestel is. Die samestellers van Band 3 – Johann Potgieter, Gawie Cillié en Barbara Louw – het Suid-Afrikaanse komponiste geïdentifiseer en hul versoek om op voorgeskrewe liedere koraalgebaseerde werke te komponeer. Die samestellers het aangedui dat die teksinhoud van die koraal 'n bepalende rol in die verwerking moes speel en dat die gekomponeerde werke

verkieslik van gemiddelde moeiliksheidgraad moes wees (Cillié 1981:49). Gawie Cillié se doel om in 'n groter mate van Suid-Afrikaanse komponiste gebruik te maak, is verwesenlik deurdat vyftien van die twintig werke in Band 3 deur Suid-Afrikaanse komponiste bygedra is (Groenewald 1990:18): Hans Babst, Gawie Cillié, Dirkie de Villiers, Johan Greyling, Izak Grové, Jacobus Kloppers, Chris Lamprecht, Winfried Lüdemann, Gerrit Olivier, Roelof Temmingh jnr., Albert Troskie, Arie van Namen, Nicol Viljoen en Wim Viljoen.

Liturgiese orrelmusiek, Band 4 is in 1980 gepubliseer nadat dit deur dieselfde samestellers van Band 3 byeengebring is. In Band 4 het daar tien koraalgebaseerde werke deur Suid-Afrikaanse komponiste verskyn: Hans Babst, Gawie Cillié, Johan Greyling, Izak Grové, Hennie Joubert, Jacobus Kloppers, Chris Lamprecht en Roelof Temmingh snr.

Liturgiese orrelmusiek, Band 5 en *Liturgiese orrelmusiek, Band 6* is onderskeidelik in 1984 en 1989 uitgegee. Hierdie twee bundels is uniek aangesien hulle slegs koraalgebaseerde werke deur Suid-Afrikaanse komponiste bevat. Veertien werke deur agt komponiste – Gawie Cillié, Chris Lamprecht, Gerrit Olivier, Hetta Potgieter, Johann Potgieter, Laurie Potgieter, Henk Temmingh en Cor Vermaas – is in Band 5 gepubliseer. In Band 6 is elf werke, slegs in variasievorm, deur ses Suid-Afrikaanse komponiste gepubliseer: Hans Babst, Johan Greyling, Izak Grové, Jacobus Kloppers, Henk Temmingh en Cor Vermaas. Oor 'n tydperk van sewentien jaar is daar sestig koraalgebaseerde werke deur Suid-Afrikaanse komponiste in hierdie reeks gepubliseer.

Die werke in hierdie gesamentlike versameling verteenwoordig verskillende styltipes: Barok, Romanties en Modern. Die meeste werke is in 'n konsonante, diatoniese styl geskryf, met die koraalmelodie in die sopraanparty (Groenewald 1990:44).

Groenewald (1990:51) het in haar studie bevind dat “[d]ie koraalvoorspele wat in 'n moderne skryfstyl geskryf is, [...] baie streng deur die orreliste afgekeur [word]”. Die

koraalverwerkings in Band 2 is oorwegend in 'n moderne idioom, soos die *Trio op Psalm 42:3* deur Stefans Grové en *Psalm 42, vers 1 en 3* deur Roelof Temmingh jnr. Dit verklaar waarskynlik die volgende besluit deur die samestellers van Band 3: “Dit is aan die komponiste duidelik gestel dat die voorspele vir gebruik tydens die erediens is en nie vir konsertdoeleindes nie” (Groenewald 1990:16).

Met Band 6 het die samestellers gevind dat orreliste variasies of partitas verkies, en komponiste gevolglik juis gevra om van hierdie vorm gebruik te maak (Groenewald 1990:24). Daar is ook versoek dat die werke in 'n Barok-, Klassieke of Romantiese styl geskryf moes wees, en dissonansie is nie aanbeveel nie (Groenewald 1990:52). Hierdie riglyne het gevolglik die kenmerke van die Suid-Afrikaanse koraalvoorspel bepaal.

Met hierdie reeks is daar vir die eerste keer die geleentheid aan komponiste gebied om koraalgebaseerde orrelwerke te publiseer en is hierdie ses bundels as't ware die platform van die koraalvoorspel as 'n genre in Suid-Afrika.

3.3.3.2 Jacobus Joubert Krige Kloppers (1937–)

Kloppers se twee koraalgebaseerde orrelwerke wat in 1972 in *Liturgiese Orrelmusiek, Band 1* opgeneem is, was sy eerste gepubliseerde orrelwerke, hoewel hy albei werke reeds in die sestigerjare gekomponeer het. Kloppers is een van Suid-Afrika se suksesvolste orrelkomponiste en sy bydrae tot die koraalvoorspel strek oor meer as vier dekades.

Kloppers is in Krugersdorp gebore. Hy ontvang sy aanvanklike opleiding as orrelis by Willem Mathlener, aan die Nederduitsch Hervormde Kerk se Kerkmusiekskool in Krugersdorp. Hy behaal die graad B.Mus.(Hons.) in 1961 aan die Universiteit van Potchefstroom, en sit sy studies daarna met verskeie beurse aan die *Staatliche Hochschule für Musik* in Frankfurt am Main, Duitsland, onder Helmuth Walcha voort. In 1966 behaal hy 'n D.Phil. aan die Johann Wolfgang Goethe-universiteit, ook in

Frankfurt (Malan 1984:135). Met sy terugkeer na Suid-Afrika in 1966 word Kloppers as lektor aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aangestel en in 1970 tot professor in musiekwetenskap bevorder. Kloppers was gedurende hierdie tydperk orrelis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Universitas, en sy eerste koraalvoorspele is hier tydens die eredienste uitgevoer (Carstens 1995b:25).

Die gesin emigreer in 1976 na Edmonton, Kanada. Hier bied Kloppers aanvanklik privaatesse aan, en is hy ook orrelis van die Anglikaanse gemeente, Church of Saint John the Evangelist. As komponis verwerf Kloppers internasionale statuut met sy werke wat in die VSA gepubliseer is. In 1979 word hy as adjunkprofessor aangestel om 'n musiekdepartement by die nuutgestigte King's College op te bou (Carstens 1995b:22,23). Van 1983 tot en met sy aftrede in 2008 is hy professor en hoof van hierdie musiekdepartement.

Ná sy twee koraalgebaseerde komposisies in *Liturgiese orrelmusiek, Band 1* word nog sewe van Kloppers se koraalvoorspele in Band 3, Band 4 en Band 6 van die reeks *Liturgiese orrelmusiek* gepubliseer. 'n Aantal van Kloppers se koraalvoorspele is nog ongepubliseer en dus slegs in manuskripvorm beskikbaar, en 'n aantal is in Kanada en Amerika uitgegee, wat verklaar waarom Kloppers se ontsaglike bydrae tot hierdie genre nie algemene kennis in Suid-Afrika is nie. Die Departement Musiek aan die Universiteit van die Vrystaat is sedert 2011 besig met 'n projek om Kloppers se volledige werke te katalogiseer.

Kloppers komponeer koraalvoorspele “omdat hy vir eredieningsgebruik koraalverwerkings benodig het van liederes waarop daar weinig of geen voorspele beskikbaar was nie” (Carstens 1995b:27). In sy koraalvoorspele maak Kloppers nie, soos in sy konsertwerke, van seriële skryfwyse of twaalftoon-komposisietegnieke gebruik nie. Hy is van mening dat die kerklied tonaalgebonden is en veral byval by die gemeente moet vind. Die koraalverwerkings is 'n poging om die essensie van die kerklied en die teks weer te gee (Carstens 1995b:27). Sy koraalgebaseerde werke kan in drie kategorieë verdeel word:

- a) Kort koraalvoorspele (*Der Tag hat sich geneiget*);
- b) Koraalvoorspele in variasievorm (*Partita on Psalm 116*); en
- c) Koraalgebaseerde konsertwerke (*Three Plainsong Settings* en *Triptych for organ based on Hymn Tunes by Ralph Vaughan Williams*) (Carstens 1995b:28).

Sy korter koraalvoorspele wat van 1964 tot 1974 gekomponeer is, is beïnvloed deur die Duitse Barokskool soos dit voorkom in, byvoorbeeld, J.S. Bach se versamelings in die *Orgelbüchlein*, die *Schübler Korale* en die *Agtien Korale* (Carstens 1995b:27). Die navorser vind dat Kloppers se werke wat in die onderskeie bande in die reeks *Liturgiese orrelmusiek* gepubliseer is, hierdie Barokstyl nastreef en dat die koraalmelodie daarin duidelik hoorbaar is.

“Die komponis noem dat hy sedert ongeveer 1975 tonaal-harmonies in nuwe rigtings begin werk het” (Carstens 1995b:27). Met *Tokkate op Psalm 84*, gekomponeer in 1973, het Kloppers begin wegbeweeg van die konvensionele Barokstyl: hy gebruik eksperimentele harmonieë en verskillende style, en laat alle maatstrepe weg (Carstens 1995b:29). Chromatiek en kontrapunt vorm ’n integrale deel van Kloppers se komposisiestyl. Die werke is moeilik, maar ’n aanwinst in elke orrelis se repertorium.

3.3.3.3 Richard Hermann Behrens (1925–)

Besondere melding behoort van hierdie komponis gemaak te word. Met die navorsing vir hierdie studie was sy versameling van ongepubliseerde werke (in manuskripvorm) die verrassendste ontdekking. Daar is 109 van Behrens se koraalvoorspele in die katalogus opgeneem; dit vorm die grootste lys van werke van al die komponiste. Hierdie versameling verteenwoordig ook [onder Suid-Afrikaanse komponiste] die grootste bydrae tot die Duitse kerkmusiektradisie.

Die werke is tussen 1980 en 1987 gekomponeer, maar word nou eers beskikbaar gestel. Op versoek van Winfried Lüdemann het Behrens sy manuskripte in 2009 aan die argiewe van die Universiteit van Stellenbosch se Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) beskikbaar gestel. Die werke is ook beskikbaar in die argiewe van die F.Z. van der Merwe-versameling aan die Universiteit van Pretoria.

Behrens is in Kroondal gebore en ontvang as kind onderrig in klavier, orrel en viool. In 1948 verwerf hy die graad B.Mus. onder leiding van Maria Fisser aan die Universiteit van Stellenbosch, en word as lektor by dieselfde universiteit aangestel. In 1960 studeer hy aan die *Staatliche Hochschule für Musik* in Frankfurt am Main, Duitsland, onder Helmut Walcha (orrel) en Kurt Hessenberg (harmonie en kontrapunt). Na sy terugkeer na Stellenbosch in 1961 word hy aangestel as direkteur van die Konservatorium vir Musiek aan die Universiteit van Stellenbosch, en in 1965 tot professor bevorder (Malan 1980:154). In 1988 tree hy, na veertig jaar diens, af as hoof van hierdie departement.

Behrens was vanaf 1952 orrelis van die Evangelies-Lutherse Kerk in Stellenbosch. Sy koraalvoorspele is kerkrepertorium wat Behrens vir eie gebruik tydens die erediens gekomponeer het. Die titels verwys na die Duitse koraalmelodieë, en die liednommers na die Evangelies-Lutherse Kerk se sangbundel.

Die manuskripte is gemiddeld twee bladsye lank en in sy eie, baie netjiese handskrif geskryf. Behrens komponeer in 'n tipiese, kontrapuntale Barokstyl met konvensionele harmonieë. Hy maak dikwels van nabootsing, fugato's, biciniums en trio's gebruik. Oor die algemeen open werke met 'n interessante ritmiese of melodiese *ritornello* van ongeveer vier mate, wat ook as begeleiding van die koraalmelodie dien. 'n Aantal van dié werke open met 'n virtuose solo-pedaalparty waarvan die karakter soortgelyk is as aan dié van werke deur Buxtehude of Lübeck. Na die aanvangsmateriaal tree die koraalmelodie gewoonlik op 'n tweede manuaal in. Die koraalmelodie klink op 'n solo-register, byvoorbeeld 'n *Sesquialtera*. In sommige koraalvoorspele is die koraalmelodie in die pedaal. Die koraalmelodie word frase vir

frase afgewissel met die aanvangsmateriaal en is duidelik hoorbaar. Die slotakkoord word oor die algemeen met versiering uitgebrei. Behrens maak nie van statiese akkoorde gebruik nie, en die musiek is bewegend weens die konstante gebruik van agstenote en sestiennoten. Hy dui gereeld *In organo pleno* aan. Hierdie waardevolle werke kan gemaklik op klein orrels uitgevoer word en sal hopelik binnekort vir die algemene orrelis ontsluit word.

3.3.3.4 18 koraalvoorspele vir die orrel (1983)

Hierdie bundel is deur Izak J. Grové (1946–) saamgestel en in 1983 deur die N.G. Kerk-Uitgewers uitgegee. Die koraalvoorspele is deur Grové, Johan Greyling (1939–) en Winfried Lüdemann (1951–) gekomponeer. Tien werke is deur Grové bygedra, vyf werke deur Greyling en drie werke deur Lüdemann. “Opsommend kan gesê word dat hierdie ’n nuttige bundel vir elke kerkorrelis is. Dit is netjies versorg, prakties bruikbaar en musikaal deurgaans in goeie smaak” (Troskie 1984:57).

Die navorser is van mening dat hierdie bundel steeds vandag so gewild is omdat die publikasie van hoë gebruikswaarde is. Ses werke is slegs manualitêr, en waar die pedaal wel gebruik word, is die partye baie eenvoudig. Die werke is ook kort en kan vinnig ingestudeer word. Troskie (1984:57) skryf dat die werke meestal in ’n 18de- en 19de-eeuse styl geskryf is, waar kanoniese imitasie, omkering, voorimitasie, variasie, pedaalpunt, ostinato en trio gebruik word. Grové en Greyling se harmoniese gebruik is konserwatief, met geringe Romantiese invloed; hierteenoor is die drie werke van Lüdemann meer in ’n 20ste-eeuse styl geskryf. Troskie (1984:57) meld dat die harmonieë van *Die groot en blye dag breek aan* en *Ons sien die tekens van die tyd* deur Lüdemann hom herinner aan Distler en Pepping se harmoniese styl.

3.3.3.5 Hetta Potgieter (1949–)

Hetta Potgieter is tans professor aan die Skool vir Musiek aan die Noordwes-Universiteit. Benewens haar drie koraalvoorspele wat in *Liturgiese orrelmusiek, Band*

5 gepubliseer is, het sy in 1986 haar eie bundel met orrelwerke, getiteld *Koraalvoorspele*, saamgestel.

Die navorser vind die werke wat in *Liturgiese orrelmusiek, Band 5* opgeneem is, minder innoverend as die werke in *Koraalvoorspele*. Die eerste variasie op *Allerhoogste Hemelvader*, en die verwerkings op *Wonderbare Koning* en *Stille nag, Heilige nag*, is uitbreidings van vierstemmige harmoniserings. Sy maak van konvensionele, diatoniese harmonieë gebruik.

In die bundel *Koraalvoorspele* toon Potgieter dat sy verskillende Barok- en Klassieke vorme soos die rondo, passacaglia, trio en variasievorm suksesvol kan gebruik. Ses werke is in die bundel opgeneem, waarvan die rondo *Herders op die ope velde* die langste werk is. Sy het die koraalvoorspele as deel van haar Honneursstudie onder die leiding van Lamprecht gekomponeer. Dit is dus te verstane dat die werke dieselfde ligte Barokstyl as Lamprecht toon nie.

3.3.3.6 Samevatting

Gedurende die sewentigerjare van die 20ste eeu het daar 'n bewustheid van gepaste liturgiese orrelmusiek ontstaan. Met die verskyning van die eerste van ses bande in die reeks *Liturgiese orrelmusiek* het daar in 1972 'n bloeitydperk in die koraalvoorspel van Suid-Afrika aangebreek. Die nuwe *Psalm- en Gesangboek*, wat in 1978 uitgegee is, het 'n groter vraag na geskikte liturgiese orrelmusiek tot gevolg gehad.

Jacobus Kloppers was die eerste Suid-Afrikaanse komponis wat in *Liturgiese orrelmusiek* gepubliseer het, en hy dra steeds tot hierdie genre by. Alhoewel dit vir Kloppers van belang is dat sy koraalvoorspele tot die algemene gemeentelid moet spreek, vind die navorser dat hy steeds kunsmusiek skeep. Richard Behrens se oeuvre dateer van 1980 tot 1987 en verteenwoordig die grootste aantal koraalvoorspele in die katalogus. Sy koraalvoorspele is diep gewortel in die Lutherse

kerkmusiektradisie en die Duitse Barokstyl. Dit sal van waarde wees as hierdie werke, wat in manuskripvorm is, aan die algemene publiek bekendgestel kan word.

In 1983 is die bundel *18 koraalvoorspele*, met werke van drie Suid-Afrikaanse komponiste – I.J. Grové, Johan Greyling en Winfried Lüdemann – gepubliseer. Hierdie bundel was baie gewild en word vandag steeds algemeen gebruik. Hetta Potgieter het in 1986 haar eie bundel met koraalvoorspele saamgestel. Hierdie inisiatief van 'n komponis om 'n bundel met eie werk saam te stel, het 'n algemene tendens in die 21ste eeu geword.

3.3.4 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke tussen 1990 en 1996

Die navorser bevind dat daar ná die publikasie van *Liturgiese orrelmusiek, Band 6* in 1989 'n periode gevolg het waartydens Suid-Afrikaanse komponiste minder tot die koraalvoorspel as 'n genre bygedra het.

Gedurende genoemde periode het Henk Temmingh drie werke gekomponeer: *Gesang 298/Lied 269* in 1992, *Kom dank nou* in 1993, en *Zeven voorspelen op Psalmmelodieën voor orgel* in 1994. *Kom dank nou* is in opdrag van die Stigting vir die Skeppende Kunste vir die 1993 SAUK-musiekpryskompetisie gekomponeer. Hierdie koraalgebaseerde werk in 'n moderne idioom is geïnspireer deur die koraalmelodie *Nun danket alle Gott*. Die aanvangsmateriaal van die koraalmelodie is chromaties aangepas en word onder andere as tema van 'n fuga gebruik. Hierdie werk is vir die konsertverhoog gekomponeer en nie vir kerkdoeleindes nie.

Jacobus Kloppers het ook in hierdie periode tot dié genre bygedra. Daardie komposisies is egter óf net in manuskripvorm beskikbaar óf in Kanada uitgegee.

3.3.5 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke tussen 1997 en 2000

3.3.5.1 Niel Pauw (1943–)

Pauw is sedert 1994 aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde, waar hy tans nog as deeltydse orreldosent werk. In 1997 word Pauw se *24 koraalverwerkings vir die orrel* gepubliseer, en in 2000 verskyn 'n tweede bundel, *Dertig koraalvoorspele vir die orrel*. Die koraalvoorspele is gebaseer op koraalmelodieë uit verskillende sangbundels van die Afrikaanse kerk, maar slegs die titels van koraalmelodieë, en geen liednommers nie, is aangedui.

Troskie (1998:44) skryf die volgende van *24 koraalverwerkings vir die orrel*: “Die styl van die verwerkings wissel van tradisioneel, tot ietwat populêr-Romanties, tot meer eietyds.” Pauw se werke is van gemiddelde moeilikheidsgraad en kan goed in die erediens aangewend word, aangesien dit luistervriendelik en idiomaties vir die orrel geskryf is.

3.3.5.2 Hans Babst (1934–2013)

Met Babst se aftrede, in 1998, aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (tans die Noordwes-Universiteit), het die Departement Musiek besluit om die tien koraalvoorspele wat Babst in 1973 vir sy B.Mus.(Hons.) gekomponeer het, uit te gee. Vanweë die behoefte aan verwerkings van psalmmelodieë het *Tien koraalvoorspele op Afrikaanse psalmmelodieë* groot aftrek by orreliste gekry. Die noukeurige aanduiding van registrasievoorkeure is 'n voordeel. “Oorsigtelik sou 'n mens dit kon bestempel as vakwerk in Barok- en Klassieke styl waarin talle harmoniese en kontrapuntale tegnieke met bewonderingswaardige [*sic*] vaardigheid in 'n hoogs musikale tekstuur aangewend word” (Troskie 1998:43). Die psalmmelodie is in al tien die werke duidelik hoorbaar, en Babst maak onder andere van vorme soos die trio, fughetta, bicinium en partita gebruik. Sy voorkeur vir die

partitavorm kom veral na vore in sy vier bydraes tot bande 3, 4 en 6 van *Liturgiese orrelmusiek*. Babst het sy laaste jare in Oudtshoorn gewoon.

3.3.5.3 *Met hart en mond en hande!* (1998)

Met die bekende kerkmusikus Dr. W.M. Louwrens se aftrede in 1998 het Jacques Louw, Erns Conradie en Kobie Colditz die genoemde aantreklike bundel saamgestel uit waardering vir Louwrens se bydrae tot die liturgie en kerkmusiek. Die bundel is deur die Sinodale kommissie vir die erediens van die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat uitgegee. Naas die ses bande van *Liturgiese orrelmusiek* was hierdie bundel die eerste waarin verskeie Suid-Afrikaanse komponiste se koraalgebaseerde werke gepubliseer is. Tien koraalverwerkings deur Erns Conradie, Izak Grové, Deon Lamprecht, Niel Pauw, Elize Schoombie, Albert Troskie, Niel van der Watt, Martin Venter en Wim Viljoen het in dié bundel verskyn.

Soos Troskie (1998:39) ook noem, vind die navorser dat die werke van gemiddelde moeilikheidsgraad is. Die verskillende style waarin die werke gekomponeer is, dra by tot die toeganklikheid en luistervriendelikheid van die bundel. Vormlik wissel hulle van fanfares, tokkates, partitas en trio's tot deurgekomponeerde verwerkings (Troskie 1998:39). Hierdie bundel het verskyn in 'n tyd toe daar 'n behoefte aan gepaste liturgiese musiek was.

3.3.5.4 *Abraham (Awie) van Wyk (1949–)*

Awie van Wyk is veral bekend as dirigent van die Potchefstroomse Universiteitskoor. In 2000 publiseer hy 'n bundel getiteld *Klein-orrel-koraal-juweeltjies*, waarvan 23 van die komposisies koraalgebaseerde solo-orrelwerke is. Ondanks die tradisionele styl waarin die werke gekomponeer is, kom die komponis se persoonlike harmoniese idioom na vore. Die koraalvoorspele is van gemiddelde moeilikheidsgraad. Van Wyk probeer met hierdie bundel ander orreliste aanspoor om ook hul eie komposisies neer te skryf (Viljoen 2000:66).

3.3.5.5 Samevatting

Niel Pauw het in 1997 en 2000 onderskeidelik twee bundels met koraalvoorspele uitgegee. Hans Babst se bundel, wat in 1998 deur die destydse Potchefstroomse Universiteit uitgegee is, het 'n leemte ten opsigte van verwerkings op psalmmelodieë gevul. *Met hart en mond en hande!* verskyn eweneens in 1998 en is 'n unieke versameling, aangesien dit die eerste bundel van koraalgebaseerde orrelwerke deur verskeie Suid-Afrikaanse komponiste is wat verskyn het ná die publikasie van die reeks *Liturgiese orrelmusiek*. Met Awie van Wyk se bundel orrelkomposisies, wat in 2000 deur die komponis uitgegee is, wou hy komponiste aanmoedig om hul eie werk te publiseer.

3.4 Die 21ste eeu: koraalgebaseerde solo-orrelwerke

3.4.1 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke van 2001 tot 2009

Van 2001 af het heelwat bundels met koraalvoorspele deur Suid-Afrikaanse komponiste die lig gesien. Een van die redes vir hierdie nuwe inspirasie in die genre was die publikasie, in 2001, van die nuwe liturgiese sangbundel getiteld *Liedboek van die Kerk*.

3.4.1.1 Babs Brouwer (1938–)

In die katalogus van hierdie studie verskyn 104 koraalvoorspele wat deur Brouwer gekomponeer is. Hulle is deur die komponis self uitgegee in tien bundels wat van 2001 tot 2009 gepubliseer is. Soos hierbo genoem, is Brouwer se inisiatief deur die verskyning van die *Liedboek van die Kerk* geïnspireer. Haar bundels se doel was dan ook om die gemeente met die nuwe liedere vertrouwd te maak. Die verwerkings is in variasievorm, waarvan meeste op twee notebalke geskryf is. Die werke is maklik en sou ook sonder moeite op die klavier gespeel kon word. Ten spyte van die eenvoud van die werke voorsien dit aan die behoeftes van die algemene orrelis (Kruger

2001:67). Die toeganklikheid van die werke is 'n belangrike rede vir die sukses van Brouwer se tien bundels. Die komponis woon in Potchefstroom.

3.4.1.2 Hester Eigner-van der Westhuizen (1969–)

Twee van Eigner-van der Westhuizen se werke het in Awie van Wyk se bundel *Klein-orrel-koraal-juweeltjies* (2000) verskyn. In 2001 het sy agtien van haar komposisies self in die bundel *Musica Grata Deo* uitgegee. Dit is vir die navorser teleurstellend dat hierdie bundel nie by die algemene orrelis bekend is nie, aangesien die werke baie toeganklik is vir die deursnee-gemeentelid. Die repertorium is ook nie tegnies veeleisend nie; die gevorderde orrelis kan dit trouens blad lees. Soos Van Wyk, moedig sy orreliste aan om hul eie verwerkings te skryf.

Eigner-van der Westhuizen se musiek is in 'n homofoniese styl met 'n spesifieke kontemporêre harmoniese idioom geskryf. Sy bereik hierdie ligter klankidoom deur akkoorde met tweedes, sewendes en negendes op te vul. In *Laat my met U verenig lewe* word die koraalmelodie afgewissel met melodieuse materiaal teenoor die sielvolle begeleiding.

3.4.1.3 Albertus Jacobus Johannes Troskie (1942–)

Troskie is een van die bekendste en mees gevierde komponiste van koraal-gebaseerde orrelmusiek in Suid-Afrika. Sy koraalvoorspel *O Lam van God, onskuldig* het in 1979 in *Liturgiese orrelmusiek, Band 3* verskyn.

Troskie is in Adelaide, Suid-Afrika, gebore. Tydens sy studie as B.Mus.-student aan die Universiteit van Kaapstad oefen sy dosent Roelof Temmingh snr. 'n sterk invloed uit op sy vorming as orrelis en kerkmusikus.² Danksy 'n UNISA oorsese studiebeurs studeer Troskie van 1969 af musiekwetenskap aan die Universiteit van Amsterdam,

² Troskie het Roelof Temmingh snr. se skoonseun geword toe hy met Temmingh se dogter Jenny trou.

en vir twee jaar lank orrelspel en improvisasie onder Cor Kee. In 1971 word hy as dosent by die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) aangestel en in 1977 tot mede-professor bevorder (Malan 1986:395). In 1983 word hy dosent aan die Universiteit van Port Elizabeth, waar hy in 1998 as professor en hoof van die Departement Musiek aftree (Jordaan & Kruger 2011:223).

In 2003 publiseer Troskie sy eerste bundel met eie komposisies in samewerking met SAKOV. Hy gee sy tweede bundel in 2006 self uit saam met 'n dubbel-CD waarop hy sy eie komposisies self uitvoer. Hierdie twee volumes verteenwoordig sy volledige komposisies tot 2006. Hy werk tans aan 'n derde volume wat onder meer werke insluit wat reeds in die SAKOV-bundels verskyn het.

Troskie se koraalvoorspele is so suksesvol omdat die werke toeganklik en luister-vriendelik is. “Dit is die tipiese Nederlandse improvisasie- en begeleidingsstyl [*sic*] wat Troskie ook verfyn het onder leiding van sy leermeesters, Roelof Temmingh snr. en Cor Kee” (Kruger 2003:61). Troskie gebruik oktawe, veral in die melodie of pedaal, met groot sukses in sy koraalvoorspele (soos in *Op berge en in dale*). Die harmonieë wat hy gebruik, is interessant en wissel van tonaal tot chromaties. Die gebruik van chromatiek is, soos Kruger (2003:61) noem, egter nie te ongewoon vir die deursnee-gemeentelid nie.

Nog 'n rede vir die sukses van Troskie se koraalvoorspele is dat hy variasies skryf op 'n manier wat orreliste in staat stel om slegs sekere variasies te speel (en ander uit te laat), of selfs sekere variasies met mekaar te kombineer. Troskie dui die registrasie, frasering, artikulasie en manuaalgebruik duidelik aan (Kruger 2003:61–62). *Jesus bron van al my vreugde*, *Op berge en in dale* en die *Kersfeessuite* is seker van Troskie se gewildste koraalvoorspele. Hy het deur jarelange ondervinding as kerkorrelis en dosent geleer waarby die gemeentelid en gemiddelde orrelis aanklank vind, en sy komposisies voldoen aan daardie behoeftes.

3.4.1.4 Tjaart Jakobus Petrus Krüger (1983–)

In 2006 gee Tjaart Krüger 'n bundel getiteld *Wierookkoraal* uit en hierdie komponis beskou homself as "self-aangeleer". Desnieteenstaande verteenwoordig hy 'n jonger generasie van orreliste wat nuwe koraalgebaseerde werke skep en bewys juis dat enige orrelis funksionele musiek wat 'n verdiepende bydrae tot die erediens lewer, kan komponeer. Sy musiek is luistervriendelik en nie vir die orrelis moeilik om te leer nie. In die voorwoord tot sy bundel skryf die komponis dat hy probeer het om verskillende vormtipes (wat variasies insluit) en teksture te gebruik. Hy dui manuaalgebruik aan, maar laat die keuse van registrasie aan die orrelis oor omdat orrels verskillend is.

3.4.1.5 Christian (Chris) Lamprecht (1927–)

Vyf koraalvoorspele van Lamprecht is in *Liturgiese Orrelmusiek, Bande 3, 4 en 5* gepubliseer. Aangesien *Gaan deur sy poorte* nie meer beskikbaar was nie en die vyf werke in *Liturgiese orrelmusiek* slegs 'n enkele van Lamprecht se vele komposisies verteenwoordig, is inisiatief deur Gerrit Jordaan en Eon Malan geneem om sy volledige orrelwerke te bundel om met die toekenning van sy erelidmaatskap deur SAKOV saam te val. Hierdie bundel, met die titel *God het ek lief*, is in 2006 deur Pro Studio in Pretoria uitgegee.

Lamprecht se kerkmusiek is vir die deursnee kerkkoor, orrelis en kerkganger bedoel (Van der Westhuizen 2006:106). Sy koraalvoorspele het as improvisasies in die erediens ontstaan en is op van die bekendste kerkliedere gebaseer. Die meeste van hierdie werke is kort én maklik, en kan as goeie lesmateriaal dien (Kruger 2006:97–98). Die komponis dui sy voorkeure ten opsigte van musikale karakter, tempo, artikulasie en registrasie aan, wat orreliste in staat stel om dié werke oortuigend te kan uitvoer (Godschalk 1981:25). Die navorser vind veral die artikulasie-aanduidings van groot belang deurdat dit die orrelis help om die komposisies tot hul reg te laat kom.

3.4.1.6 John Reid Coulter (1958–)

Coulter staan in Suid-Afrika as 'n Barokspesialis bekend. In 1978 het orreliste in Potchefstroom hom gevra om koraalvoorspele op die melodieë van psalms 18, 24, 45, 47, 86 en 145 te komponeer. Met die twee koraalvoorspele op *Grote God, aan U die eer!* en *Stille nag, heilige nag*, wat onderskeidelik in 1980 en 1987 gekomponeer is, brei Coulter sy orreloeuvre verder uit.

Eon Malan neem in 2007 die inisiatief om bogenoemde werke, wat vir soveel jare net in manuskripvorm beskikbaar was, in 'n bundel getiteld *Koraalvoorspele* te publiseer onder die druknaam Pro Studio. In *Koraalvoorspele* verskyn tien koraalgebaseerde orrelwerke wat binne die terreinafbakening van hierdie studie val. Gerrit Jordaan skryf in die voorwoord tot hierdie bundel dat die werke in 'n neo-modale styl gekomponeer is. Volgens Coulter het die modale karakter en wisselende metrum van die Geneefse psalmmelodieë as basis vir hierdie komposisies gedien.

3.4.1.7 Jan Elsenaar (1967–)

Elsenaar is in Dordrecht, Nederland, gebore. Hy emigreer in 1985 na Suid-Afrika en vestig die orrelboufirma *Protea Orrelbou* in 1992. Elsenaar, wat orrelles by Stephanus Zondagh en Deon Lamprecht ontvang het, is bekend vir sy orrel-improvisasies op koraalmelodieë.

In 2008 word *Musiek vir Kersfees* in Zaandam, Nederland, uitgegee deur die uitgewersmaatskappy Jan Zwart. Dié publikasie bevat twee werke: *O Jesus, U het ons verbly* en *Stille nag, heilige nag*. Hierná publiseer dieselfde uitgewer nog twee bundels en een losstaande werk deur Elsenaar, te wete *Koraalbewerkingen Deel 2* (2008), *Koraalbewerkingen voor orgel* (2012) en *Op bergen en in dalen* (November 2012).

Elsenaar se werke is in die Nederlandse improvisasiekuns gegrondves en deur die styl van Jan Zwart geïnspireer. *Op bergen en in dalen* is die langste van sy werke wat in die katalogus verskyn. Die werk open met 'n kort eggo-fanfare tussen die trompetregister en die hoboregister. Hierdie bekende koraalmelodie word met die "trompet-tune" en tokkate-materiaal afgewissel. Elsenaar se komposisies is homofonies en sy harmoniserings is eenvoudig, met gebruikmaking van tussendominante.

3.4.1.8 Winfried Lüdemann (1951–)

Lüdemann is professor en hoof van die Departement Musiek aan die Universiteit van Stellenbosch. Naas drie van sy komposisies wat in die bundel *18 koraalvoorspele vir die orrel* gepubliseer is, is *Ons hoor die Paasfeesklokke* in die *Liturgiese orrelmusiek, Band 3* opgeneem.

In 2008 versamel Lüdemann sy koraalgebaseerde orrelwerke in een bundel. In die voorwoord noem hy dat dié werke tussen 1981 en 1996 gekomponeer is. Vier koraalvoorspele verskyn in die bundel: *Wie soll ich dich empfangen*, *Erschienen ist der herrliche Tag*, *Wenn wir in höchsten Nöten sein* en *Die Sonn' hat sich mit ihrem Glanz gewendet*. Volgens Campbell (2008:49) is dit "met die eerste oogopslag baie duidelik dat Lüdemann baie kundig en met outoritêre vakmanskap te werk gegaan het".

Lüdemann maak van tradisionele Barokvorme soos die fuga, bicinium, trio en partita gebruik. Soos reeds ten opsigte van die *18 koraalvoorspele* genoem is, is Lüdemann se styl "modern, baie toeganklik en soms verrassend" (Campbell 2008:49).

3.4.1.9 Werner Retief (1965–)

Werner Retief, wat in Krugersdorp woon, was sedert 1992 orrelis in verskeie Gereformeerde gemeentes. Sy koraalgebaseerde orrelwerke is juis op psalmmelodieë gebaseer om aan sy eie behoefte aan verwerkings op hierdie melodieë te voldoen. In 2009 stel Retief 'n bundel, *Eerste korale*, saam. Hierdie opgepubliseerde bundel bevat 52 koraalvoorspele wat op psalmmelodieë gebaseer is. In die katalogus wat die navorser vir hierdie studie saamgestel het, verteenwoordig dié publikasie die grootste versameling van koraalgebaseerde solo-orrelwerke wat op psalmmelodieë gebaseer is. *Eerste korale* is informeel opgestel, en die algemene orrelis dra waarskynlik nie kennis van hierdie bruikbare werke nie.

Die navorser bevind dat Retief in 'n neo-Barokstyl komponeer. Hy noem dan ook pertinent in sy voorwoord dat Bach en Brahms 'n rol in sy musikale vorming gespeel het. In die kort verwerking op Psalm 60, gebaseer op die melodie *LOUIS* deur Gerrit Olivier, maak Retief van die tipiese ornamentale Barokkoraalvoorspel gebruik, maar met Romantiese harmonieë en chromatiek. Die navorser is van mening dat publikasie van hierdie toeganklike werke 'n leemte ten opsigte van die koraalvoorspel in Suid-Afrika sal vul.

3.4.1.10 Samevatting

Die publikasie van die nuwe sangbundel *Liedboek van die Kerk 2001* het komponiste tot die skryf van nuwe koraalgebaseerde werke geïnspireer. Aangesien koraalgebaseerde werke nie gereeld in Suid-Afrika gepubliseer word nie, doen komponiste moeite om hul werke self te publiseer of te laat publiseer.

Babs Brouwer se tien bundels bied bruikbare liturgiese orrelmusiek vir die deursnee-orrelis. Hester Eigner-van der Westhuizen se kontemporêre klankidoom voeg verskeidenheid aan die verskillende style van die Suid-Afrikaanse koraalvoorspel toe. Albert Troskie is een van Suid-Afrika se bekendste komponiste van

koraalgebaseerde orrelwerke. Hy is 'n kundige en vaardige komponis wie se werk by die Nederlandse orrelstyl aansluit en daarop voortbou. Die navorser vind die koraalgebaseerde werke van Tjaart Krüger verblydend, omdat hy wys dat elke orrelis komposisies die lig kan laat sien om so 'n verdiepende bydrae tot die erediens te lewer.

Danksy die bundeling van Chris Lamprecht se volledige orrelwerke is waardevolle liturgiese koraalvoorspele aan die gemiddelde orrelis beskikbaar gestel. John Reid Coulter se verwerkings op die Geneefse psalms is in 'n neo-modale styl. Jan Elsenaar se styl is (soos Troskie s'n) beïnvloed deur die tipiese orrelstyl van Jan Zwart. Elsenaar publiseer sy werke dan ook in Nederland. Winfried Lüdemann se koraalgebaseerde werke lewer 'n bydrae, in 'n neo-Barokstyl, tot die Lutherse kerkmusiektradisie. Werner Retief lewer die grootste getal koraalgebaseerde orrelwerke wat op psalmmelodieë gebaseer is.

3.4.2 Koraalgebaseerde solo-orrelwerke ná 2010

Ná die publikasie van die sesde (en laaste) band van die reeks *Liturgiese orrelmusiek* in 1989, is daar geen daadwerklike poging aangewend om die skryf van koraalvoorspele onder Suid-Afrikaanse komponiste te bevorder nie. Slegs enkele bundels het die lig gesien, en in die meeste gevalle moes die komponiste self hul werke publiseer en promoveer. Die meeste van hierdie bundels is nie algemeen beskikbaar óf bekend nie, en Suid-Afrikaanse koraalgebaseerde werke in manuskripvorm geniet nog minder aandag.

Die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV) het die waarde van die byeenbring van versamelings van koraalgebaseerde orrelwerke deur Suid-Afrikaanse komponiste opgemerk. 'n Projek is geloods met Gerrit Jordaan en Daleen Kruger as samestellers. Hulle het uitmuntende werk gedoen deur bekende én onbekende komponiste vir die projek te nader. Met die publikasie van hierdie bundels (kyk hieronder) bereik die koraalvoorspel as genre 'n hoogtepunt in Suid-Afrika.

3.4.2.1 *Feesbundel* (2010)

Die eerste bundel, onder die titel *Feesbundel*, is in 2010 uitgegee en het 47 koraalgebaseerde solo-orrelwerke deur 27 Suid-Afrikaanse komponiste in een band byeengebring. Tien van hierdie komponiste se werke het in die (ses) verskillende bande van *Liturgiese orrelmusiek* verskyn: Hans Babst, Johan Greyling, Jacobus Kloppers, Chris Lamprecht, Gerrit Olivier, Henk Temmingh, Roelof Temmingh jnr., Albert Troskie, Arie A. van Namen en Wim Viljoen. Komposisies deur Gerrit Jordaan, Daleen Kruger, Werner Retief, Niel van der Watt en Hester Eigner-van der Westhuizen is ook voorheen in verskeie ander bundels gepubliseer, maar danksy hul opname in die *Feesbundel* word nuwe aandag op hul werk as orrelkomponiste gevestig. In *Feesbundel* word vir die eerste keer werke van die volgende Suid-Afrikaanse komponiste gepubliseer: Niel Barnard, Dalene Brits, Andrew Cruickshank, Marthie Driessen, Gideon Els, Hendrik Hofmeyr, Herman Jordaan, Jacus Krige, Bertha Spies, Zorada Temmingh, Pieter van der Westhuizen en Ockie Vermeulen. Die navorser vind dit verblydend dat werk van 'n groot aantal Suid-Afrikaanse komponiste met uiteenlopende style in dié bundel gepubliseer is.

Gerrit Jordaan skryf in die voorwoord dat die “moeilikhedsgraad van die musiek wissel van bladleesbaar tot redelik kompleks” (Jordaan 2010:3). Die navorser beaam hierdie stelling en vind dat die meeste werke met min moeite ingestudeer kan word. Van die maklikste werke wat in die bundel verskyn, is byvoorbeeld Dalene Brits se kort werk *Want so lief het God die wêreld gehad*, en Albert Troskie se langer werk, in die vorm van variasies, op *U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie*. Voorbeelde van moeiliker werke in die bundel is *Psalm 8* en die twee verwerkings op *Hoor die blye eng'lelied* deur Jacobus Kloppers.

Jordaan skryf ook in die voorwoord: “Die verskeidenheid van komposisiestyle wat in die bundel aangebied word, is 'n poging om vir die behoeftes van 'n wye spektrum van kerkmusiek-luisteraars voorsiening te maak” (Jordaan 2010:3). Die werke is oor die algemeen in 'n kontrapuntale styl geskryf, met tien werke in variasievorm. Hans

Babst se partita gebaseer op *Ons dank U, Heer en bring U eer* is die mees uitgebreide partita in die bundel. Die trio's *Dié met helder witte klere* deur Henk Temmingh en *Ek kniel ook voor u voete, Heer* deur H. Pieter van der Westhuizen is ook voorbeelde van werke in 'n Barokstyl.

Roelof Temmingh jnr. se komposisie *Laat my met U verenig lewe*, Hendrik Hofmeyr, *O Heer, uit bloed en wonde*, en Andrew Cruickshank se *Hoed my as ek my gaan neerlê* is in 'n dissonante, moderne styl.

Die algemene styl van die werke in die bundel is homofonies, waar die koraalmelodie streng hanteer word en meestal duidelik hoorbaar is in die sopraan. Heelwat werke is in 'n ligter klankidoom en bied dus luistervriendelike musiek vir die gemiddelde gemeentelid, byvoorbeeld *Laat ons sing van ons Verlosser* deur Wim Viljoen, *Leer my u wil, Heer* deur Niel van der Watt, en *Heer, met my hele hart* deur Zorada Temmingh. Hester Eigner-van der Westhuizen demonstreer met haar verwerking op *Psalms 116* dat selfs eietydse akkoorde suksesvol met betrekking tot die Geneefse psalm aangewend kan word.

Dit was vir die navorser opmerklik dat klavieragtige arpeggio's in die linkerhand in twee verwerkings as begeleiding gebruik word: Gideon Els se *Die vreugdelied wat engele sing* en Jacus Krige se *Keer terug en kom na My*.

Hierdie bundel bewys dat die koraalvoorspel tot 'n noemenswaardige genre in Suid-Afrika ontwikkel het.

3.4.2.2 Erediensmusiek (2011)

Aangesien daar meer werke ontvang is as wat in die eerste bundel gepubliseer kon word, het die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV) in 2011 'n opvolgbundel onder die titel *Erediensmusiek* uitgegee. Hierdie bundel bevat 32 werke deur sestien Suid-Afrikaanse komponiste. Twaalf van hierdie komponiste het

reeds werk tot die *Feesbundel* bygedra. Wynand de Villiers, Joanita Erasmus en Dennis Stander het egter vir die eerste keer gepubliseer. Die heropname van Willem Zorgman se twee kort werke voeg historiese waarde tot die bundel toe.

Die variasievorm word weer eens deur komponiste gebruik. Vier van die ses werke van Johan Greyling wat in die bundel gepubliseer is, is in variasievorm: *Ek sien 'n nuwe hemel kom*, *Loof die Here, al wat lewe*, *My Verlosser aan die Kruis*, en *Salig die wat arm voor God is*.

Die werke van Henk Temmingh en Jacobus Kloppers is van die moeiliker werke wat in die bundel verskyn. Met SAKOV se 25ste jaarvergadering in 2005 het Temmingh die werk *O Heer, wat U in guns oor my ontferm* gekomponeer: enersyds ter viering van hierdie geleentheid en andersyds ter viering van sy erelidmaatskap van hierdie vereniging. Dié werk bestaan uit ses variasies en is 'n uitdagende, moderne werk.

Die navorser is van mening dat Marthie Driessen se twee werke, *Ons kom vier U maaltyd Vader* en *U het die brood gebreek*, nie haar vaardighede as orrelkomponis tentoonstel nie. Sy is as koorkomponis in Suid-Afrika bekend, maar het talle innoverende koraalvoorspele gekomponeer, wat steeds slegs in manuskripvorm beskikbaar is.

Die bundel *Erediensmusiek* is 'n uitbreiding van die vorige bundel in die sin dat dit nóg maklike, bruikbare, luistervriendelike werke, gebaseer op liederes uit die *Liedboek van die Kerk*, aan orreliste bekendgestel het. Die variasies op die twee melodieë van *Aan U, o God, my dankgesange* deur Chris Lamprecht is beslis 'n waardevolle toevoeging tot die corpus gepaste liturgiese orrelmusiek.

3.4.2.3 Samevatting

SAKOV se publikasie van die hierbo bespreekte twee bundels, die *Feesbundel* in 2010 (kyk 3.4.2.1) en *Erediensmusiek* in 2011 (kyk 3.4.2.2), het 'n hoogtepunt in die

ontwikkeling van die genre van die koraalvoorspel in Suid-Afrika teweeggebring. Die twee bundels bevat gesamentlik 79 koraalgebaseerde orrelwerke deur 31 Suid-Afrikaanse komponiste.³ Die werke is oor die algemeen nie moeilik nie en meeste is luistervriendelik, met die koraalmelodie wat duidelik hoorbaar is.

³ Die twee bundels, *Feesbundel* en *Erediensmusiek*, bevat ook koorwerke sowel as werke vir verskillende instrumente en orrelbegeleiding.

HOOFSUK 4

Gevolgtrekking

Vir hierdie studie is die koraalvoorspel as genre in Suid-Afrika bestudeer. Die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika is 'n belangrike aspek van dié studie aangesien dit die Suid-Afrikaanse orrelmusiek in konteks plaas. In die bespreking van die koraalvoorspel as genre is die bydraes chronologies uiteengesit. Die unieke bydrae van hierdie studie is dat daar vir die eerste keer 'n katalogus van koraalvoorspele deur Suid-Afrikaanse komponiste opgestel is.

Vir die studie van die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika is bestaande literatuur geraadpleeg. Die katalogus is aanvanklik opgestel deur inligting wat uit die enkele beskikbare bronne afkomstig is, saam te voeg. Hierdie inligting is egter met primêre navorsing aangevul, wat veral op die versameling(s) van die Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (SAMRO) gesteun het. Waar inligting steeds teenstrydig of onduidelik was, is komponiste of hul families sover moontlik gekontak.

Die navorser het bevind dat die kerk die belangrikste rol in die vestiging en ontwikkeling van die orrel in Suid-Afrika gespeel het. Dit is onbekend watter musiek die eerste selfgeleerde orreliste op die vroeë orrels in Suid-Afrika uitgevoer het. Die navorser het juis probeer uitvind wat hierdie orreliste tydens eredienste gespeel het en óf hulle enigsins gepaste liturgiese orrelmusiek gebruik het. Sover afgelei kon word, was improvisasie aan die orde van die dag.

'n Insiggewende bevinding wat uit die navorsing geblyk het, is dat dit selfs in primitiewe, moeilike omstandighede vir gemeentes belangrik was om hulle vir die verkryging van 'n pyporrel vir hul kerkgebou te beywer. Die geleenthede waartydens so 'n orrel ingewy is, het groot prominensie in die gemeenskap geniet en was, terwyl die Engelse aan bewind was, selfs glansgeleenthede. Die program is dikwels verder opgeluister en uitgebrei met optredes deur kore en orkeste.

Daar is heelwat bekend oor die repertorium wat tydens hierdie geleentehede uitgevoer is. Soos tydens die erediens (kyk hierbo) was die speel van transkripsies op die orrel 'n gewilde keuse. Die “Hallelujakoor” uit die *Messias* van Handel is telkemale uitgevoer – 'n werk wat vandag steeds gereeld deur orreliste in Suid-Afrika gespeel word.

Prominente orreliste soos Frans Christiaan Grondeler, Jan Ernst Hugo, Jan de Villiers, Rocco de Villiers en Friedrich Wilhelm Jannasch het die grondslag vir kerkmusiek in Suid-Afrika gelê.

Die vroegste bladmusiek wat opgespoor kon word van koraalvoorspele deur Suid-Afrikaanse komponiste dateer terug na die einde van die 1890's. Hierdie eerste koraalvoorspele toon 'n sterk Engelse invloed. Aan die begin van die 20ste eeu is bladmusiek aanvanklik in die buiteland eerder as plaaslik gepubliseer. Hierbenewens is talle komposisies slegs in manuskripvorm beskikbaar.

In die loop van die 20ste eeu is die pyporrel as 'n volwaardige instrument op liturgiese en sekulêre gebied gevestig. Selfs op sekulêre gebied is daar oor die algemeen transkripsies van bekende werke op die orrel uitgevoer, eerder as “ernstige” orrelliteratuur. Gemeentes het egter gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu liturgies bewus geword en inisiatief aan die dag gelê om orreliste op te lei. Die formele opleiding van orreliste aan universiteite het 'n beslissende verandering in die standaard van orrelspel in Suid-Afrika teweeggebring. Dit het op sy beurt 'n regstreekse invloed op die ontwikkeling van die koraalvoorspel as genre gehad.

Die verskillende Nederlandse komponiste wat na Suid-Afrika geïmmigreer het, het ook 'n groot invloed op die koraalvoorspel as genre gehad. Hierdie komponiste was liturgies ingestel en het, in vergelyking met ander Suid-Afrikaanse komponiste, baie komposisies tot die genre bygedra.

Die grootste aantal koraalvoorspele deur Suid-Afrikaanse komponiste is opgeneem in die ses bande van die reeks *Liturgiese orrelmusiek* en in die twee bundels getiteld *Feesbundel* en *Erediensdiensmusiek*. Hierbenewens het talle komponiste die inisiatief geneem om hul werke self te bundel en te publiseer.

Die publikasie van twee nuwe sangbundels, te wete die *Afrikaanse Psalm- en Gesangbundel* in 1978 en die *Liedboek van die Kerk* in 2001, het Suid-Afrikaanse komponiste ook (opnuut) geïnspireer om tot die genre van die koraalvoorspel by te dra. Deur koraalvoorspele kon nuwe liedere aan die gemeente bekendgestel word.

Godschalk (1981:4) se studie het tot die opspoor van ongeveer 225 gepubliseerde orrelwerke gelei. Dit is verblydend dat daar in die katalogus wat vir hierdie studie opgestel is, altesaam 1 170 koraalvoorspele deur 78 komponiste gelys kon word. Van hierdie 1 170 koraalvoorspele is 731 (of 62,5%) gepubliseer, en 439 (of 37,5%) ongepubliseer (in manuskripvorm) beskikbaar.

Bogenoemde statistiek toon die omgekeerde van die navorser se aanvanklike aanname dat die meeste koraalvoorspele ongepubliseerd sou wees. Ofskoon die meeste werke dus wel gepubliseer is en daarom geredelik beskikbaar en aan die deursnee-orrelis bekend behoort te wees, geld dieselfde nie ten opsigte van dié werke wat deur die komponiste self gepubliseer is nie.

Uit 'n beskouing van die koraalvoorspele wat deur Suid-Afrikaanse komponiste gekomponeer is, blyk heelwat variasie in die hantering van hierdie genre. Sommige werke is kort, terwyl ander langer, uitgebreide werke is. Die koraalvoorspele is in verskillende musiekstyle geskryf: Barok, Romanties, Modern én in 'n kontemporêre idioom. Ofskoon sekere werke net vir konsertdoeleindes geskik is, kan die koraalvoorspel in Suid-Afrika oor die algemeen beskryf word as kort, eenvoudige werke – meestal in variasievorm – vir gebruik in die erediens.

Die navorsing oor die koraalvoorspel wat vir hierdie studie gedoen is, met inbegrip van die saamstel van 'n volledige katalogus, is die eerste van sy soort op hierdie gebied. Die moontlikheid bestaan dat nog meer werke opgespoor kan word. Tog kan hierdie studie as 'n basis vir enige verdere navorsing oor hierdie onderwerp dien.

Aangesien daar min inligting oor die lewe en werk van Willem Mathlener, Willem Zorgman, Guurt van der Tas, Gradus Wendt en Richard Behrens beskikbaar is, kan verdere navorsing oor die genoemde komponiste oorweeg word. Inligting oor die drie komponiste Oliver Karstel, Maarten Roode en Ulmont Schneider is ook baie beperk. Oor Chris Lamprecht, een van Suid-Afrika se belangrikste orrelkomponiste, is daar nog geen indringende studie onderneem nie.

Daar is eweneens ruimte vir kritiese navorsing, en die skryf van artikels, oor die *Feesbundel* en die bundel *Erediensmusiek*. Aangesien die grootste hoeveelheid werke in hierdie genre in genoemde twee bundels versamel is, sou dit die moeite werd wees om hierdie bundels in besonderhede te bespreek. Die navorser se navorsing het ook getoon dat daar heelwat ruimte is vir analise en bespreking van die beskikbare musiek, aangesien slegs die reeks *Liturgiese orrelmusiek* soms kriptiese beskrywings van die opgenome werke bevat.

Hierdie studie vul 'n leemte in die kennis van orrelmusiek in Suid-Afrika deurdat dit sekere inligting vir die eerste keer te boek gestel het. Dit is die navorser se wens dat hierdie studie nie slegs op akademiese vlak 'n bydrae tot die onderwerp sal lewer nie, maar dat dit ook die deursnee-orrelis se kennis van die beskikbare repertorium sal verbreed. Die primêre funksie van koraalgebaseerde orrelwerke is immers om, deur die uitvoering daarvan, 'n verdiepende rol in die erediens te speel.

HOOFSTUK 5

'n Katalogus van koraalgebaseerde Suid-Afrikaanse solo-orrelwerke

5.1 Inleiding en gebruiksaanwysings

Die doel van hierdie studie word in Hoofstuk 1 uiteengesit. Die karige inligting oor Suid-Afrikaanse orreliste en koraalgebaseerde komposisies deur Suid-Afrikaanse orrelkomponiste is genoem as motivering vir die uitvoer van die navorsing wat in hierdie verhandeling vervat is (kyk 1.2). Die voorafgaande vier hoofstukke sit hierdie navorsingsbevindinge uiteen.

Die doel van hierdie studie is drieledig (kyk 1.3). Die derde doelstelling is die saamstel, vir die eerste keer, van 'n omvattende katalogus van Suid-Afrikaanse koraalgebaseerde solo-orrelwerke (kyk 1.3(iii)). Die resultaat van hierdie aspek van die navorsing word in hierdie hoofstuk vervat. Soos reeds genoem is, lewer dié studie in hierdie opsig 'n unieke bydrae. Die navorsingsmetode wat gevolg is by die opstel van die katalogus, is in afdeling 1.5.2 en veral in afdeling 1.6.3.1 uiteengesit.

Die basiese uitleg (kyk 1.6.3.2) van dié katalogus van Suid-Afrikaanse koraalvoorspele is bygewerk, met gevolg die volgende gebruiksaanwysings:

- a) Komponiste is alfabeties volgens hul vanne gelys;
- b) 'n Komponis se naam, geboorte- en (waarskynlike) sterfdatum is aangedui ('n asterisk is by diegene wat in Hoofstuk 3 bespreek word, gevoeg);
- c) Komponiste se werke is tematies verdeel in gepubliseerde koraalvoorspele en ongepubliseerde koraalvoorspele;
- d) Die koraalvoorspele is in die spesifieke tematiese afdeling volgens titels alfabeties gelys;
- e) Titels is, so ver moontlik, gebruik soos deur die komponis op die bladmusiek aangedui; maar soms is titels (wat min inligting bied) deur die navorser uitgebrei met die titel van die betrokke koraalmelodie;

- f) In die geval waar die titel van die koraalvoorspele slegs die liednommer van die spesifieke sangbundel weergee, is die werke numeries gelys;
- g) Koraalvoorspele wat op psalmmelodieë gebaseer is, is nie onder 'n titel gelys nie, maar onder die psalmonummer;
- h) Alternatiewe titels van werke is in hakies aangedui;
- i) Besonderhede van gepubliseerde koraalvoorspele is onder die betrokke komponis se van in "Bronnelys: Musiekpartiture" gelys en sluit die datum van uitgawe en uitgewer in;
- j) Indien 'n werk in een van die volgende versamelbundels *18 koraalvoorspele, Erediensmusiek, Feesbundel, Liturgiese orrelmusiek ("LO"), Met hart en mond en hande!* of *Nuwe inleidings, harmonisasies, naspele en verwerkings vir die 'Liedboek van die Kerk'* (kyk "Bronnelys: Versamelbundels") verskyn het, is dit kursief aangedui;
- k) Verdere kursiefgedrukte teks kan onder die betrokke komponis se van in "Bronnelys: Musiekpartiture" nageslaan word;
- l) Die datums in die katalogus in hakies is die datum van komposisie; en
- m) Die aantal bladsye waaruit die koraalvoorspel bestaan (indien bekend) is aangedui.

Die liednommer is opgeneem soos die komponis dit op die partituur aangedui het en verwys na die betrokke sangbundel waaruit die komponis die koraalmelodie geneem het. By sommige van die werke was dit nie altyd moontlik om te bepaal na watter uitgawe van 'n sangbundel die komponis verwys nie. Sien Hoofstuk 3 vir meer inligting en in die "Bronnelys: Sangbundels" vir verdere verwysing.

Die volgende liedverwysings en "afkortings" is gebruik:

AMR – *Hymns Ancient and Modern: Revised edition* soos deur die Engelse Anglikaanse Kerk gebruik.

EG of EKG – *Evangelisches Kirchengesangbuch* soos deur die Duitse Evangelies-Lutherse Kerk gebruik.

Evangelisch Gezang – Willem Zorgman verwys hiermee na 'n Nederlandse sangbundels, maar die spesifieke bundel is onbekend.

Gesang – die evangeliese gesange, soos opgeneem in verskillende uitgawes en drukke van die sangbundel wat as “amptelike” *Psalm- en Gesangboek* in eredienste van die N.G. Kerk en die N.H. Kerk gebruik is voor die publikasie van die *Liedboek van die Kerk* in 2001

Halleluja – die sangbundel *Die Halleluja*

Lied – gesange en ander liedere opgeneem in die *Liedboek van die Kerk*, 2001

Psalm – verwys na die berymde psalms in twee bronne: (i) die psalms in die beryming van (hoofsaaklik) Totius, uit die “amptelike” *Psalm- en gesangboek* wat in eredienste van die NG Kerk, die NH Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika gebruik is, en (ii) die psalms in die beryming van (hoofsaaklik) T.T. Cloete, uit die *Liedboek van die Kerk*

Skrifberyming – verwys na die *Psalmboek* wat deur die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika sedert 2003 gebruik word.

SOM – *Sing onder mekaar*

Voorbeeld van 'n inskrywing:

Onder Jacobus Kloppers (5.33 in die katalogus)

16. Oh, come, all ye faithful (Kom alle getroues) – Drie verwerkings op Gesang 88 (1988) 7p. *Three Christmas hymns, LO 6*

Die titel van die komposisie is "Oh, come, all ye faithful". Die werk is ook onder die titel "Kom alle getroues" gepubliseer (of bekend) en bestaan uit drie verwerkings gebaseer op Gesang 88 soos in die *Psalm- en Gesangboek* van 1978, opgeneem is. Die werk is in 1988 gekomponeer en neem sewe bladsye op. Die eerste kursiefgedrukte teks verwys na besonderhede van die publikasie wat in die "Bronnelys: Musiekpartiture" onder die komponis se van nageslaan kan word. Die tweede kursiefgedrukte teks verwys na die versamelbundel *Liturgiese orrelmusiek Band 6* wat in die "Bronnelys: Versamelbundel" verskyn.

5.2 BABST, HANS (1934–2013)*

Gepubliseerde werke:

1. Jesus wat my liefhet, Heer – Koraalpartita op Gesang 200 (1988) 8p. LO 6
2. Middelpunt van ons verlange – Koraalpartita op Gesang 130 (1978) 9p. LO 3
3. My Verlosser aan die kruis – Koraalpartita op Gesang 123 (1980) 6p. LO 4
4. Ons dank U, Heer en bring U eer – Partita op Lied 288 (UNISA-
orrelsposium, 1996) 8p. *Feesbundel*
5. Psalm 1 – Fughetta op die eerste versreël (2002) 2p. *Nuwe inleidings,
harmonisasies, naspele en verwerkings vir die 'Liedboek van die Kerk'*
6. Psalm 84 – Hoe lieflik is U wonings, Heer (1988) 4p. LO 6
7. Psalm 130 – 4p. *Tien koraalvoorspele op Afrikaanse psalmmelodieë*
8. Psalm 134 – 6p. *Tien koraalvoorspele op Afrikaanse psalmmelodieë*
9. Psalm 135 – 5p. *Tien koraalvoorspele op Afrikaanse psalmmelodieë*
10. Psalm 136 – 4p. *Tien koraalvoorspele op Afrikaanse psalmmelodieë*
11. Psalm 137 – 3p. *Tien koraalvoorspele op Afrikaanse psalmmelodieë*
12. Psalm 138 – 6p. *Tien koraalvoorspele op Afrikaanse psalmmelodieë*
13. Psalm 143 – 3p. *Tien koraalvoorspele op Afrikaanse psalmmelodieë*
14. Psalm 148 – 2p. *Tien koraalvoorspele op Afrikaanse psalmmelodieë*
15. Psalm 149 – 5p. *Tien koraalvoorspele op Afrikaanse psalmmelodieë*
16. Psalm 150 – 4p. *Tien koraalvoorspele op Afrikaanse psalmmelodieë*

Ongepubliseerde werke:

17. Gesang 294 – (geskryf vir die inhuldiging van President F.W. de Klerk)
(1989) 2p.

5.3 BARNARD, NIEL (1974–)

Gepubliseerde werke:

1. Psalm 84 – 2p. *Feesbundel*
2. U, Christus, is my lewe – Lied 306 1p. *Feesbundel*

3. Ons bring aan U, Heer Jesus – Koraal, variasie en fuga op Lied 541 (2011)
4p. *Erediensmusiek*

5.4 BEHRENS, RICHARD (R.H.) (1925–)*

Ongepubliseerde werke:

1. Ach bleib mit deiner Gnade (Christus, der ist mein Leben) (Nr. 2) – EKG 208 (1980) 2p.
2. Ach bleib mit deiner Gnade (Nr. 98) – EG 206 (1986) 2p.
3. Ach, lieber Herre Jesu Christ (O Jesu Christ, meins Lebens Licht) Op. 149 (Nr. 30) (1981) 1p.
4. Alles ist an Gottes Segen (Nr. 22) – EKG 300 (1981) 2p.
5. Alles ist an Gottes Segen (Nr. 90) – EG 300 (1986) 2p.
6. All Morgen ist ganz frisch und neu Op. 336 (Nr. 26) (1981) 2p.
7. Auf meinen lieben Gott (Nr. 44) – EKG 289 2 verwerkings (1982) 2p.
8. Aus meines Herzens Grunde (Nr. 38) – EG 341 (1982) 1p.
9. Aus meines Herzens Grunde (Nr. 39) – EG 341 (1982) 1p.
10. Befiehl du deine Wege (Nr. 19) – EKG 294 (1981) 2p.
11. Bis hierher hat mich Gott gebracht (Nr. 63) – EG 236 (1983) 2p.
12. Christe, du bist der helle Tag (Nr. 101a 101b) – EG 354 (1987) 2p.
13. Das sollt ihr, Jesu Jünger (Lobet den Herrn und danket ihm) (Nr. 20) – EKG 159 (1981) 2p.
14. Der Heiland kam zu seiner Tauf (Ich dank dir schon) (Nr. 4) – EKG 153 (1980) 2p.
15. Der Mond ist aufgegangen (Nr. 14) – EKG 368 2p.
16. Der Tag bricht an und zeigt sich (Nr. 95) – EG 333 (1986) 2p.
17. Der Tag hat sich geneiget (Ich freue mich) (Nr. 102) – EG 357 (1987) 2p.
18. Die helle Sonn' leucht jetzt herfür (Nr. 6) – EKG 339 (1980) 2p.
19. Die güldne Sonne Op. 346 (Nr. 34) (1982) 2p.
20. Die Nacht ist kommen (Nr. 76) – EG 356 (1984) 2p.

21. Die Sonn' hat sich mit ihrem Glanz gewendet (Nr. 78a en 78b) – EG 362 (1985) 4p.
22. Dir, dir, Jehovah, will ich singen (Nr. 81) – EG 237 (1985) 2p.
23. Du Lebensbrot, Herr Jesu Christ (Nr. 63) – EG 415
24. Du meine Seele, singe (Nr. 15) – EKG 197 (1980) 2p.
25. Ermuntert euch, ihr Frommen (Nr. 86a en 86b) – EG 122 (1985) 2p.
26. Erschienen ist der herrlich' Tag (Nr. 97) – EG 80 (1986) 1p.
27. Fröhlich soll mein Herze springen (Nr. 49) – EG 27 (1982) 2 verwerkings 3p.
28. Geh aus, mein Herz, und suche Freud (Heut singt die liebe Christenheit) (Nr. 69) – EG 371 (1984) 2p.
29. Gott des Himmels und der Erden (Nr. 94) – EG 345 (1986) 2p.
30. Grosser Gott, wir loben dich (Nr. 62) (1983) 2p.
31. Heil'ger Geist, du Tröster mein (Nr. 73) – EG 101 (1984) 1p.
32. Herr Christ, der einig Gott's Sohn (Nr. 65) – EG 46 (1984) 2p.
33. Herr Gott, dich loben alle wir (Lobt Gott, den Herrn der Herrlichkeit) (Nr. 17) – EKG 115 (1981) 2p.
34. Herr Jesu Christ, dich zu uns wend (Nr. 105a en 105b) – EG 12 (1987) 4p.
35. Herr, wir stehen Hand in Hand (Nr. 46) – EG 426 (1982) 2p.
36. Herz und Herz vereint zusammen (Nr. 43) – EG 217 (1982) 1p.
37. Hinunter ist der Sonnenschein Op. 355 (Nr. 29) (1981) 2p.
38. Ich freu mich in dem Herrn (Nr. 12) – EKG 421 (1980) 2p.
39. Ich heb mein Augen sehnllich auf (Wenn wir in höchsten Nöten sein) (Nr. 45) – EG 191 (1982) 1p.
40. Ich singe dir mit Herz und Mund (Nun danket all) (Nr. 5) – EKG 230 (1980) 2p.
41. Ich steh an deiner Krippen hier (Nr. 64) – EG 28 (1983) 2p.
42. Ich steh in meines Herrn Hand (Wo Gott der Herr nicht bei uns halt) (Nr. 10) – EKG 306 (1980) 2p.
43. Ich weiss, mein Gott, dass all' mein Tun (Nr. 55) – EG 384 (1983) 2p.
44. Ich will dich lieben, meine Stärke (Nr. 47) – EG 254 (1982) 2p.
45. In dir ist Freude (Nr. 40) – EG 288 (1982) 2p.

46. Ist Gott für mich (Nr. 3) – EKG 250 (1980) 2p.
47. Jesu, meine Freude (Nr. 89) – EG 293 (1986) 4p.
48. Jesus ist kommen Op. 53 (Nr. 23) (1981) 2p.
49. Komm, o komm, du Geist des Lebens (Nr. 91) – EG 106 (1986) 1p.
50. Kommt und lasst uns Christum ehren (Nr. 50) – EG 29 (1982) 2p.
51. Liebster Jesu, wir sind hier (Nr. 83) – EG 127 (1985) 2p.
52. Lob Gott getrost mit Singen (Nr. 11) – EKG 205 (1980) 2p.
53. Lobe den Herren, den mächtigen König der Ehren Op. 234 (Nr. 51)
Choralpartita Variation 1 1p.
54. Lobe den Herren, den mächtigen König der Ehren Op. 234 (Nr. 52)
Choralpartita Variation 2 2p.
55. Lobe den Herren, den mächtigen König der Ehren Op. 234 (Nr. 53)
Choralpartita Variation 3 2p.
56. Lobe den Herren, den mächtigen König der Ehren Op. 234 (Nr. 54)
Choralpartita Variation 4 2p.
57. Lobe den Herren, den mächtigen König der Ehren Op. 234 (Nr. 32)
Choralpartita Variation 5 (1982) 2p.
58. Lobe den Herren, den mächtigen König der Ehren (Nr. 100) (1986) 2p.
59. Lobe den Herren, o meine Seele (Nr 13) – EKG 198 (1980) 2p.
60. Lobet den Herren alle, die ihn ehren Op. 347 (Nr. 25) (1981) 2p.
61. Lobt Gott den Herrn, ihr Heiden all (Nr. 8) – EKG 189 1p.
62. Lobt Gott, ihr Christen alle gleich (Nr. 87) – EG 21 (1985) 2p.
63. Mein schönste Zier Op. 358 (Nr. 7) (1980) 1p.
64. Mir nach, spricht Christus, unser Held (Nr. 104) – EG 256 (1987) 2p.
65. Morgenglanz der Ewigkeit (Nr. 93) – EG 349 (1986) 2p.
66. Nun danket all und bringet Ehr (Nr. 70) – Twee verwerkings op EG 231
(1984) 2p.
67. Nun danket all und bringet Ehr (Nr. 74) – EG 231 (1984) 2p.
68. Nun danket alle Gott I (Nr. 60) – EG 228 (1983) 2p.
69. Nun danket alle Gott II (Nr. 61) – EG 228 (1983) 2p.
70. Nun freut euch, lieben Christen g'mein (Nr. 82) – EG 239 (1985) 2p.

71. Nun jauchzt dem Herren, alle Welt Op. 187 (Nr. 37) (1982) 2p.
72. Nun lasst uns gehen und treten (Nr. 71) – EG 42 (1984) 2p.
73. Nun lasst uns Gott dem Herren (Nun lasst uns gehn und treten) Op. 227 (Nr. 18) (1981) 2p.
74. Nun lasst uns Gott dem Herren (Nr. 71) – EG 227 1p.
75. Nun lob, mein Seel', den Herren Nr. 77 – EG 188 (1985) 2p.
76. Nun preiset alle Gottes Barmherzigkeit Op. 380 (Nr. 36) (1982) 2p.
77. Nun ruhen alle Wälder (O Welt, ich muss dich lassen) Op. 361 (Nr. 9) (1980) 2p.
78. Nun singet und seid froh (Nr. 88a en 88b) – EG 26 (1985) 4p.
79. O Christe, Morgensterne (Nr. 96) – EG 340 (1986) 1p.
80. O dass ich tausend Zungen hätte Op. 238 (Nr. 16) (1981) 2p.
81. O dass ich tausend Zungen hätte (Nr. 41) – EG 238 (1982) 2p.
82. O dass ich tausend Zungen hätte (Nr. 85) – EG 238 (1985) 2p.
83. O gläubig Herz, gebenedei (Nr. 57) – EG 226 (1983) 2p.
84. O Gott, du frommer Gott Op. 383 (Nr. 35) (1982) 2p.
85. O Jesu Christe, wahres Licht (Nr. 103a en 103b) – EG 50 (1987) 4p.
86. Sei Lob und Ehr dem höchsten Gut Op. 233 (Nr. 33) (1982) 2p.
87. So nimm denn meine Hände (Nr. 67) – EG 450 (1984) 2p.
88. So nimm denn meine Hände (Nr. 68) – EG 450 (1984) 2p.
89. Sonne der Gerechtigkeit Op. 218 (Nr. 27) (1981) 2p.
90. Steht auf, ihr lieben Kinderlein Op. 338 (Nr. 1) (1980) 1p.
91. Straf mich nicht in deinem Zorn (Nr. 75) – EG 176 (1984) 2p.
92. Valet will ich dir geben (Nr. 86a en 86b) – EG 318
93. Von Gott will ich nicht lassen (Nr. 79) – EG 283 (1984) 2p.
94. Wach auf, mein Herz, und singe (Nun lasst uns Gott, dem Herren) (Nr. 72) – EG 348 (1984) 2p.
95. "Wachet auf", ruft uns die Stimme (Nr. 56) – EG 121 (1983) 2p.
96. Warum sollt ich mich denn grämen Op. 297 (Nr. 24) (1981) 2p.
97. Was Gott tut, das ist wohlgetan Op. 299 (Nr. 28) (1981) 2p.
98. Was mein Gott will, das gescheh allzeit (Nr. 59) – EG 280 (1983) 2p.

99. Werde munter, mein Gemüte (Nr. 48) – EG 360 (1982) 2p.
100. Wer nur den lieben Gott lässt walten (Nr. 66) – EG 298 (1984) 2p.
101. Wie gross ist des Allmächt'gen Güte (Nr. 58) – EG 430 (1983) 2p.
102. Wie schön leuchtet der Morgenstern Op. 48 (Nr. 31) (1982) 2p.
103. Wie soll ich dich empfangen (Nr. 80) – EG 10 (1984) 2p.
104. Wir danken dir, Herr Jesu Christ Op. 59 (Nr. 21) (1981) 2p.
105. Wir danken dir, Herr Jesu Christ (Nr. 99a en 99b) – EG 59 (1986) 2p.
106. Wohl denen, die da wandeln (Nr. 92) – EG 190 (1986) 1p.
107. Womit soll ich dich wohl loben (Siegesfürste, Ehrenkönig) (Nr. 106) – EG 428 (1987) 2p.
108. Wunderbarer König (Nr. 84) – EG 235 (1985) 2p.
109. Zeuch ein zu deinen Toren (Nr. 42) – EG 105 (1982) 2 vewerkings 2p.

5.5 BRITS, DALENE (1948–)

Gepubliseerde werke:

1. Die Here Jesus lewe – Lied 421 (2011) 4p. *Erediensmusiek*
2. Helder skyn u lig vir die nasies – Lied 488 2p. *Feesbundel*
3. Psalm 90 – Partita 3p. *Feesbundel*
4. Want so lief het God die wêreld gehad – Lied 329 2p. *Feesbundel*

Ongepubliseerde werke:

5. Alle volke, klap julle hande – Lied 547 4p.
6. God roep ons om met woord en daad – Lied 524 4p.
7. Hoed my as ek my gaan neerlê – Lied 565 5p.
8. Laat, Heer, u seën op hul daal – Lied 286 4p.
9. Psalm 89 2p.

5.6 BROUWER, BABS (1938–)*

Gepubliseerde werke:

1. Aan die Vader dank en ere – Lied 453 4p. *Boek 10*
2. Alles, alles is genade – Lied 244 10p. *Boek 3*
3. Bly by my, Heer – Lied 582 5p. *Boek 9*
4. Bring lof aan die Vader – Lied 205 4p. *Boek 8*
5. Daar klink 'n lied – Lied 420 4p. *Boek 3*
6. Dag van verlossing! – Lied 328 3p. *Boek 6*
7. Dank, dank die Heer – Lied 529 4p. *Boek 8*
8. Die Heiland is gebore – Lied 335 8p. *Boek 7*
9. Die Heiland sterf; die dag word duister – Lied 383 3p. *Boek 3*
10. Die Here Jesus leef – Lied 421 3p. *Boek 3*
11. Die Here salf ons met sy Gees – Lied 440 2p. *Boek 4*
12. Dié met helderwitte klere – Lied 597 5p. *Boek 10*
13. Die wat die Here wil dien – Lied 601 3p. *Boek 10*
14. Die werk behoort aan U, ons Heer – Lied 527 7p. *Boek 10*
15. Dit is die dag, die Heer se dag! – Lied 408 3p. *Boek 10*
16. Ek sien 'n nuwe hemel kom – Lied 602 3p. *Boek 9*
17. Gees van God kom woon in my – Lied 442 4p. *Boek 4*
18. Gees van God, o Gees van lewe – Lied 438 3p. *Boek 4*
19. Genade onuitspreeklik groot – Lied 510 4p. *Boek 1*
20. God, enkel lig – Lied 238 3p. *Boek 1*
21. God is hier teenwoordig – Lied 159 3p. *Boek 10*
22. God roep ons... – Lied 524 5p. *Boek 8*
23. Gods wet vra al ons liefde – Lied 250 3p. *Boek 8*
24. Heer Jesus klein – Lied 375 3p. *Boek 7*
25. Heiland, as in ootmoed stil – Lied 240 5p. *Boek 10*
26. Hemelse Vader, ons bring U eer – Lied 451 5p. *Boek 10*
27. Herders op die ope velde – Lied 364 2p. *Boek 6*
28. Here Jesus, ons is saam – Lied 157 5p. *Boek 8*
29. Herskep, o Gees, laat leef, o Gees – Lied 436 3p. *Boek 4*
30. Hoor die blye eng'lelied – Lied 365 4p. *Boek 6*
31. Hoor hoe die Seun van God bespot word – Lied 382 4p. *Boek 3*

32. Hoor jy die Paasfeesklokke? – Lied 409 3p. *Boek 3*
33. I'll walk beside you (Neem hul hande) – Lied 537 2p. *Boek 9*
34. Jesus Christus, Lam van God – Lied 379 3p. *Boek 3*
35. Jesus, o dink aan my – Lied 384 4p. *Boek 3*
36. Jesus roep die kindertjies – Lied 294 5p. *Boek 9*
37. Jesus, Rots vir my geslaan – Lied 239 3p. *Boek 10*
38. Joy to the world – Medley 4p. *Boek 6*
39. Kom alle getroues – Lied 345 6p. *Boek 7*
40. Kom kinders – Lied 349 3p. *Boek 6*
41. Kom kyk! Kom kyk! – Lied 444 2p. *Boek 4*
42. Kom ons loof die Jesuskind – Lied 340 7p. *Boek 7*
43. Keer terug en kom na My – Lied 482 3p. *Boek 10*
44. Kyk die Heer het opgestaan – Lied 422 6p. *Boek 3*
45. Laat, Heer, U seën op hul daal – Lied 268 1p. *Boek 9*
46. Laat my met U verenig lewe – Lied 273 3p. *Boek 1*
47. Leer ons om in eie oë – Lied 276 5p. *Boek 2*
48. Lei ons Here, groot en magtig – Lied 281 6p. *Boek 8*
49. Lei U ons, Lig – Lied 511 2p. *Boek 9*
50. Loof die Here uit die hemel – Lied 199 4p. *Boek 2*
51. Met my hele hart – Lied 209 5p. *Boek 1*
52. My enigste troos – Lied 292 6p. *Boek 9*
53. My Verlosser aan die kruis – Lied 395 7p. *Boek 1*
54. My volk, Ek self het jou verwek – Lied 480 4p. *Boek 8*
55. Nader, my God, by U – Lied 512 2p. *Boek 9*
56. Neem my lewe, laat dit, Heer – Lied 308 5p. *Boek 2*
57. 'n Ster het in die ooste – Lied 374 3p. *Boek 7*
58. 'n Vaste burg is onse God – Lied 476 4p. *Boek 10*
59. O Heil'ge Gees, o God in ons – Lied 439 4p. *Boek 4*
60. O Heil'ge Gees, ons Heer – Meditasie op Lied 441 2p. *Boek 4*
61. O kon ek jubel, Hemelvader – Lied 196 5p. *Boek 2*
62. O wat 'n vreugde in ons harte – Lied 165 4p. *Boek 10*

63. Ons dank U, Heer – Lied 288 6p. *Boek 9*
64. Ons Here, God van alvermoë – Lied 531 5p. *Boek 10*
65. Ons loof U, Vader op die troon! – Lied 406 3p. *Boek 3*
66. Ontwaak, jy wat slaap – Lied 481 7p. *Boek 8*
67. Redder van ons lewe – Lied 371 4p. *Boek 7*
68. Praat ek mense-, eng'letale – Lied 530 3p. *Boek 8*
69. Psalm 8 5p. *Boek 5*
70. Psalm 9 5p. *Boek 5*
71. Psalm 25:4 – Heer, vergewe my my sonde 5p. *Boek 2*
72. Psalm 31 4p. *Boek 5*
73. Psalm 32 5p. *Boek 10*
74. Psalm 33 – Sing juigend 7p. *Boek 2*
75. Psalm 34 7p. *Boek 5*
76. Psalm 77/88 4p. *Boek 5*
77. Psalm 105 5p. *Boek 5*
78. Psalm 108/57 7p. *Boek 5*
79. Psalm 116 4p. *Boek 5*
80. Psalm 137 4p. *Boek 5*
81. Psalm 139 6p. *Boek 5*
82. Psalm 145 3p. *Boek 5*
83. Psalm 150 4p. *Boek 5*
84. Rus, my siel, jou God is Koning – Lied 580 4p. *Boek 9*
85. Skrifberyming 5-1 3p. *Boek 5*
86. Skrifberyming 8-1 4p. *Boek 5*
87. Soek in God jou sterkte – Lied 513 4p. *Boek 8*
88. Stille nag – Lied 348 3p. *Boek 6*
89. Troumars – Psalm 128 2p. *Boek 9*
90. Ure, dae, maande, jare – Lied 570 6p. *Boek 1*
91. U goedheid, Heer – Lied 200 6p. *Boek 1*
92. U het die brood gebreek – Lied 253 5p. *Boek 2*
93. Uit droë hout spruit lewe - Lied 323 3p. *Boek 7*

94. Vader, ons eer U – Lied 454 3p. *Boek 4*
95. Vader, Seun, Heil'ge Gees – Lied 450 2p. *Boek 4*
96. Verlosser, Redder, Heer en Hoof – Lied 217 5p. *Boek 1*
97. Vervul my hart met dankbaarheid – Lied 556 3p. *Boek 2*
98. Vervul, o Heer, my hart – Lied 391 3p. *Boek 3*
99. Voel jy soms of die Here te vér is – Lied 518 3p. *Boek 10*
100. Vreugdevolle tyding – Lied 258 5p. *Boek 1*
101. Want so lief het God die wêreld gehad – Lied 329 4p. *Boek 6*
102. Wees stil en weet – Lied 519 3p. *Boek 8*
103. Welkom, o stille nag van vrede – Lied 358 4p. *Boek 7*
104. Wyl herders by hul kudde wag – Lied 368 4p. *Boek 7*

5.7 CILLIÉ, GAWIE (G.G.) (1910–2000)

Gepubliseerde werke:

1. Bly by my, Heer – Koraalvariasies op Gesang 279 (1980) 2p. *LO 4*
2. Gods wet vra enkel liefde – Koraalvariasies op Gesang 262 (1980) 2p. *LO 5*
3. Jesus roep die kindertjies – Koraalvariasies op Gesang 203 (1980) 3p. *LO 5*
4. O Jesus, in U lyding kom seek ek troos – Koraalvariasies op Gesang 242 (1978) 4p. *LO 3*

5.8 CONRADIE, ERNS (1941–)

Gepubliseerde werk:

1. Tokkate op Gesang 10 (1998) 2p. *Met hart en mond en hande!*

5.9 COULTER, JOHN REID (1958–)

Gepubliseerde werke:

1. Grote God, aan U die eer! – Lied 190 (1987) 4p. *Koraalvoorspele*
2. Psalm 18 (1978) 2p. *Koraalvoorspele*

3. Psalm 21 (1979) 1p. *Koraalvoorspele*
4. Psalm 24 (1978) 2p. *Koraalvoorspele*
5. Psalm 45 (1978) 1p. *Koraalvoorspele*
6. Psalm 47 (1978) 2p. *Koraalvoorspele*
7. Psalm 75 2p. *Koraalvoorspele*
8. Psalm 86 (1978) 2p. *Koraalvoorspele*
9. Psalm 145 (1978) 3p. *Koraalvoorspele*
10. Stille nag – Lied 348 (1980) 2p. *Koraalvoorspele*

5.10 CRUICKSHANK, ANDREW (1973–)

Gepubliseerde werk:

1. Hoed my as ek my gaan neerlê – Lied 565 2p. *Feesbundel*

5.11 DE VILLIERS, DIRKIE (D.I.C). (1921–1993)

Gepubliseerde werk:

1. Heilig, heilig, heilig, Heer, God almagtig – Koraalvoorspel op Gesang 6 (1978) 3p. *LO 3*

5.12 DE VILLIERS, PIETER KUYPER DE VOS (1874–1949)*

Gepubliseerde werke:

1. Cantilène Aurelia – 7p. (Die werk is in sy studentejare gekomponeer as Cantilène Nuptiale)
2. Chorale with Variations for organ – Gesang 62 8p.

Ongepubliseerde werk:

3. Postludium op wysie van Gesang 96

5.13 DE VILLIERS, WYNAND GIDEON (1981–)

Gepubliseerde werke:

1. Aan die tafel met die Paasmaal – Lied 399 (2011) 4p. *Erediensmusiek*
2. Ek glo vas in God, die Vader – Lied 260 (2011) 5p. *Erediensmusiek*
3. Laat, Heer, u vrede deur my vloei – Lied 284 (2011) 2p. *Erediensmusiek*

Ongepubliseerde werke:

4. Bly by my, Heer – Drie variasies op Lied 582 4p.
5. Psalm 116 2p.
6. Soos 'n wildsbok – Twee variasies op Lied 163 2p.

5.14 DE VRIES, GERARD (1912–1972)

Ongepubliseerde werk:

1. Christmas Voluntary founded on two carols 4p.

5.15 DRIESSEN, MARTHIE (M.F.) (1934–)*

Gepubliseerde werke:

1. Loof die Here, al wat lewe - Lied 203 2p. *Feesbundel*
2. Ons kom vier U maaltyd, Vader – Lied 301 (2011) 1p. *Erediensmusiek*
3. U het die brood gebreek – Lied 253 (2011) 1p. *Erediensmusiek*

Opgepubliseerde werke:

4. As ons in hoogste nood verkeer – Koraalvariasie nr. 1 op Gesang 284 1p.
5. As ons in hoogste nood verkeer – Koraalvariasie nr. 2 op Gesang 284 1p.
6. Die Heer is God, en niemand meer – Gesang 2
7. Drie-enig' God, ons wil U eer – Gesang 3
8. Ek sien 'n nuwe hemel kom – Gesang 177

9. Ek wil graag by my Vader wees, verlos van alle aardse vrees – Orrelfantasie op Gesang 288 5p.
10. Gees van God, o Gees van lewe – Gesang 211
11. God is hier teenwoordig; laat ons biddend nader – Gesang 311 1p.
12. Gods daade is volmaak en goed – Gesang 70 1p.
13. Heilig, heilig, heilig, Heer, God almagtig – Gesang 6
14. Here Jesus, ons is saam – Gesang 314
15. Jesus, bron van al my vreugde – Gesang 201 2p.
16. Jesus Christus, Heiland, Heer, man van smart en lyding – Gesang 116
17. Jesus, dit wat U moes ly, bly in my gedagte – Gesang 115 1p.
18. Jesus neem die kleine kinders deur sy Gees in liefde aan – Gesang 188
19. Jesus, U is my verblyding – Gesang 328
20. 'k Sal my aan U wy, o Here – Gesang 331
21. Kom, dank nou almal God – Gesang 5
22. Liewe Jesus, sien ons saam hier op u bevel vergader – Gesang 314
23. O Christus, ek het in u lyding die prys wat liefde vra, gesien – Gesang 121 1p.
24. Ons Vader in die hemel hoog, tot wie ons ophef hart en oog – Koraalvoorspel nr. 1 op Gesang 293 2p.
25. Ons Vader in die hemel hoog, tot wie ons ophef hart en oog – Koraalvoorspel nr. 2 op Gesang 293 2p.
26. Ná worsteling, ná kruisiging, word Jesus, my bevryder – Gesang 126 1p.
27. Rus, my siel, jou God is Koning – Gesang 292 1p.
28. Psalm 42 – Soos 'n hert in dorre streke skreeuend dors na die genot
29. Psalm 45 – My hart, ontroer deur mymering, sal lieflik van 'n Koning sing 1p.
30. Psalm 66 – Juig, aarde, juig met blye galme 2p.
31. Psalm 121 – Ek hef my oë bergwaarts heen
32. Psalm 134 – O priesters, wat voor God bly staan 1p.
33. Psalm 146 – Prys die Heer met blye galme 2p.
34. Psalm 150 – Loof God, loof sy Naam alom!
35. Verbly jul in die Here – Lied 183

36. Vervul, o Heer, my hart met stille wyding – Gesang 120
37. Wie op die Heer vertrou in lyding – Gesang 39 2p.

5.16 DURANDT, VERNA (1934–2008)

Ongepubliseerde werke:

1. AMAZING GRACE 1p.
2. CRIMOND – Gesang 177 1p.
3. Gaan my nie verby, o Heiland (Pass me not o gentle Saviour) – Halleluja 285 1p.
4. God is Liefde – Gesang 74 1p.
5. Jubilate (Jesus neem die kleine kinders) – Gesang 188 2p.
6. Nader, my God, by U (Nearer, my God to Thee) – Halleluja 290 1p.
7. Praise, my soul – Gesang 62
8. Veilig in Jesus arms (Safe in the arms of Jesus) – Halleluja 341
9. Vree, volle vree (Peace! Perfect Peace!) – Halleluja 60 1p.
10. Wat 'n vriend het ons in Jesus (What a Friend we have in Jesus) – Halleluja 444 1p.

5.17 EIGNER-VAN DER WESTHUIZEN, HESTER (1969–)*

Gepubliseerde werke:

1. Dankie vir U goedheid, Heer – Lied 200 1p. *Musica Grata Deo, Klein-orrel-koraal-juweeltjies*
2. Gods wet vra al ons liefde – Lied 250 1p. *Musica Grata Deo*
3. Heer, met my hele hart – Lied 209 2p. *Feesbundel*
4. Is dit, is dít my Koning – Lied 389 4p. *Musica Grata Deo, Erediensmusiek*
5. Jesus, Rots vir my geslaan – Lied 239 2p. *Musica Grata Deo*
6. Kom, alle getroues – Lied 345 2p. *Musica Grata Deo*
7. Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem – Lied 349 3p. *Musica Grata Deo*

8. Laat my met U verenig lewe – Lied 273 5p. *Musica Grata Deo, Klein-orrel-koraal-juweeltjies*
9. Lofsing die Here – Lied 184 2p. *Musica Grata Deo*
10. Loof die Here, al wat lewe – Lied 203 2p. *Musica Grata Deo*
11. Middelpunt van ons verlange – Lied 393 6p. *Musica Grata Deo*
12. My Verlosser aan die kruis – Lied 395 2p. *Musica Grata Deo*
13. O die goeie tyding – Lied 344 3p. *Musica Grata Deo*
14. O Jesus, laat my nooit vergeet – Lied 585 1p. *Musica Grata Deo*
15. Ons wil U ook prys – Lied 359 1p. *Musica Grata Deo*
16. Ontwaak, jy wat slaap – Lied 481 2p. *Musica Grata Deo*
17. Psalm 68 – O God, wat red 3p. *Musica Grata Deo*
18. Psalm 116 – God het ek lief 1p. *Musica Grata Deo, Feesbundel*
19. Psalm 134 – Laat, Heer, U seën op hul daal 2pp *Musica Grata Deo*

Ongepubliseerde werk:

20. Welkom o stille nag vrede – Lied 358 2p.

5.18 ELS, ANTON (1959–)

Ongepubliseerde werk:

1. Psalm 121 – Variasies op 'n melodie van Bourgeois (1985) 5p.

5.19 ELS, GIDEON (1969–)

Gepubliseerde werk:

1. Die vreugdelied wat engele sing – Lied 366 4p. *Feesbundel*

5.20 ELSENAAR, JAN (1967–)

Gepubliseerde werke:

1. Groot is Uw trouw, o Heer 4p. *Koraalbewerkingen voor Orgel*

2. O Jesus, ons Heer, U het ons verbly (O kindeke klein) – Melodieverwerking (Melodiebewerking) 4p. *Musiek vir Kersfees/Kerstbundel*
3. Op bergen en in dalen (2012) 12p.
4. Psalm 86:3 – Meditasie 4p. *Koraalbewerkingen Deel 2*
5. Psalm 116:10 – Trompet-Tune 7p. *Koraalbewerkingen Deel 2*
6. Psalm 121 – Die Heer sal jou bly gadeslaan 5p. *Koraalbewerkingen voor Orgel*
